

## HOOFTUK 1

### ALGEMENE INLEIDING EN UITEENSETTING VAN DIE STUDIE

#### 1.1 Inleiding

Die gesin is vir 'n kind 'n belangrike bron van sekuriteit. Alhoewel kinders in die middelkinderjare baie meer tyd weg van die huis af spandeer as toe hul jonger was, bly die huis volgens Louw, van Ede en Ferns (1998:366) steeds die plek wat die meeste sekuriteit bied en sy gesin, die spil waarom die kind se bestaan draai. Die gesin vervul dus in die normale behoeftes wat die kind in die middelkinderjare op die fisiese-, emosionele-, kognitiewe- en psigiese vlak het.

Juis vanweë bogenoemde argument kan daar verstaan word waarom die wetlike beeïndiging van 'n huwelik deur egskeiding tydens hierdie lewensfase vir die kind so 'n traumatische gebeurtenis blyk te wees. Beskikbare navorsingsresultate rakende kinders van wie die ouers geskei is, is dit almal eens dat egskeiding 'n ontwikkelingskrisis is (Zwartz 1999:95). Verskeie outeurs steun hierdie argument. Whiteman (2001:7) skryf soos volg:

" Divorce hurts. I have talked with thousands of men and women who have gone through divorce, and I've perceived their deep wounds...The same is true for children of divorce. Often they suffer more than their parents do. Their lives are torn apart and they're not sure why. They're flooded with emotions they don't understand....It's tough to be a kid when your parents split up..."

Tydens die egskeidingsproses word die kind in sy middelkinderjare met bepaalde verliese en vrese gekonfronteer. Die kind se hartseer en lyding word dikwels vererger deur sowel realistiese as onrealistiese vrese, wat op hul beurt vererger

word deur verlies van die nie-toesighoudende ouer en die verbrokkeling van die beskermende familie-struktuur (Zwartz 1999:97). Daar is dus 'n verlies aan die ouerskap-eenheid as 'n beskermende entiteit en emosionele subsisteem wat ouer-kindverhoudings beïnvloed (vergelyk Tiemann, Danto en Gullo 1992:86).

Vanuit die literatuur is dit duidelik dat daar baie geskryf en gedoen is om die ouers deur hierdie krisis by te staan (vergelyk Whiteman 2001:7). Dieselfde kan egter nie oor die kind en sy ervaring van die egskeidingsproses en aanpassings daarna gesê word nie. Daar bestaan volgens Read (2002:1) tans geen struktuur in die regstelsel of maatskaplike bedeling wat ouers, wat hul huwelike laat ontbind, aanmoedig of verplig om aandag te gee aan die effek wat die egskeiding op hul kinders kan hê nie. Dit is daarom kommerwekkend dat kinders blootgestel word aan trauma wat hul ingrypend raak en dat hul nood geïgnoreer word (vergelyk Neuman 1998:6). Literatuur in hiérdie verband blyk dan ook minder volop te wees en laat dus 'n leemte in die praktyk.

Deur middel van hierdie navorsing is daar spesifiek gefokus op die verlieservarings, gevoelens en gedragsreaksies wat die kind in die middelkinderjare na die afhandeling van die wetlike aspekte van die egskeidingsproses ervaar en hoedat die terapeut, die kind sinvol deur die trauma kan begelei. Spelterapie binne die teoretiese raamwerk van die gestaltbenadering, is hiervoor benut.

## **1.2 Motivering en begronding vir die keuse van die onderwerp**

Egskeiding en die gevolge wat dit veral op die kind van vandag het, is 'n wrede werklikheid waarmee elke kinderterapeut al hoe meer mee te doen kry. Dit is ook 'n prominente verskynsel wat al hoe meer kinders raak.

Huwelike staan vandag 'n groter kans as ooit tevore om vanweë 'n magdom aanleidende faktore in die skeihof te eindig. Dit laat die kind daarby betrokke in 'n

onbenydenswaardige posisie. Volgens Neuman (1998:15) het navorsing in Amerika getoon dat gedurende die jare sestigs, 90% van alle kinders grootgeword het in 'n huis waar beide ouers gewoon het. Huidig eindig nagenoeg 40-50% van alle eerste huwelike in egskeiding wat tot gevolg het dat bykans meer as een miljoen kinders jaarliks geraak word deur die verlies, gepaardgaande met egskeiding.

Volgens Statistiek Suid-Afrika verskil die situasie hier in ons eie land nie veel van hierdie donker prentjie nie (vergelyk 2.2). Daar is 'n definitiewe toename in die aantal egskeidings en dit is duidelik dat kinders reeds van 'n vroeë ouerdom aan die trauma van egskeiding, blootgestel word. Egskeiding is dus 'n prominente verskynsel in ons Suid-Afrikaanse samelewing, wat duisende kinders raak.

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling het daarom met die oog op die Internasionale Jaar van die Familie 2004, verskeie taakgroepes geïdentifiseer om die verskillende veranderlikes wat stremmend en negatief inwerk op die familie, aan te spreek. Egskeiding is dan ook met reg, as een so 'n veranderlike deur hul geïdentifiseer wat dan die aard en omvang daarvan impliseer.

Daar bestaan dus geen twyfel dat kinders wat pyn, angs en ontwrigting betref, die mees kwesbare persone tydens die egskeidingsproses is nie. Hierdie aanpassings word dikwels tot in hul volwasse lewe ervaar. Die ontnugtering, woede en vrees werk vormend in op hul ontwikkeling en beïnvloed hul latere keuse van lewensmaat, ouerskapstijl en interaksiepatrone (Everett 1989:1). Na 'n studie deur Judith Wallerstein in Whiteman (2001:8) het sy bevind dat egskeiding kinders emosioneel vernietig. Hul dra nog vir baie jare daarna, die gevolge van wat met hulle in hul kinderjare gebeur het.

Hieruit lei die navorsing af dat kinders veral op emosionele vlak swaar gebuk gaan onder die las van 'n egskeiding. (Vergelyk ook Whiteman 2001:59; Neuman

1998:33-39 en Hart 1982:66.) Dit is dan ook bekend dat die kind in die middelkinderjare op kognitiewe, fisieke, sosiale en emosionele vlak heelwat ontwikkel wat meebring dat hul uiters weerloos en beïnvloedbaar gedurende hierdie lewensfase is (vergelyk Sharman, Cross en Vennis 2000:2-24, 137-140). Die emosionele eise wat 'n egskeidingsmeebring kan daarom vir die kind in hierdie fase, traumatisiese gevolge hê.

Die navorser het in haar privaatpraktyk die afgelope twaalf maande die tendens ondervind dat al hoe meer kinders tussen die ouerdomme ses en twaalf jaar van wie die ouers reeds geskei is, vir spelterapie verwys word. Tydens terapeutiese kontak met die kind het die navorser tot die gevolg trekking gekom dat die middelkinderjare kind vanweë sy vlak van kognitiewe en emosionele ontwikkeling veral probleme ervaar om die egskeidingsproses te verstaan en te verwerk. (Vergelyk ook Whiteman 2001:25-38; Hart 1982:29 en Neuman 1998:129-133, 143-151.)

Vanuit die gestaltteoretiese raamwerk is daar gepoog om omgewingsteun meer spesifiek na persoonlike steun te verskuif, sodat die kind in homself sterker gemaak word en oplossings vir sy krisis in homself vind.

### **1.3 Formulering van die navorsingsprobleem**

Volgens Mouton (2002:91) en Fouché (2002a:104-106) word twee sleuteltake beklemtoon in die formulering van die navorsingsprobleem en ondersoekvrae, naamlik die:

- spesifisering van die eenheid van ontleding ,
- verduideliking van die doel of oogmerk van die studie.

Hierdie studie is gerig deur die uitgangspunt dat kinders na 'n egskeidingssituasie dit nodig het om deur kundiges begelei te word, om die verlies wat hul vanweë die egskeidingssituasie beleef, te hanteer en te verwerk.

Die navorsingsprobleem wat vir hierdie studie geïdentifiseer is, is die gebrek aan 'n riglyn binne die gestaltteoretiese raamwerk waarmee spelterapeute egskeidingsverlies by kinders in die middelkinderjare sinvol kan hanteer.

## 1.4 Doel van studie

In die lig van die navorsingsprobleem, is die volgende doelstelling en doelwitte vir hierdie studie, geformuleer.

### 1.4.1 Doelstelling

Die daarstelling van 'n riglyn aan gestaltspelterapeute vir die hantering van egskeidingsverlies in die middelkinderjare.

### 1.4.2 Doelwitte

Die volgende doelwitte het uit bogenoemde doelstelling voortgevloei naamlik om:

\* **Eerstens** gedurende die eerste gedeelte van die trianguleringsproses met behulp van 'n literatuurstudie op drie sentrale temas te fokus, te wete die verkenning en beskrywing van die :

- omvang van verlieservaring deur egskeiding by die kind in die middelkinderjare
- totale ontwikkelingsvlak van die kind in die middelkinderjare
- benuttingswaarde van speltherapie binne die gestaltteoretiese raamwerk asook die toepassingsmoontlikhede van gestaltspelterapie by die kind in 'n egskeidingssituasie.

\* **Tweedens** die trianguleringsproses voort te sit en verdere inligting in te samel deur middel van 'n empiriese ondersoek met behulp van semi-gestrukteerde onderhoudvoering met ouers as respondent, asook waarneming van twee gevallestudies.

\* **Derdens** 'n geskrewe riglyn vanuit die gestaltbenadering, wat egskeidingsverlies by die kind in die middelkinderjare sal aanspreek, vanuit die drie genoemde inligtingsbronne saam te stel.

## 1.5 Navorsingsvraag vir die studie

Die navorser, geïnspireer deur belangstelling, idees of teorie moet volgens Fouché (2002c:100-103) en Zaaiman (2003:13) vrae kan beantwoord wat uit die navorsingsprobleem spruit. Die navorser moet daarom deeglike gefundeerde besluite neem om te verseker dat die navorsingsantwoorde op bepaalde vrae aanvaarbaar sal wees vir die wetenskaplike gemeenskap. Volgens Blaikie (2000:60-61) word navorsingsvrae in drie kategorieë verdeel, naamlik: *wat*, *hoe*- en *waar*-vrae. **Wat**-vrae sal daarom ‘n beskrywende, verkennende of ‘n evaluerende antwoord te weeg bring.

Die volgende navorsingsvraag het hierdie ondersoek geleid:

Op watter wyse kan spelterapeutiese tegnieke vanuit die gestaltteoretiese raamwerk, benut word vir die daarstelling van ‘n spesifieke riglyn vir die hantering van egskeidingsverlies by die kind in die middelkinderjare?

## 1.6 Navorsingsmetodologie

### 1.6.1 Soort navorsing

Navorsing het ‘n verkennende en beskrywende funksie wanneer die navorser, vrae vra soos: *Watter* en *Wat* (Hart 1998:47; Blaikie 2000:60-61 en Fouché 2002a:109). In die lig van die doelstelling en doelwitte wat vir hierdie studie geïdentifiseer is, is dit duidelik dat toegepaste navorsing met ‘n verkennende en beskrywende aard, benut is.

Toegepaste navorsing is volgens Bloom en Fisher (1982:56) die oorspronklike ondersoekwerk wat verrig word om wetenskaplike en tegnologiese kennis met praktiese benutting as uitsluitlike oogmerk te vermeerder. Daar word gepoog om oplossings en aanbevelings te bied vir ‘n probleem wat deur ‘n spesifieke groep

individue in 'n situasie, ervaar word. Die doel is daarom om teoretiese insigte te neem en toe te pas in werklike situasies (Hart 1998:46). Toegepaste navorsing het dus ten doel om bestaande kennis te eksplorieer ten einde nuwe kennis te bekom.

Die *verkennende* aard van die navorsing is uitgeoefen deur die omvang van die verlieservarings vanweë egskeiding by die kind in die middelkinderjare, te verken. Die benuttingswaarde en toepassingsmoontlikhede van gestaltpelterapie tydens terapie aan dié kind, is ook verder verken. Die *beskrywende* aard van die studie is uitgeoefen deur die samestelling van 'n riglyn aan gestaltpelterapeute om verlieservaring deur egskeiding by die kind in die middelkinderjare te hanteer ten einde mee te bring dat die kind:

- se bewussynsvlakke verhoog
- meer geïntegreerd funksioneer
- meer selfondersteunend word.

### **1.6.2 Navorsingsbenadering en -strategie**

Vanuit die keuse van die navorsingstradisie vloei die bepaalde navorsingsbenadering wat gevolg gaan word. Die fenomenologiese tradisie volg 'n kwalitatiewe benadering. Volgens Fouché (2002b:276) poog hierdie benadering nie om sosiale verskynsels te verklaar nie, maar wil dit veel eerder beskryf. Dit wil dus nie aandui waarom sosiale verskynsels voorkom nie, maar poog eerder om die aard van die sosiale verskynsel te verduidelik.

Vir die doeleindeste van hierdie studie is daar van *kwalitatiewe* navorsing gebruik gemaak. (Vergelyk Fouché 2002a:104-106 en Fouché 2002b:272.) Kwalitatiewe navorsing word deur Sherman en Reid (1994:1) gedefinieer as 'n prosedure waartydens beskrywende data deur ongestructureerde metodes verkry word, deur gesproke of geskrewe woorde of deur gedrag wat observeer word. Kwalitatiewe navorsing se primêre doelwit is om die sosiale lewe en die betekenis wat mense aan die alledaagse lewe heg, te begryp. Die kwalitatiewe

navorser poog dus om gebeure binne 'n bepaarde konteks te begryp (Schurink 1998a:241).

Daar is gepoog om beide ouers en kinders as respondentie se belewenisse en persepsies, na vore te bring. Deur middel van die proses van interaksie tussen waarnemer en respondent, word die respondent se leefwêreld ontdek en deur middel van kwalitatiewe metodes geïnterpreteer (Fouché 2002b:273 en Strydom 2002a:279). Die fokus was dus eerder op begrip, as verklarings en natuurlike waarneming, eerder as gekontroleerde meting.

Vir die doeleindes van hierdie navorsing is gevallestudies as ontwerp vir die kwalitatiewe navorsing, benut. 'n Gevallestudie is 'n grondige ondersoek van 'n spesifieke geval en aldus Fouché (2002b:272) moet die navorsingsprobleem duidelik gekonseptualiseer word.

## **1.7. Navorsingsprosedure en werkswyse**

Binne gevallestudies as navorsingstrategie van die kwalitatiewe navorsing, is dit volgens Fouché (2002b:275) nodig dat die konteks deeglik beskryf word, dat verskillende inligtinginsamelingsmetodes benut word en 'n paslike ontledingstrategie gevolg word.

### **1.7.1 Inligtinginsameling**

Daar bestaan volgens Schurink (1998b:261) geen vaste resep wat die metode en wyse voorskryf waarvolgens data vanuit die kwalitatiewe perspektief ingesamel behoort te word nie. Die enigste vereiste is dat die respondentie sistematies oor 'n tydsperiode waargeneem word.

Die inligtinginsamelingstegniek volgens gevallestudies as navorsingstrategie, het tydens die verloop van hierdie studie deur middel van triangulering geskied. Triangulering is volgens Mouton en Marais (1992:92), asook De Vos (2002b:365)

die insluiting van meerder data-insamelingsmetodes wat die geldigheid van die waarneming verhoog en het om dié rede, vir die navorser heelwat voordele ingehou. (Vergelyk ook De Vos 2002a:342.) Vir die doeleindes van hierdie studie het triangulering deur middel van literatuurstudie, semi-gestruktureerde onderhoude met ouers as respondenten en waarneming van gevallenstudies, geskied.

#### **1.7.1.1 Literatuurstudie**

Alhoewel die bestudering van literatuur 'n gegewe komponent binne navorsing is, het die bestudering van literatuur gedurende hierdie ondersoek, die grondslag gevorm waarop alle daaropvolgende data ingesamel is. Drie sentrale temas is in 'n literatuurstudie verken en beskryf, te wete die:

- omvang van verliesbelewenisse deur egskeiding by die kind in die middelkinderjare
- toepassingsmoontlikhede van gestaltpeliterapie tydens hantering van die kind in die middelkinderjare wie verliese deur egskeiding beleef
- benuttingswaarde van gestaltpeliterapie in 'n riglyn aan gestaltpeliterapeute vir hantering van egskeidingsverlies by die kind in die middelkinderjare.

#### **1.7.1.2 Semi-gestruktureerde onderhoudvoering**

Onderhoudvoering word deur Greeff (2002:292) beskou as 'n effektiewe inligtinginsamelingstegniek vir kwalitatiewe navorsing. Vir die doeleindes van hierdie studie is daar onderskei tussen onderhoudvoering met beide toesighoudende- en nie-toesighoudende ouers.

Die teikenpopulasie was reeds geskeide ouers woonagtig in die Helderberg-Kom, van wie die kinders in die middelkinderjare is. Hierdie ouers is deur middel van 'n doelgerigte steekproefneming, vanuit die navorser se privaatpraktyk geselekteer. Onderhoudvoering was semi-gestruktureerd en het individueel geskied. Die doel van hiérdie onderhoudvoering was uitsluitlik om die kind se verlieservarings, gevoelens en gedragsreaksies te identifiseer.

### **1.7.1.3 Gevallestudie**

Die bestudering van meervoudige gevalle het geskied. Twee kinders, 'n seun en 'n dogter van wie die ouers reeds geskei is, is volgens 'n doelgerigte steekproefneming vanuit die teikenpopulasie geselekteer. Hierdie kinders is oor 'n periode van tien sessies aan 'n gestaltpelterapeutiese proses onderwerp, met die uitsluitlike doel om verlieservarings, gevoelens en gedragsreaksies te identifiseer. Kriteria vir selektering word in 1.8.4 volledig uiteengesit.

### **1.7.2 Ontledingstrategie**

Inligting wat verkry word uit kwalitatiewe navorsing is meestal in die vorm van geskrewe beskrywings van die waarnemings (Greeff 2002:292). Volgens Poggenpoel (1998:335-337) is daar egter soos met die metode van inligtinginsameling, geen reg of verkeerd ten opsigte van die inligtingsontleding in kwalitatiewe navorsing nie.

Daar is vervolgens van drie metodes gebruik gemaak om inligting te ontleed, naamlik:

- Memorandums is in die vorm van prosesnotas deurlopend na afloop van elke sessie geskryf, ten einde die navorser se denke en analitiese insig te stimuleer.
- Kontekstualiseringstrategieë het ten doel om die inligting binne die konteks te verstaan, soos deur die benutting van gevallestudies. Die gevallestudiemetode vir kwalitatiewe navorsing is volgens Paton in Blom (2000:307) 'n spesifieke wyse waarop inligting versamel, georganiseer en analyseer word. Die doel daarvan is om omvattende, sistematiese en in-diepte inligting oor elke geval wat waargeneem word, te verkry. Die inligting wat dus gedurende verskillende sessies uit die kwalitatiewe waarnemings verkry is, is opgesom en beskryf.
- Kodering vanuit 'n kwalitatiewe perspektief beteken dat inligting wat gedurende die studie versamel is, opgebreek en gekategoriseer is (Greeff 2002: 305).

Die navorser het deurgaans audio-kassette en waar moontlik videobande van gespreksituasies en onderhoude met respondenten gemaak, om aldus Greeff (2002:304) die inligting akkuraat en betroubaar weer te kon gee.

## **1.8. Uitvoerbaarheid van die ondersoek**

### **1.8.1 Literatuurstudie**

Die doel van 'n literatuurstudie is volgens Fouché en Delport (2002b:226-267) om aan die navorser 'n goeie raamwerk te bied vir toekomstige studie. Op so 'n wyse kan die navorser bestaande literatuur verken en leemtes bepaal. Moontlike duplisering kan ook voorkom word. (Vergelyk Fouché 2002a:118.)

Vir die doeleindes van hierdie studie het die navorser bronne oor egskeiding, kind in die middelkinderjare, verlies, gestaltterapie en gestaltspelterapie met behulp van die vakreferent by die UNISA Biblioteek verkry. Die volgende soektogte is onderneem:

- 'n Databasis-soektog van verwysings na tydskrifartikels en boeke in die sielkunde; opvoedkunde en maatskaplike werk.
- Literatuursoektogte is met behulp van verskeie indekse verkry, onder andere EBSCO Online, Oasis, Magnet, Psyclit asook ERIC. Verskeie toepaslike materiaal is opgespoor vanuit die sielkunde, opvoedkunde en maatskaplike werk-studierigtigs.

Bogenoemde literatuurstudie is benut om agtergrondkennis oor die funksionering van die kind in die middelkinderjare, egskeiding en verliese wat daarmee gepaardgaan, asook die benutting van gestaltspelterapie, te verkry. Vanuit die literatuurstudie was dit duidelik dat daar op sowel die terrein Maatskaplike Werk as die Sielkunde, bronne bestaan wat die kind se verliese rondom egskeiding aanspreek, maar dat 'n spesifieke riglyn vir die hantering daarvan deur gestaltspelterapeute en ander kundiges, ontbreek.

### **1.8.2 Konsultasie met kundiges**

Gesprekke is gevoer met verskeie kundiges oor moontlike verliese wat kinders uit egskeidings mag ervaar en die waarde van terapie aan dié kind. Die kundiges was verteenwoordigend vanuit verskillende diensvelde, naamlik:

‘n Maatskaplike Werker in Privaatpraktyk, Strand

‘n Pastorale Sielkundige in Privaatpraktyk, Helderberg-Kom, Somerset Wes

‘n Predikant in Familie- en Kinderbediening, N.G.Kerk, Somerset-Wes.

Kundiges was oorheersend positief en van mening dat kinders wel met verliese gekonfronteer word. Daarom is dit noodsaaklik dat kinders by terapie betrek moet word ten einde hul in staat te stel om verliese wat gepaardgaan met egskeiding, te hanteer en te verwerk.

### **1.8.3 Voorondersoek**

Daar is die afgelope maande heelwat kinders van wie die ouers geskei is, na die navorser se privaatpraktyk vir gestaltpelterapie verwys. Dit het by die navorser die behoeftte laat ontstaan aan meer kennis aangaande verliese wat ter sprake is, asook ‘n spesifieke riglyn waarmee hiérdie kinders terapeuties bereik kon word.

By nadere ondersoek kon geen spesifieke riglyn in hierdie verband opgespoor word nie. Aangesien drie afsonderlike bronne vir inligtinginsameling tydens die trianguleringsproses benut is, te wete literatuurstudie, semi-gestruktureerde onderhoudboeking met ouers as respondent, asook waarneming van twee kinder-respondente as gevallenstudies is ‘n formele voorondersoek nie uitgevoer nie.

#### **1.8.4 Omskrywing van universum, populasie, afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming**

Om 'n navorsingsidee koncreet te maak, moet daar helderheid verkry word oor wat presies ontleed gaan word. Dit is baie belangrik dat die navorser presies sal weet van wie of wat inligting verkry wil word (Fouché 2002a:105-107).

Die doel van steekproefneming is volgens Mouton (2002:132) om 'n verteenwoordigende keuse van die bevolkingselemente te maak. Die bevolking wat bestudeer word, word die universum genoem en is die elemente van die bevolking wat vir steekproefneming oorweeg word. (Vergelyk ook Babbie en Mouton 2001:173 en Strydom en Venter 2002:198.) Die universum vir hierdie navorsing het alle kinders in hul middelkinderjare, afkomstig vanuit 'n Westerse kulturele agtergrond en van wie die ouers geskei is, ingesluit.

Populasie verwys volgens Arkava en Lane in Strydom en Venter (2002:198) na 'n afgebakte gebied wat oor bepaalde grense beskik en waarvan die individue spesifieke eienskappe het. Die populasie vir hierdie navorsing was alle kinders van Westerse afkoms, tussen die ouderdom ses- tot twaalfjaar, woonagtig in die Helderberg-Kom area en van wie die ouers geskei is.

Die steekproef het bestaan uit twee kinders, 'n seun en 'n dogter, in die middelkinderjare wat vir die doel van die navorsing deur middel van doelgerigte steekproefneming uit die leerdersetal van Laerskool Somerset-Wes geselekteer is. Doelgerigte steekproefneming is 'n vorm van nie-waarskynlikheidseleksie wat berus op die oordeel van die navorser deurdat hy 'n steekproef persone saamstel wat volgens sy oordeel die kenmerkende eienskappe van die populasie openbaar (Strydom en Venter 2002:206-207).

## 1.9. Etiese aspekte van die navorsing

Navorsers is aanspreeklik aan die samelewing vir hulle navorsing. Volgens Zaaiman (2003:67) en Strydom (2002b:75) impliseer hierdie aanspreeklikheid dat navorsing nie in die geheim mag geskied nie, dat navorsingsresultate openlik aan die wetenskaplike gemeenskap beskikbaar sal wees en dat navorsers eerlik sal wees teenoor hulle befondsers oor hul kwalifikasies, vermoëns en doelwitte.

Hierdie studie het die volgende oorwegings ten opsigte van etiese aspekte, gehandhaaf:

- Geen respondentie is gedwing om aan die navorsing deel te neem nie. Deelname het dus vrywillig geskied.
- Respondente is van akkurate inligting rondom die doel en proses van die navorsing voorsien, alvorens hul tot deelname ingestem het. (Bylaag A.)
- 'n Skriftelike toestemmingsvorm (Bylaag B) is deur die ouers voltooi.
- Respondente is onder geen omstandighede gedurende die navorsingsproses, benadeel.
- Anonimitet van die respondentie, asook vertroulikheid rondom persoonlike inligting, is deurgaans gehandhaaf.
- Respondente se privaatheid is te alle tye gerespekteer.
- Respondente is onder geen omstandighede mislei om betroubare inligting te verskaf nie.
- Erkenning is aan bestaande literatuur wat tydens die studie benut is, gegee.
- Die hoogste moontlike tegniese navorsingstandaarde is gehandhaaf.
- Die tekortkominge van hierdie studie word in hoofstuk 5 aangedui.
- Geen inligting is vervals of foutiewelik weergegee.

## 1.10. Konseptualisering

Die navorsingsidee word volgens De Vos (2002c:29) konkreet gemaak sodra dit gekonseptualiseer en die verskillende konsepte geoperasionaliseer word. Konseptualisasie is 'n belangrike proses in die navorsing, omdat die aanvaarbaarheid van die hele metingsproses en die verslaggewing daarvan afhang van hoe oortuigend die konseptualisasie geskied. (Vergelyk Delpot 2002:192-193.)

Konseptualisasie vereis die presiese definiëring van konsepte. Vir die doeleindes van hierdie studie is die volgende konsepte onderskei en soos volg beskryf:

### 1.10.1 Kind in die middelkinderjare

Volgens verskeie outeurs staan die tydperk tussen ongeveer die sesde en twaalfde lewensjare, bekend as die middelkinderjare (Vergelyk LeFrancois 1992:441; Shaffer 1999:46 en Louw *et al.* 1998:326). Dit begin dus wanneer die kind skoolgaande ouderdom bereik en eindig wanneer puberteit ongeveer begin, alhoewel puberteit by verskillende kinders op verskillende ouderdomme in aanvang neem. Gedurende hierdie tydperk vind daar veral groei plaas ten opsigte van die sosiale-, fisieke-, kognitiewe- en emosionele ontwikkeling van die kind.

Volgens Van der Merwe (1991:23) verander 'n egskeiding die kind se omstandighede totaal. Daarom sal kinders in hierdie kwesbare oudersdomsgroep van wie die ouers skei, eksterne hulp benodig om hul deur die proses van rou en verlieshantering te begelei. Hierdie studie het veral gefokus op die effek wat verlieservaring deur egskeiding op die kind in hierdie lewensfase het.

### **1.10.2 Egskeiding**

Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (Odendaal, Schonees, Swanepoel, Du Toit en Booyens 1992:193) beskryf egskeiding as: “ *n ontbinding van ‘n huwelik deur ‘n hof* ”. Die nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:12) definieer egskeiding as: “ *Ontbinding van die huwelik deur ‘n geregtelike bevel* ”. Die basis van die nuwe egskeidingswet (Wet 63 van 1985) (1985:1) behels dat die huwelik nietig verklaar word deur ‘n egskeiding as dit nie meer ‘n normale huwelik is nie en daar geen redelike vooruitsigte bestaan om die normale huweliksverhouding te herstel nie (Zwarts 1999:81).

Egskeiding verwys dus na die proses waartydens ‘n man en vrou wat deur die eg aan mekaar gebind is, willekeurig van mekaar skei deur die wettige kontrak wat daar tussen hul bestaan het, te verbreek. Beide die man en vrou is dan weer daartoe in staat om met ‘n ander onafhanklike party in die huwelik te tree.

### **1.10.3 Verlies en verliesbelewenis**

Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (Odendaal *et al.* 1992:986) beskryf verlies as “ *iets wat verlore raak* ”. Verlies kan ook beskryf word in terme van verandering, in ‘n reeks van situasies, wat deur rou gevolg word en sosiale verandering meebring (Timms en Timms 1982:18).

Hierdie konsep kan daarom verduidelik word as die proses waarin iets wat besit is, verloor word. Die effek wat hierdie verlies op die individu het, word beskou as die verliesbelewenis. Dit kan op fisiese, psigiese of emosionele vlak beleef word. Vir die doeleindes van hierdie studie beteken verlies die afwesigheid van ‘n normale gesinslewe saam met beide ouers as gevolg van die ouers se egskeiding. Die kind ervaar of beleef verlies op fisiese vlak deurdat ‘n ouer fisiek afwesig is, maar ook op emosionele vlak waar die kind ‘n emosionele gemis na die omstandighede voor die egskeiding, koester. Die verlies aan die sekuriteit en geborgenheid wat met ‘n gesonde huweliksverhouding van die ouers saamgaan, word dus deur die kind traumatis beleef.

#### **1.10.4 Gestaltspelterapie**

Vanuit die literatuur word hierdie konsep duidelik gedefinieer. Gouws, Louw, Meyer en Plug (1987:343) beskou gestaltspelterapie as ‘n psigoterapeutiese tegniek waar daar van die beginsels en tegnieke van gestaltterapie, tydens spelterapie met die kind gebruik gemaak word. Deur middel van die totstandkoming van ‘n terapeutiese verhouding, kontakmaking en volgens ‘n bepaalde proses, word die kind die geleentheid gegee, om op verbale en nie-verbale wyse sy sin vir die self te versterk, sy emosies uit te druk en homself te vertroetel.

Verskillende vorme van spel en tegnieke word tydens die onderskeie fases benut (Blom, 2000:32). Oaklander (1988:8) verduidelik dat speel die manier is waarop die kind sy leefwêreld verken en daarom is speel noodsaaklik vir die kind se gesonde ontwikkeling. Spel is die kind se vorm van selfterapie waardeur hy sy emosies verwerk. Met behulp van die beskerming wat spel bied, kan kinders hul eie, nuwe maniere van “bestaan” toets.

Die volgende uitgangspunte rakende gestaltspelterapie word deur Thompson en Rudolph (2000:167) uiteengesit:

- Die hier-en-nou van ‘n situasie is die belangrikste fokuspunt. Fokus daarom op dit wat die kind gee.
- Die kind is ‘n totale wese en moet in totaliteit hanteer word.
- Die kind kan sy behoeftes ten volle beleef en kan innerlike konflikte en frustrasies ervaar. Dit word egter op ‘n meer bewustevlak hanteer.
- Daar behoort op slegs een behoefte per keer konsentreer te word.

Gestaltspelterapie kan dus beskou word as ‘n psigoterapeutiese tegniek waarvan die beginsels en tegnieke van die gestaltterapie gevolg word, om ‘n terapeutiese verhouding met die kind te vestig. Die kind word in totaliteit benader en bewus gemaak van sy emosies en belewenisse in die hier-en-nou.

Die doel van gestaltpelterapie is om die kind:

- se selfondersteuning te verhoog
- se bewussynsvlakte te verskarp
- meer geïntegreerd te laat funksioneer.

Die omskrywing van gestalt en gestaltterapie geniet aandag in hoofstuk drie.

### **1.11. Indeling van navorsingsverslag**

In *hoofstuk een* word 'n oriëntering ten opsigte van die metodologie van die navorsing wat onderneem is, aangebied. Die navorsingsprobleem, navorsingsvraag, doelstelling, doelwitte, begrensing van die ondersoek en enkele konsepte wat deurlopend gebruik is, word beskryf.

Die omvang van verlieservaring deur egskeiding by die kind in die middelkinderjare, word in *hoofstuk twee* volledig beskryf. Die verskillende ontwikkelingsvlakke van hierdie fase, word ook kortlik weergegee.

'n Teoretiese perspektief op die gestaltbenadering en die toepassing daarvan in terapeutiese kontak met die kind, word in *hoofstuk drie* as konseptuele raamwerk van hierdie studie beskryf.

Die verwerking, kategorisering en assessering van die empiriese gegewens word in *hoofstuk vier* weergegee. Die integrering van inligting vind plaas in die samestelling van 'n riglyn aan gestaltpelterapeute vir die hantering van egskeidingsverlies by die kind in die middelkinderjare.

In die slothoofstuk, *hoofstuk 5*, word die gevolgtrekkings, aanbevelings asook moontlike tekortkominge van hierdie studie na aanleiding van sowel die literatuurstudie as die empiriese ondersoek, uiteengesit.

## 1.12. Samevatting

Egskeiding is 'n tendens wat in ons Suid-Afrikaanse samelewing aan die toeneem is. Talle kinderlewens word, vanweë die implikasies daarvan, geraak en beïnvloed. Hierdie studie is gerig deur die uitgangspunt dat kinders in egskeidingsituasies, terapeuties begelei behoort te word om verlieservarings deur te leef en te verwerk, ten einde by veranderde omstandighede aan te pas.

Die navorsingsprobleem beklemtoon die doel van die studie, naamlik om verlieservarings by die kind in die middelkinderjare vanweë egskeiding, asook die benuttingswaarde en toepassingsmoontlikhede van gestaltpelterapie tydens kontak met hiérdie kind, kwalitatief te verken en te beskryf. Hierdie kennis word toegepas in die formaat van 'n praktiese, geskrewe riglyn aan gestaltpelterapeute vir die hantering van egskeidingsverlies by die kind in die middelkinderjare.

## HOOFTUK 2

### DIE OMVANG VAN VERLIESERVARING DEUR EGSKIEDING BY DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE

#### 2.1 Inleiding

Egskeidingsverskynsel in die samelewings asook die egskeidingsproses, word reeds verskeie dekades deur navorsers bestudeer en beskryf. (Vergelyk Wallerstein 1983; 1985; Wallerstein en Blakeslee 1989 en Van Staden 1992.) Alhoewel die oorheersende fokus gerig was op die belewenis en hulpverlening aan die ouers as betrokke partye het enkele navorsers dit tog gewaag om die verskynsel vanuit die perspektief van die kind en sy unieke leefwêreld, te bestudeer (Hart 1982; Morgan 1985; Van der Merwe 1991; Shapiro 1994 en Neuman 1998).

Hierdie inligting, alhoewel reeds vanuit 'n navorsingsperspektief histories van aard, is steeds waardevol en word deur heelwat resente navorsing vandag bevestig. Vir die doeleindes van hierdie navorsing is dit aldus navorser nodig om tydens die literatuurstudie van sowel historiese, as meer resente bronne gebruik te maak.

Egskeidingsverskynsel is in baie opsigte veel meer as die einde van 'n wetlike verbintenis. Dit is 'n emosionele ervaring wat in 'n sekere opsig 'n emosionele letsel op al die betrokkenes laat. Navorsers is dit eens dat egskeidingsverskynsel vir die meeste kinders ernstige en langtermyn gevolge inhoud en 'n groter impak op hulle het as wat voorheen vermoed is (Hart 1982:9; Emery 1999:17; Whiteman 2001:7,11; Charlish 2003:3 asook Zimmerman en Thayer 2003:8). Selfs al bring egskeidingsverskynsel 'n einde aan 'n erg verbrokkelde huweliksverhouding en word die kind sodoende verlos van 'n aantal spanningsvolle faktore, kan daar steeds verwag word dat

egskeiding ‘n groot mate van emosionele ontwrigting tesame met allerlei praktiese veranderinge, sal meebring (Charlish 2003:4,15; Wade en Smart 2003:117; Zimmerman en Thayer 2003:44). Dit gebeur dikwels dat kinders na ‘n egskeiding, die objek van hul ouers se onopgeloste konflik word. Morgan (1985:24) verduidelik dit soos volg:

“ Dividing the material objects takes only a few weeks or months, but children can remain the focus for years. Statistics show that divorces with children involved are ten times more likely to be followed by relitigation than are divorces that do not involve children. Parents often use children to continue to control and frustrate each other ”.

Dit is daarom nie vreemd dat hierdie ewigdurende konflik waarin die kind die middelman of fokus is, baie negatief deur die kind beleef word nie. (Vergelyk Hart 1982:31; Moxnes 2003:100.) Egskeiding is daarom volgens Read (2002:34) nie ‘n enkele lewensgebeurtenis nie. Dit is eerder die begin van ‘n reeks stresvolle ervarings vir die hele gesin, wat begin by huwelikskonflik voor wettige egskeiding en wat daarna talle veranderings in rolle, roetines en verantwoordelikhede meebring (Osuna en Boyd Webb 1999:252; Herbert en Harper-Dorton 2002:153 en Zimmerman en Thayer 2003:8 ).

Egskeiding ontwrig dan ook volgens Louw *et al.* (1998:359) die kind se totale ontwikkeling. (Vergelyk 2.3.) Kinders se belewenisse in egskeidingsituasies maak hulle dikwels hoë risikokandidate vir stres en gedragsafwykings (Charlish 2003:49 asook Robinson, Butler, Scanlan, Douglas en Murch 2003:77).

Egskeiding beteken dus nie, soos wat baie mense glo, die einde van probleme nie. Dis eerder die begin van andersoortige en meer gekompliseerde probleme. Die pyn, verliese en ontwrigting wat ‘n egskeiding meebring, word ook dikwels nie voorsien nie. Emery (1999:18) verduidelik dat sommige kinders onherstelbaar

verwond word deur egskeiding wat bepaald letsels laat. (Vergelyk Whiteman 2001:19,119; Zimmerman en Thayer 2003:44.) Egskeiding bring daarom verliese vir die kind mee waarmee daar lewenslank saamgeleef moet word. Die hantering van hierdie verliese is dus van deurslaggewende belang in die lewens van kinders in egskeidingsituasies.

Hierdie navorsing word **afgebaken** tot die **verliesbelewenis, gevoelens** en gepaardgaande **gedragreaksies** van die **kind in die middelkinderjare**, vanweë **egskeiding**. Daar word dus vir die doeleindes van die studie impliseer dat die **benaming kind na spesifieke kind in sy middelkinderjare verwys**. Vir eenvormigheid, word die **manlike aanspreekvorm** deurgaans gebruik.

## **2.2 Die voorkoms van egskeiding in Suid Afrika**

Vanuit statistiek beskikbaar is egskeiding aan die toeneem in Suid-Afrika en raak dit ook al hoe meer 'n prominente verskynsel. Huwelike staan dus vandag 'n groter kans as ooit tevore om as gevolg van allerlei veroorsakende faktore, in die skeihof te eindig.

Statistiek Suid Afrika gee die volgende gegewens deur:

| <b>Jaar</b> | <b>Aantal egskeidings</b> | <b>Aantal kinders betrokke</b> |
|-------------|---------------------------|--------------------------------|
| 1996        | 32 775                    | 41 971                         |
| 1998        | 35 793                    | 45 123                         |
| 1999        | 37 098                    | 45 360                         |

( Uit: First Baseline Document for the development of a National Policy for Families – July 2003 ; Statistics South Africa 2002: 307.)

Bogenoemde syfers toon dus 'n definitiewe toename aan in die aantal egskeidings wat plaasvind, asook kinders wat daardeur geraak word en is daarom 'n prominente verskynsel in Suid-Afrika wat duisende kinders raak.

## **2.3 Die kind in die middelkinderjare**

Volgens Louw *et al.* (1998:326) is die kind in sy middelkinderjare ontwikkelingsfase wanneer hy tussen die ouderdom van ses en twaalf jaar is. Pretorius (1993:6) onderskei verder tussen twee groepe in dié spesifieke ontwikkelingsfase, naamlik die kind van ses tot nege jaar en die kind van nege tot twaalf jaar. Laasgenoemde outeur is ook verder van mening dat daar spesifieke verskille tussen hierdie twee groepe kinders is. Die middelkinderjare maak dus deel uit van die kind se laerskooljare en om hierdie rede word daar ook soms na die laerskoolkind verwys wanneer hierdie spesifieke fase ter sprake is. (Vergelyk Read 2002:32.)

Soos reeds vermeld, word hierdie studie afgebaken tot die laerskoolkind in sy middelkinderjare tussen die ouderdom ses tot twaalf jaar. Kenmerkende eienskappe van die kind in hierdie ontwikkelingsfase is dus van toepassing.

### **2.3.1 Liggaamlike ontwikkeling**

Tydens die middelkinderjare is die groeitempo van die kind stadiger as in die voorafgaande kleuterfase en die daaropvolgende adolessente fase (Shaffer 1999:46; Sharman *et al.* 2000:117). Die arms en bene van die kind groei vinniger en dit kan aan die voorkoms waargeneem word. Die kind se liggaamsbou neem die vorm aan wat hy as volwassene sal bereik. Die brein ontwikkel tot volwassegrootte, die asemhaling word dieper en vlakker, die bloedsomloop vestig en melktande word deur permanente tandे vervang (Louw *et al.* 1998:327). Die liggaamlike ontwikkeling stabiliseer dus in hierdie fase, ter voorbereiding vir volwassenheid.

### **2.3.2 Motoriese ontwikkeling**

Die aanleer en verfyning van psigomotoriese vaardighede is 'n kenmerk wat in hierdie ontwikkelingsfase veral uitstaan (LeFrancois 1992:442). Die kind neem toe in fisieke krag terwyl koördinasie en spierbeheer verfyn. Balans en elegansie in beweging verbeter en daarom is deelname aan sport vir die kind van belang (Louw *et al.* 1998:329). Die kind se ontwikkeling bied derhalwe nuwe moontlikhede waar sy potensiaal ook ten opsigte van groot- en kleinspiervaardighede uitgebou kan word.

### **2.3.3 Kognitiewe ontwikkeling**

Kinders in die middelkinderjare bring 'n groot deel van die dag by die skool deur. Kognitiewe stimulering en taalontwikkeling vind merkbaar plaas. Nuwe feite en vaardighede word aangeleer (Louw *et al.* 1998:33 en Sharman *et al.* 2000:118-119). Die kind se denkvermoë verruum dus gedurende hierdie fase en dit het 'n positiewe uitwerking op sy funksionering.

Gestaltwaarneming neem normaalweg tydens hierdie ontwikkelingsfase af en die kind begin geleidelik meer analiserend te werk gaan. Denkvermoë van die kind raak volgens Piaget konkreet-operasioneel, terwyl logiese denke en begrip vorm aanneem. Volgens Bender in Blom (2004b:9) ontwikkel desentralisasie, wat beteken dat die kind verskeie aspekte van 'n saak nou gelyktydig in aanmerking begin neem. Die kind is dus in hierdié fase ywerig en gretig om nuwe belangstellingsvelde te leer ken. Hy leer deur sy handel: dus deur dit wat hy doen en prakties beleef.

### **2.3.4 Emosionele ontwikkeling**

Kinders in die middelkinderjare toon 'n vermoë om oor hul psigiese ervarings na te dink (Read 2002:33). Hulle beskik oor kennis rakende sommige van hul eie psigiese toestande en ook dié van ander mense. Kinders in hierdie ontwikkelingsfase begin ook verstaan hoedat omstandighede gedrag kan beïnvloed. Volgens Bender in Blom (2004b:10) verander kinders se begrip van

hul emosies en ervarings merkbaar tussen ses en elf jaar. Reeds van sesjarige ouderdom leer kinders om emosies te beheer, weg te steek of te onderdruk. Emosionele ervaring word aan interne faktore toegeskryf. Kinders word meer bewus van sosiale reëls, en gee dienooreenkomsdig uiting aan hul emosies. Hul raak ook bedreve om gesigsuitdrukkings akkuraat te lees en verstaan dat emosionele toestande kan, afhangend van omstandighede, verander. Hulle besef ook dat meervoudige emosies gelyktydig ervaar kan word, hoe mense voel en waarom hulle so voel. Groter emosionele buigbaarheid vind tydens hierdie fase plaas (Louw *et al.* 1998:343).

Weens die ontwikkeling van die brein kan sowel denke as emosies in hierdie fase aangespreek word. Hierdie fase bied by uitstek die geleentheid om die kind se emosionele intelligensie te bevorder omrede konkrete denke verruim word na abstrakte denke en die kind begrip vir emosies ontwikkel (Read 2002:33).

Vanuit die gestaltbenadering kan gestaaf word dat kinders in hierdie fase waarskynlik gereed sou wees vir die uitdrukking van gevoelens. Indien traumatische gebeure en emosionele pyn nie in hierdie fase hanteer word nie, bly dit heel dikwels onvoltooidhede wat die kind in sy volwasse lewe sal indra en indirek sy funksionering as volwassene sal beïnvloed. (Vergelyk 3.4.10.)

## **2.4 Verliese wat die kind in egskeidingsituasies beleef**

Kinders in egskeidingsituasies is blootgestel aan die moontlikheid om verskeie verliese as uitvloeisel van die egskeiding, te beleef. Ouers en kinders is egter dikwels onvoorbereid op moontlike gevolge wat hierdie verliese noodwendig impliseer. Morgan (1985:2) asook Jensen en McKee (2003:6-7) meld dat ouers dikwels nie voorsien dat die egskeiding 'n traumatische effek op die kinders sal hê nie. Van Staden (1992:169) en Moxnes (2003:90-91) verduidelik dat ouers dikwels die kind se gevoel van verlies verontagsaam. Dit het die gevolg dat verliese wat kinders beleef baie eer deur sowel die ouer as die gemeenskap uit

die oog verloor en as onbelangrik beskou word. Die erns, asook die effek op die kinders se totale funksionering, word dus misken.

Om dus die kind binne hierdie spesifieke lewensomstandigheid ten volle te verstaan, is dit nodig dat daar stil gestaan word by moontlike verliesbelewenisse wat die kind vanweë die egskeidings mag ervaar.

#### **2.4.1 Verlies aan gesinseenheid**

Die gesin kan bestempel word as die bouende en vormende aspek wat die basis lê in elke mens se lewe. Dit het volgens Cohen en Ronen (1999:48) die grootste impak op sy geestesgesondheid en normale ontwikkeling.

Gesinsverhoudinge dra volgens Read (2002:36) by tot die sekuriteit van die kind en vorm ondanks konflik die eenheid waarbinne lede mekaar komplimenteer en die kind basiese identifikasiepatrone struktureer. Wallerstein en Blakeslee (1989:40) meld dat die gesin vir die kind 'n veilige plek is en vergelyk dit metafories met 'n oase in 'n woestyn. Kinders binne 'n egskeidingsituasie ontbeer daarom dikwels die stabiliteit, sekuriteit, liefdesbetoning en vertroue wat volledige gesinne bied. (Vergelyk Morgan 1985:2; Shapiro 1994: 35; Neuman 1998:257,261; Osuna en Boyd Webb 1999:252 asook Robinson *et al.* 2003:87.) Die verlies aan 'n gesinseenheid impliseer volgens Zimmerman en Thayer (2003:39) ook 'n verlies aan sekuriteit by die kind. Hierdie verlies laat die kind ongeborg en onveilig voel en beïnvloed in 'n groot mate hoe hy die egskeiding beleef (Zwarts 1999:97; Zimmerman en Thayer 2003:11).

Vanuit die gestaltbenadering kan verlies aan gesinseenheid waarskynlik vergelyk word met fragmentering wat plaasvind omrede die gesinseenheid disintegreer. (Vergelyk 3.4.3.) Dit versteur die balans van die gesinstruktuur en laat die kind daarom ongeborg en onveilig voel.

#### **2.4.2 Verlies aan 'n ouer**

Dit is feitlik 'n gegewenheid dat ouer-kind verhoudings vanweë egskeidingsituasies sal verander (Wallerstein en Blakeslee 1989:41; Charlish 2003:37). Sodra 'n ouer die huis verlaat, verander die kind se verhouding met daardie ouer drasties (Van der Merwe 1991:37 en Berg 2003:122). Volgens Charish (2003:138) beleef die kind hierdie ouerlike verlies baie traumatis en kan die gemis nie deur 'n toekomstige stiefouer vervang word nie. Aangesien die rol van die ouer wat die huis verlaat terselfdertyd verander en kontak, kommunikasie en betrokkenheid verander of verminder, ervaar kinders volgens Read (2002:36); Zimmerman en Thayer (2003:36) en Charlish (2003:30) inderdaad 'n verlies aan 'n ouer. (Vergelyk Boyd Webb 1999:50.)

Hierdie verlies kan dus die emosionele sekuriteit van die kind negatief beïnvloed. (Vergelyk Tugendhat 1990:20; Shapiro 1994:35; Zwarts 1999:97 en Moxnes 2003:90.) Die ouer wat die gesin verlaat se tradisionele rol verdwyn en funksioneer heel dikwels daarna slegs as 'n finansiële ondersteunende sisteem asook die begeleier van uitstappies (Van Staden 1987:191; Neuman 1998:252 en Emery 1999:3).

Hierdie disintegrasie van die gesin gee daar toe aanleiding dat die kind se lewe in kompartemente verdeel en dus volgens die gestaltbenadering gefragmenteer word. (Vergelyk 3.4.3.) Grense kan ook in die proses verskuif, omdat andersoortige rolle ingeneem word. Dit mag die kind se emosionele sekuriteit verder kelder. (Vergelyk Morgan 1985:30; Herbert en Harper-Dorton 2002:154.)

Alhoewel kinders hoop op gereelde deurlopende kontak en ouers aanvanklik van voorneme is om kontak te laat realiseer, bring veranderde lewensomstandighede mee dat kontak tussen ouers en kinders mettertyd afwater. Dit laat by die kind 'n gevoel van verlies en 'n onvervulde behoeftte aan daardie ouer (Wallerstein en Blakeslee 1989:34; Herbert en Harper-Dorton 2002:154; Charlish 2003:30; Moxnes 2003:97 asook Zimmerman en Thayer 2003:36).

Hierdie onvervulde behoefté veroorsaak 'n onvoltooidheid by die kind wat weer sy balans versteur. Die gestaltbenadering lê klem op sowel die erkenning as bevrediging van behoeftes om balans of homeostase te herstel. (Vergelyk 3.4.2.)

#### **2.4.3 Verlies aan ouerlike aandag**

Egskeiding is slegs een stap in 'n reeks gesinsveranderinge wat die verhoudinge en aanpassings van almal betrokke, beïnvloed. Volgens Ellis (2000:26) sal die aanpassing in die enkelouergesin met die kind se uiteindelike aanpassing verband hou. Die aanpassing van ouers na die egskeiding is 'n veranderlike wat die aanpassing van die kind direk affekteer (Zubernis en Cassidy 1999:13; Zimmerman en Thayer 2003:35-36).

Die verhouding tussen ouer en kinders verander dus tydens die egskeiding as gevolg van die aanpassing wat dit vra. (Vergelyk Van der Merwe 1991:33,37 en Robinson *et al.* 2003:83.) Wallerstein in Van der Merwe (1991:38) is van mening dat die verskynsel van verminderde ouerskap dikwels na 'n egskeiding voorkom. Neuman (1998:251) ondersteun hierdie argument as hy skrywe:

" Many studies have confirmed that one result of separation is a decrease in the actual time each parent spends parenting" .

Die ouers se versorgende en beskermende funksie neem volgens Neuman (1998:251) dus af in 'n tyd wat die kind huis, meer as ooit tevore, 'n groot behoefté aan ouerlike steun het. Goldstein (1987: xii) verduidelik:

" [Parents] assumed that their drastically changed relationship with each other meant there also had to be a drastically changed relationship with their children. So they stopped acting as parents... [but] the children had not stop needing their parents."

‘n Gemis aan die ouer soos dié voor die egskeiding was, kan daarom by die kind na vore kom. (Vergelyk Van Staden 1992:172-173; Herbert en Harper-Dorton 2002:155.) Beide ouers is ook dikwels so vasgevang in hul eie probleme om by die egskeiding aan te pas, dat hul nie sensitief genoeg is vir die emosionele behoeftes van die kind nie (Robinson *et al.* 2003:79-80). Read (2002:38) asook Zimmerman en Thayer (2003:35) meld dat enkelouers, besig met ‘n oorlewingsstryd, waarskynlik nie altyd in kontak is met die behoeftes en belewenisse van hul kinders nie. Die kind is dan in sulke gevalle self verantwoordelik vir die bevrediging van sy emosionele behoeftes. (Vergelyk Goldstein 1987: xiii ; Tugendhat 1990:16 en Van der Merwe 1991:29.)

Die fisiese afwesigheid van ‘n ouer is ook deels daarvoor verantwoordelik dat die kind ‘n verlies aan ouerlike aandag beleef (Tugendhat 1990:20; Moxnes 2003:97). Kontak met hierdie ouer is beperk en die kind moet met sy gevoelens en gedagtes wag totdat ‘n besoek moontlik is. Van Staden (1992:174) en Charlisch (2003:51) meld dat dit maklik gebeur dat ‘n kind sy nie-toesighoudende ouer as gevolg van hierdie verlies aan aandag, nie meer as ‘n ondersteunende hulpbron beleef nie.

Die toesighoudende ouer verkeer weer self in ‘n proses van aanpassing en is dikwels oorweldig deur eie, onverwerkte gevoelens (Read 2002:37). Die ouer moet sy eie verliese verwerk, nuwe moontlikhede ondersoek, funksioneel in beroepsverband wees en nuwe interpersoonlike verhoudinge aanknoop.

Dit is dus nie vreemd volgens Von Caues (1993:80) dat kinders ‘n verlies aan ouerlike aandag sal beleef nie, aangesien daar heelwat minder tyd en aandag aan hul bestee word. (Vergelyk Van Staden 1992:172-173.) Die rolvervulling van die toesighoudende ouer kan ook verder volgens Read (2002:38) vir die kind verliese impliseer. Hierdie ouer asook die kind, kan veral tydens die eerste jaar na egskeiding so besig wees met interne worsteling en aanpassings dat hul mekaar in die proses verloor. Die veranderings binne die gesinsopset maak dit

verder moeilik dat hul mekaar weer vind, kommunikasiepatrone herstel en spontaan toenadering tot mekaar soek. Dit kan blywende afstand veroorsaak.

Vanuit die gestaltbenadering word die kind se behoeftebevrediging en balans hierdeur geaffekteer. Dit kan ook daartoe aanleiding gee dat die verlies aan ouerlike aandag soos voor die egskeiding op die kind se voorgrond bly. (Vergelyk 3.4.4.)

Verwonding tydens egskeiding kan selfs die toesighoudende ouer se funksionering beïnvloed, tot sò 'n mate dat die kinders dit as 'n verlies opsigself beleef (Read 2002:39). Veelvuldige eise en verpligte bring mee dat hierdie ouer se verantwoordelikhede hoë eise stel. Dit kan daartoe meebring dat die kind veranderinge in lewensomstandighede en die vorige funksioneringspeil van die toesighoudende ouer as 'n verlies beleef.

Die gestaltbenadering sou hierdie wending in die gesinsverhoudinge waarskynlik tipeer as 'n polariteit, aangesien teenoorgestelde emosies by die kind ter sprake is. (Vergelyk 3.4.8.) Om balans of homeostase te verkry, sou positiewe en negatiewe aspekte hiervan deur die kind geïntegreer moet word. (Vergelyk 3.4.2.)

#### **2.4.4 Verlies aan 'n familie**

'n Breë spektrum verhoudings sal na die egskeiding verander, onder andere ook dié met die grootouers (Van der Merwe 1991:33; Wallerstein en Blakeslee 1989:35; Charlisch 2003:6). Botha (1997:28) is van mening dat die verhouding wat die meeste skade lei, dié is van die familie van die nie-toesighoudende ouer. Dikwels word daar nie doelbewus aan hierdie aspek aandag gegee nie en veroorsaak die verloop van twee afsonderlike gesinne se lewe dat die kind noodwendig, afhangende van sy versorgingsposisie, van een van die families vervreem (Read 2002:37).

Kinders heg soms groot waarde aan kontak met hul grootouers (Hart 1982:21; Berg 2003:121). Navorsing deur Robinson *et al.* (2003:80) onder 104 kinders het deur middel van die volgende uiteensetting getoon dat hulle hul verhouding met hul grootouers as 'n hoë prioriteit beleef:

“Many children reported that grandparents were a particular valued source of time, attention and reassurance. Grandparents’ homes often provided “safe” and “neutral” territory where children could take refuge from what was happening at home ”.

Verbreking van verhoudinge met familielede met wie die kind voorheen in kontak was, kan dus ook deur die kind as 'n verlies beleef word. Ingevolge die gestaltbenadering word daar van die veronderstelling uitgegaan dat behoeftes wat nie bevredig word nie, die balans versteur en dat onvoltooidhede by die kind daaromtrent ontstaan. Hierdie verhoudinge met familielede wat nie instand gehou word nie, mag dus 'n onvoltooide behoefte by die kind laat. (Vergelyk 3.4.2 en 3.4.10.)

#### **2.4.5 Verlies aan vertroue**

Die kind word dikwels so deur die trauma van die egskeiding verwond dat hy probleme ervaar in toekomstige vertrouensverhoudinge. (Vergelyk Van Staden 1992:171; Ellis 2000:28; Read 2002:39 en Charlish 2003:50.) As gevolg van onbevredigde behoeftes en wantroue beleef die kind gevoelens van woede en 'n worsteling met dubbele standarde (Von Caues 1993:78 en Robinson *et al.* 2003:83).

Ouers wat herhaaldelik beloftes teenoor die kind verbreek laat die kind ook met woede en 'n diep gewortelde verlies aan vertroue (Robinson *et al.* 2003:83; Zimmerman en Thayer 2003:51). Moxnes (2003:96) meld dat die kind as gevolg van omstandighede soms sukkel om nuwe maats te maak. Dit lei daartoe dat die kind geïsoleerd van sy portuur raak. Hierdie isolasie veroorsaak dat die kind die

oorsaak daarvan by homself gaan soek en sy aanvaarbaarheid as 'n maat vir ander kinders begin bevraagteken. Die kind ervaar dan vertrouensverlies in homself as persoon wat weer op sy beurt 'n verlaging in eiewaarde beteken (Zimmerman en Thayer 2003:1).

Die gestaltpelterapieproses bied moontlikhede vir herstel van innerlike pyn, omdat daar op die kind sevlak en teen sy tempo aandag gegee word aan belewenisse wat ervaar word. Emosies word uitgedruk en projeksies word besit nadat daar kontak gemaak is. Selfstellings en beoefening van keuses kan mee help om die kind se sin vir die self te versterk. Selfvertroeteling kan plaasvind nadat die kind geleer het om homself te ondersteun. (Vergelyk 3.6.)

#### **2.4.6 Verlies aan ouerlike betrokkenheid en fisiese kontak**

Botha (1997:29); Emery (1999:7) en Moxnes (2003:97) het gevind dat daar minder fisiese kontak tussen ouers en kinders in egskeidingsituasies voorkom. Daar kan twee verklarings daarvoor wees. Eerstens poog elke gesinslid as gevolg van byvoorbeeld vrese, onopgeloste konflik en verliese in of buite die huis om op sy unieke manier by nuwe lewensomstandighede aan te pas. Dit gebeur dikwels dat daar fisiek minder tyd in mekaar se teenwoordigheid deurgebring word as wat voor die egskeiding die geval was, en ouer en kinders leef as't ware -soms doelbewus- by mekaar verby. Tweedens is daar 'n direkte fisiese skeiding tussen die kind en sy nie-toesighoudende ouer. Fisiese kontak is waarskynlik een van die eerste wyses waarop ouer en kind kontak met mekaar verbreek (Read 2002:40).

Wanneer 'n kind emosionele pyn vanweë hierdie verlies aan fisiese kontak ervaar, is dit niks vreemd dat so 'n kind homself fisiek sal afsluit en ook self kontak verbreek. Deur die benutting van verskeie sintuie, ook die tassintuig, kan die kind geleer word om fisiese kontak tuis te hervat, wat waarskynlik spontane reaksies by gesinslede sal ontlok. (Vergelyk 3.6.2.)

#### **2.4.7 Verlies aan eie identiteit soos voor die egskeiding**

Die kind is na die egskeiding nie meer dieselfde as daarvoor nie. Veranderinge wat die intieme en ondersteunende verhoudingslewe ondergaan, beïnvloed die kind se gevoelens oor homself (Van Staden 1992:175; Zimmerman en Thayer 2003:70). Die kind het voor die egskeiding 'n bepaalde belewenis van sy ouers en wanneer beide na die egskeiding 'n verandering ondergaan, skep dit by die kind baie verwarring. (Vergelyk Neuman 1998:253.)

Onsekerheid oor persoonlike eienskappe, soortgelyk aan die van die ouers, bring verwarring mee en dit lei tot verlaging in selfsiening en respek (Van Staden 1992:175; Von Caues 1993:80 en Moxnes 2003:96). Kinders wat nog in die proses is om hul identiteit te vind, is waarskynlik verward omdat hulle nie weet met wie om tydens die egskeidingsituasie, te identifiseer nie (Charlish 2003:137). Neuman (1998:260) verduidelik die kind se situasie soos volg:

“...loss a sense of certainty and control...his emotions are new and that he is not always certain of how he feels and how to express himself”.

Van Staden (1992:175) en Charlish (2003:141) is van mening dat die kind se selfbeeld as gevolg van die egskeiding verlaag. Waar die kind voor die egskeiding onafhanklik en selfversekerd was, word die kind nou bevrees en afhanklik. Twyfel in rolmodelle, veral ouers, asook in hulself kom dus op die kind se voorgond en dit laat die kind baie onseker en onveilig voel (Read 2002:40).

Die gestaltbenadering bied die geleentheid dat die kind homself kan definieer deur voorkeure, eie sienings en selfstellings in die uitoefening van keuses wat benut kan word om sy sin vir die self te versterk en die egskeiding van sy ouers as 'n gebeurtenis buite sy beheer te beskou. (Vergelyk 3.6.2.)

#### **2.4.8 Verlies aan ondersteunende verhoudings**

Dis amper onvermydelik dat die kind en sy gesin se verhoudinge met ander mense in die gemeenskap na afloop van die egskeiding verander (Zimmerman en Thayer 2003:12). Soms beteken dit dat die toesighoudende ouer en kinders moet verhuis wat vir die kind 'n nuwe skool en vreemde maats impliseer (Hart 1982:16; Tugendhat 1990:17; Van Staden 1992:174; Charlish 2003:141-142). Soms verhuis beide ouers ver van mekaar. Zimmerman en Thayer (2003:52-53) maak melding dat hierdie afstand met eiesoortige aanpassings baie traumatis deur die kind beleef mag word.

Volgens Van der Merwe (1991:32) en Osuna en Boyd Webb (1999:252) verloor die kind as gevolg van hierdie verhuisning waardevolle steunstelsels wat verdere ontwrigting tot gevolg het. Die eens geborgenheid van 'n bekende omgewing en vriendskapsbande maak plek vir die ongeborgenheid van vreemde situasies waarby die reeds ontwrigte kind moet aanpas (Hart 1982:16,17; Neuman 1998:257 en Charlish 2003:5).

Berner (1992:18); Von Caues (1993:80) asook Moxnes (2003:94) meld almal dat verandering en dus onbekende omgewings onvermydelike aanpassings teweeg bring wat emosionele spanning by die kind veroorsaak. Kinders kan daarom baat vind by die ondersteuning en betrokkenheid van mense wat hulle kan vertrou (Van Staden 1992:175; Van Zyl 1997:54-55; Botha 1997:28 en Robinson *et al.* 2003:78-79).

Die egskeidingsituasie bring volgens Read (2002:40) mee dat kinders steunstelsels verloor en dat hul baiekeer om hierdie rede vereensaam. Aangesien die kind verliese aan eksterne ondersteuning ervaar, is dit juis belangrik dat die kind geleei sal word tot selfondersteuning. (Vergelyk 3.5.3.) Daardeur kan die kind die innerlike sterkte bekom om by veranderinge en die verliese wat hy ervaar, suksesvol aan te pas.

#### **2.4.9 Verlies as gevolg van die kind se reaksie op egskeidingsproses**

Kinders wat die egskeidingsproses as 'n bedreiging beskou, kan ontydige en oorhaastige losmakingsoptredes openbaar (Read 2002:41). Die emosionele verlies wat die kind ervaar, dwing hom dus dikwels tot in 'n substituutverhouding (Hart 1982:28). Von Caues (1993:80) is van mening dat die kind selfs verwerpend ten opsigte van homself optree indien negatiewe elemente van die ouer in sy eie optrede waargeneem word. (Vergelyk Wallerstein en Blakeslee 1989:36; Van Staden 1992: 175.)

Die kind se reaksie op verliese wat hy ervaar, kan waarskynlik 'n rol speel in verdere verliese (Read 2002:41). In reaksie op verliese kan die kind se optredes die lewe vir homself onbewustelik moeiliker maak en 'n kettingreaksie van verdere verliese tot gevolg hê. Charlish (2003:50) meld dat dit dikwels gebeur dat die kind homself van ander sosiale verhoudings begin onttrek.

Die kind het dus ingevolge die gestaltbenadering, 'n behoefté aan bemeesterding en beheer as teenvoeter vir die verliese wat beleef word. (Vergelyk 3.6.) Dit sou impliseer dat verwagtinge ten opsigte van homself en andere realisties moet wees.

#### **2.4.10 Verlies aan sosiale status**

Aangesien die egskeiding van ouers nie deur die kind geheim gehou kan word nie, voel kinders in egskeidingsituasies volgens Read (2002:41) waarskynlik selfbewus, kyk hul met ander oë na hulself en word hul deur sommige mense en kinders, geëtiketteer. In die praktyk is waargeneem dat hierdie kinders terdeë bewus is van die feit dat hul "anders" is as kinders in volledige gesinne en het hul die belewenis dat hul om die rede "uitstaan" (Hart 1982:113 en Emery 1999:7).

Morgan (1985:30) en Moxnes (2003:81,94) het ook albei bevind dat kinders uit geskeide huise dikwels skaam en verleë voel oor hul ouers se egskeiding.

Neuman (1998:39) meld dat kinders graag aanvaarding soek en 'n gevoel dat hul anders as ander kinders is, 'n ontstellende gedagte is. Dit het die gevolg dat kinders wat voorheen selfversekerd was en met outonomiteit teenoor die wêreld en portuur gefunksioneer het, hierdie outonomiteit verloor en onseker raak oor hoe hulle hulself in die wêreld daarbuite moet handhaaf. (Vergelyk Hart 1982:15,16; Van Staden 1992:183 en Moxnes 2003:90.)

Kinders kan deur middel van gestaltpelterapie begelei word om hul eie identiteit te ontdek. Deur die kind toe te laat om selfstellings te maak en keuses te beoefen, kan daar gebou word aan sy sin vir die self asook sy definiëring van die self. (Vergelyk 3.6.2.)

#### **2.4.11 Verlies aan ekonomiese sekuriteit en lewenstandaard**

Finansiële implikasies wat voortvloeи uit egskeiding strek dikwels al die partye betrokke tot nadeel (Robinson *et al.* 2003:83). Van der Merwe (1991:30-32); Van Staden (1992:162-163); Von Caues (1993:80) asook Moxnes (2003:91) is van mening dat egskeiding dikwels die verlaging van lewenstandaard tot gevolg het. Kleiner woonplekke, langer werksure vir ouers en min of geen sakgeld vir die kinders is realiteite wat voortvloeи uit die egskeiding (Botha 1997:30; Emery 1999:7 en Charlisch 2003:142).

Dit gebeur ook dikwels dat die kind en sy toesighoudende ouer finansieel benadeel word deurdat die nie-toesighoudende ouer (meestal die vader) versuim om sy onderhoudsverpligtinge ten volle na te kom (Herbert en Harper-Dorton 2002:257). Moxnes (2003:92,93) meld dat hierdie verskynsel al hoe meer voorkom en dat dit negatief inwerk op die verhouding tussen hierdie ouer en kind. Veral as ouers gedurig met mekaar oor hierdie aangeleentheid rusie maak, benadeel dit die kind se aanpassing en lei dikwels tot verlaging van die kind se selfwaarde. (Vergelyk Van der Merwe 1991:71.)

Die gestaltbenadering bied vir die kind in die egskeidingsituasie, die geleentheid om sy innerlike potensiaal te ontdek nadat kontak gemaak en sy sin van die self, versterk is. Emosies word beleef en selfvertroeteling asook ander hanteringstrategieë kan aangeleer word. (Vergelyk 3.6.)

## **2.5 Die effek van egskeiding op die kind in sy middelkinderjare**

Egskeiding bring noodwendig verskillende emosies in elke kind afhangende van sy unieke verliesbelewenisse, na vore (Read 2002:43). Volgens Robinson (1999:284) asook Ferreira en Read (2004:221,224) ervaar kinders dieselfde reeks emosies as volwassenes tydens verlieservarings, maar is nie altyd in staat om die emosies te verbaliseer of uit te druk nie. Robinson (1999:272) verduidelik soos volg:

“ Children bear the burden of being least able to voice their feelings and fears and that symptoms of trauma may emerge long after traumatic events have taken place ”.

Kinders se begripsvermoë verskil ook tydens verskillende lewensfases en dit moet deurgaans in ag geneem word (Van der Merwe 1991:41; Van Staden 1992:184-187 en Whiteman 2001:25-38). Volgens Read (2002:44) is dit vir die kind in sy middelkinderjare-fase moeilik om aan te pas by die egskeidingsituasie vanweë sy ontwikkelingsvlak en beperkte kognitiewe vaardighede.

Die kind se vermoë om intense emosionele belewenisse te hanteer, is beperk vanweë die feit dat daar 'n gaping bestaan tussen die vaardighede (ooreenkomsdig ontwikkelingsvlak) waарoor die kind beskik en die realiteite waarmee hy moet saamleef. Dit het frustrasie, angs en spanning tot gevolg (Ferreira en Read 2004:214). Die gebrekkige vermoë van kinders om emosionele belewenisse te verwoord en hul beperkte kognitiewe vermoëns, kan dus aanleiding gee tot post-traumatiese stres, wat langtermyn gevolge vir die kind se

normale ontwikkeling kan inhoud (Cohen en Ronen 1999:51; Ellis 2000:33 en Charlish 2003:9,94).

Afhanklikheid, angs en depressie, asook verhoudingsprobleme kom meer onder kinders in egskeidingsituasies voor (Read 2002:45). Navorsing het getoon dat egskeiding die risiko van emosionele en gedragsprobleme in kinders verdubbel (Ellis 2000:8,23; Charlish 2003:3 asook Zimmerman en Thayer 2003:8,71).

Die effek van egskeiding manifesteer dus dikwels in simptome wat nie aanvanklik direk met die egskeiding in verband gebring word nie (Blom 2004a:209). Hierdie manifestasie vind veral op drie vlakke plaas, te wete die liggaamlike-, kognitiewe- en gedragsvlak. (Vergelyk Charlish 2003:15; Zimmerman en Thayer 2003:32-33.)

### **Liggaamlik**

Die effek op die kind se liggaam word beskryf as 'n hol kol op die maag en styfheid in die bors en keel (Ferreira en Read 2004:46). Read (2002:46) meld simptome soos: oorgevoelig vir geraas, afgesluit, kortasem en uitasem. Van Staden (1992:82,83); Berner (1992:44); Goldstein (1987:32); Morgan (1985:23) en Hart (1982:90) lys die volgende simptome: klagtes van hoofpyn, maagpyn en verandering in eetlus. Worden (1996:25) meld dat die kind ook tekens toon van gebrek aan energie en klagtes het van 'n droë mond.

Psigosomatiese simptome kan waarskynlik volgens Ferreira en Read (2004:224) 'n aanduiding wees van dieperliggende oorsake in die psige, byvoorbeeld hoofpynne waar geen fisiese oorsaak teenwoordig is nie. Volgens beginsels in die gestaltbenadering sal hierdie simptome aan 'n kontakgrensversteuring toegeskryf kan word. Retrofleksie is hier van toepassing, aangesien die kind letterlik die pyn wat hy ander wil toedig teen homself wil rig. (Vergelyk 3.4.7.4.)

Tydens die gestaltpelterapeutiese proses word die kind in kontak gebring met sy emosies nadat sy sin vir die self versterk is. Die kind word daarna die geleentheid gebied om tydens dié proses sy emosies te herken, te verwoord, besit, bespreek, beleef en toepaslik uit te druk. (Vergelyk 3.6.3.)

### **Kognitief**

Verskillende gedagtepatrone word ten tye van verlieservaring by die kind geïdentifiseer. Worden (1996:26) maak melding van ongeloof, verwarring, verbeelding en selfs hallusinasies.

Kinders ervaar volgens Ferreira en Read (2004:224) veranderde denkpatrone tydens die verskillende fases van die rouproses wat hulle kan ontstem en onspoor. (Vergelyk 2.6.) Hierdie gedagtepatrone sou fisiek kon manifesteer in fiksering, byvoorbeeld dat die kind sal vassteek by die hoop dat versoening tussen ouers sal realiseer, ten spyte van die feit dat beide ouers reeds met 'n ander lewensmaat getroud is (Read 2002:46; Charlish 2003:51,138).

Volgens die gestaltbenadering sal hierdie denke as egotisme beskryf kon word, omdat die kind alle aspekte van sy lewe wil beheer en spontaniteit inperk. Die kind verdedig teen die realiteit en breek deur middel van egotisme kontak met die realiteit. (Vergelyk 3.4.7.7.) Met behulp van die gestaltpelterapeutiese proses sal gepoog word om die kind se bewussynsvlakte te verhoog en hom sodoende in kontak met sy emosies te bring. (Vergelyk 3.6.)

### **Gedrag**

Emosionele probleme by kinders manifesteer dikwels in die vorm van gedragsveranderinge. Slaap- en eetversteurings, geheueverlies, sosiale ontrekking, drome, vermyding van herinneringe, woedeuitbarstings, skeidingsangs asook regressiewe gedrag kom algemeen by kinders met egskeidingsverlies voor (Morgan 1985:23-24; Van Staden 1992:182-183; Neuman 1998:34; Read 2002:46; Herbert en Harper-Dorton 2002:154-155;

Charlish 2003:42; Robinson *et al.* 2003:81 asook Ferreira en Read 2004:225). Volgens Hart (1982:92-93) is van die eerste simptome wat kinders toon, dié om hulself van sosiale kontak te onttrek. Die rede daarvoor meld die skrywer is dat die egskeiding 'n rouproses by die kind aktiveer. (Vergelyk 2.6.)

Die verlaging van die kind se emosionele energie dra ook verder daartoe by dat hy bloot nie meer energiek genoeg voel, om verhoudings in stand te hou nie. 'n Ander rede vir die kind se sosiale ontrekking mag wees dat hy nuuskierge vrae en verduidelikings daarop ten alle koste wil vermy. Hierdie sosiale ontrekking mag verder manifesteer as die kind weier om by maats te gaan oorslaap, of om lang periodes van die huis af weg te wees, soos byvoorbeeld 'n kerk- of skoolkamp. (Vergelyk Ferreira en Read 2004:214.)

Rusteloze ooraktiwiteit, huilerigheid, die dra van aandenkings en bewaring van kosbare objekte is van die gedrag wat ook al waargeneem is (Robinson *et al.* 2003:81 en Worden 1996:28). Dikwels vertoon normale verliesreaksies dieselfde simptome as depressie. In beide word slaap en eetversteurings, asook intense hartseer ondervind.

Met verlieservarings is daar egter gewoonlik nie 'n verlies aan selfwaarde teenwoordig, soos met depressie nie (Worden 1996:30). Bogenoemde gedrag is 'n aanduiding van die trauma waardeur kinders in die egskeidingsituasie gaan en dat emosies ervaar word wat vir die kind oorweldigend kan wees. In die gestaltbenadering sal bogenoemde gedrag as defleksie verklaar kan word, aangesien 'n kontakgrensversteuring plaasvind wat behoeftebevrediging, kontak en balans inperk. (Vergelyk 3.4.7.5.)

## 2.6 Verlies as 'n rouproses

Die werklike emosies of gevoelens wat die kind in egskeidingsituasie beleef, kan nie op die oog af gepeil word nie. Read (2002:45) meld dat die onuitgesproke verwagting in die Afrikaanse kultuur dat verliese nie betreur word nie, die wanindruk by kinders, asook ouers skep dat gevoelens ten opsigte van die egskeidingsituasie nie beleef mag word nie. Ouers, familielede, vriende, onderwysers en ander betrokkenes behoort juis die uitdrukking van emosies aan te moedig (Osuna en Boyd Webb 1999:255).

Die emosionele pyn en verlieservarings wat die kind in 'n egskeidingsituasie beleef, word in die literatuur vergelyk met 'n tipiese rouproses waardeur die kind beweeg in 'n poging om hierdie verlies te verwerk (Hart 1982:67-74; Wallerstein 1983:235-242; Wallerstein en Blakeslee 1989:33-35; Van Staden 1992:176,180; Zwarts 1999:96; Whiteman 2001:60; Herbert en Harper-Dorton 2002:150,151,153,155; Charlish 2003:41-42,57 en Zimmerman en Thayer 2003:39-40). Tugendhat (1990:13) en Herbert en Harper-Dorton (2002:153) meld dat dit baie belangrik is dat die kind die geleentheid gegun word om deur hierdie rouproses te beweeg:

"Children of all ages *must* be given the chance to express their feelings of anger, sorrow, fear, and impotence ; they must grieve and mourn for the death of their parents' marriage. If these emotions are suppressed they will find inappropriate expression for the pent-up feelings later on " (Tugendat 1990:13).

Praktykervaring bevestig dat kinders in egskeidingsituasies emosionele pyn beleef. Gestaltpelterapie bied die geleentheid aan kinders om hul emosies te herken, verwoord, bespreek, beleef, besit en toepaslik uit te druk. (Vergelyk 3.3.3 en 3.6.3.) Die kind word dus met behulp van die gestaltpelterapeutiese proses bemagtig om weer in beheer van sy emosies te kom deur ten volle met sy

omgewing in die hier-en-nou kontak te maak. Deur middel van projeksietegnieke en aggressiewe energie-ontlading kry die kind die geleentheid om in kontak te kom met sy emosies en die pyn wat daaraan gekoppel is. Alternatiewe hanteringstrategieë word daarna saam met die kind bedink. Die kind word bemagtig deurdat hy self die geleentheid gegun word om keuses uit te oefen. (Vergelyk 3.6.) Op hierdie wyse word die kind se bewussynsvlake verhoog, is hy minder gefragmenteer en kan hy meer geïntegreerd funksioneer. (Vergelyk 3.5.)

Vir die doeleindes van hierdie studie word daar vervolgens in meer besonderhede gefokus op die rouproses as sulks waardeur die kind gedurende die egskeidingsituasie beweeg. Die model van Whiteman (2001:59-113) sal as vertrekpunt benut word met spesifieke verwysing na kenmerkende gedragsreaksies wat veral kinders in hul middelkinderjare, gedurende die verskillende fases van hierdie proses openbaar.

### **2.6.1 Kenmerkende gedragsreaksies van die kind in die middelkinderjare tydens die verloop van die rouproses.**

Whiteman (2001:59) meld 'n belangrike gedagte waarvan kennis geneem moet word, naamlik:

" From preschoolers to adults, there appears to be an instinctive process of grieving. We tend to mourn our losses in general the same way. Yet there are some variations in the way the stages of grieving are experienced and in the speed of the process. Among children, these differences depend on a number of factors, including but not limited to the age of the child, the sex of the child, the way the child relates to both their father and mother, the way Mom and Dad relate to each other, and the stability of the child's environment ".

Hieruit lei die navorser af dat elke kind 'n unieke manier sal hê waarmee hy deur die rouproses beweeg en dat geen veralgemenings gemaak kan word nie. Die terapeut wat met die kind werk, sal ook aspekte of veranderlikes wat die proses moontlik mag beïnvloed deurgaans in ag moet neem. (Vergelyk Whiteman 2001:69-70,79.)

Weens die beperkte omvang van hierdie studie was dit vir die navorser nie moontlik om aandag te skenk aan al die moontlike veranderlikes soos onder andere geslag, geboorte-orde, temperament en ouerskapstyl wat 'n bepalende rol sal speel in die verliesbelewenis, gevoelens en gedragsreaksies van die kind nie. Die navorser erken egter die belangrikheid daarvan. Die verloop van die rouproses in die onderskeie fases, kan skematies soos volg voorgestel word:

## **VERLOOP VAN DIE ROUPROSES**

### **AANVANGSFASE**

A

**Ontkenning**

B

**Woede**

### **SEKONDÊRE FASE**

C

**Onderhandeling**

D

**Depressie**

### **FASE VAN AANVAARDING**

E

**Aanvaarding**

('n Volledige skematiese voorstelling hiervan word as Bylaag I aangeheg)

### **2.6.1.1 Aanvangsfase**

Hierdie fase word hoofsaaklik gekenmerk deur verskeie emosionele reaksies waarvan **ontkenning** en **woede** die mees prominentste is (Van der Merwe 1991:12; Boyd Webb 1999:50-51; Fisher 1999:240; Whiteman 2001:61; Robinson *et al.* 2003:83 en Berg 2003:122). Dié reaksies word deur die kind ingespan as verdedigingsmeganisme teen die realiteit van die oorweldigende emosionele pyn wat hy ervaar (Whiteman 2001:61; Herbert en Harper-Dorton 2002:152-153 asook Zimmerman en Thayer 2003:69).

Hierdie verdediging vind ook meestal onbewustelik by die kind plaas. Daar is dus nie in werklikheid 'n bewustelike intensie by die kind om te wil verdedig of te wil kwaad word nie. Whiteman (2001:61) verduidelik :

" These emotional responses are like a blinking-eye reaction. When something comes too close to the eye, it blinks automatically to protect the eye surface. So it is with the child's defence mechanisms. They kick in automatically when there is a threat of emotional hurt ".

Volgens die gestaltbenadering sal woede en ontkenning by die kind as defleksie verklaar kan word. Defleksie staan bekend as 'n kontakgrensversteuring omdat die kind verdedigend reageer teen bewuswording van die realiteit. (Vergelyk 3.4.7.5.) Met behulp van die gestaltpelerapeutiese proses kan die kind deur middel van sensoriese bewusmaking in kontak gebring word met die hier-en-nou. Die kind se sin vir die self kan daarna versterk word. Deurdat daar aan die kind die geleentheid gegun word om aggressiewe energie te ontlai, asook deur verskeie projeksietegnieke in kontak te kom met sy emosies, ervaar die kind dat hy beheer in homself terug kry. (Vergelyk 3.6.) Dit dra daartoe by dat die kind se bewussynsvlakte verskerp, hy minder gefragmenteerde funksioneer en kan daarom selfondersteunend optree. (Vergelyk 3.5.)

## ONTKENNING

**Ontkenning** is volgens Van der Merwe (1991:41) een van die mees primitiewe menslike verdedigingsmeganismes. Dit behels dat die realiteit van die trauma uit die bewussyn geblokkeer word. Ouers is soms verbaas om te sien hoe kalm 'n kind die aankondiging van 'n egskeiding aanhoor en vind dit vreemd as die kind aanvanklik geen vrae vrae of oënskynlik geen gedragsverandering ondergaan nie (Morgan 1985:24). Gedurende hierdie fase is dit ook niks vreemd dat die kind se gedrag "verbeter" nie. Die kind neig dus om skielik meer **gehoorsaam** te word. Waar daar byvoorbeeld gedurigdeur rusie tussen broers en susters was, sal dit sondermeer ophou sonder enige noemenswaardige verklaring. Whiteman (2001:64) bied egter 'n verklaring vir hierdie oënskynlik vreemde gedrag:

“ I attribute it to a kind of shock that the child experience. As they try to deny the breakup and their feelings about it, they want to avoid behavior that will bring reality crashing down on them. They may also recognize the fact that Mom and Dad is really hurting, therefor they cool it around the house for a while until things blow over “.

Hierdie apatiese gedrag is egter gewoonlik nie toe te skryf aan afwesigheid van 'n gevoel van verlies nie, maar huis aan **ontkenning** as die kind dit moeilik vind om die realiteit te aanvaar (Neuman 1998:112). Gardner (1976:98) maak melding van psigologiese "blindheid" wat onbewustelik op die kind se funksionering inwerk. Die ontkenningsmeganisme is beperkend vir die kind se aanpassing by en aanvaarding van ouerlike egskeiding omrede hy die erkenning van die realiteit van die huweliksverbrokkeling wil ontken (Van der Merwe 1991:44; Charlisch 2003:40). Die kind se vrees om deur die hartseer, woede en verwerping oorweldig te word, blokkeer die erkenning van die egskeiding en die onvermydelike gevolge daarvan. **Fantasie** en **ontkenning** dien dan as onvlugting uit 'n baie moeilike lewensituasie (Wallerstein 1983:235-242; Neuman 1998:130).

Verskeie faktore kan volgens Gardner (1976:99-102); Spilke (1979:18); Van der Merwe (1991:42); Van Staden (1992:180-184); Whiteman (2001:25-37); Charlish (2003:16) en Robinson *et al.* (2003:76-89) die ontkenningsmeganismes aktiveer:

- Sommige ouers baklei nooit voor hul kinders nie en gee so die boodskap deur dat gevoelens onderdruk en uitgestel moet word.
- Ouers verlaat mekaar sonder enige verduideliking aan die kind. Sy vrae word nie deur hul beantwoord nie, met dié rasionalisasie dat hy te klein is om te verstaan wat aangaan.
- Ouers moedig hul kinders aan om hul emosies te ontken met aanmerkings soos om dapper te wees of om nie te huil nie. Gewoonlik ervaar hierdie ouers self 'n onvermoë om hul eie emosies en dié van die kind te hanteer.
- Ouers wat na die egskeiding optree asof die ander ouer nooit deel van hul lewens was nie, ontnem die kind die geleentheid om sy reaksies te erken en deur te werk.
- Soms voel kinders **verleë** en **skaam** teenoor ander kinders oor die ouerlike egskeiding en dit kan ontkenning by die kind veroorsaak. **Leuentaal** kan dan by die kind voorkom in 'n poging om homself te beskerm.

Die ontkenningsmeganisme kan ook op verskeie wyses manifesteer (Van der Merwe 1991:42). Die konkrete denke van die kind lei hom om te dink dat wat hy sien, nie werklik kan gebeur nie (Whiteman 2001:27). Hoewel hy telkens ingelig word dat die ander ouer elders gaan woon, kan die kind dit nie verstaan nie en wil daarom elke keer weet wanneer die ander ouer terug gaan keer, so asof die vraag nog nooit beantwoord is nie (Gardner 1976:101-102; Spilke 1979:17; Neuman 1998:113). Omrede die kind dus reeds oor die vermoë beskik om te redeneer, sal hy volgens Whiteman (2001:63) en Charlish (2003:24-25) baie gefokus wees op hoe sy lewensomstandighede gaan verander en daarom baie **vrae** daaroor wil **vra**.

Hoewel sommige kinders spesifiek en deeglik ingelig word oor die egskeiding, praat en **fantaseer** hulle steeds oor die ander ouer se terugkeer of waar dié hom

bevind (Gardner 1976:102; Van Staden 1992:182; Neuman 1998:112-113; Charlish 2003:138). Speelaktiwiteite en fantasie kan daarop gerig wees om die nie-toesighoudende ouer te herskep. In speletjies soos huis-huis mag die kind obsessief die rol inneem van die nie-toesighoudende ouer. Volgens Van der Merwe (1991:43) en Charlish (2003:51) hoop die kind om die afwesige ouer deur hierdie identifikasie te herwin.

Gevoelens rondom verlating kan ook **ontken** word en op iemand anders of selfs 'n troeteldier verplaas word (Van der Merwe 1991:43). Onderdrukking van vyandigheid is ook dan gewoonlik ter sprake. Die kind voel te skuldig om woede jeens die ouer wat die huis verlaat het, openlik te verbaliseer. Die wens dat die ouer wat die huis verlaat het iets moet oorkom, word omvorm in die vrees dat dit kan gebeur. Indien die kind te skuldig voel om dit te erken, kan die **vrees verplaas** word na iets anders. Dan ontwikkel situasies waar 'n kind uitermate besorg raak oor die welsyn van byvoorbeeld 'n troeteldier en oënskynlik onbewus is van die feit dat een ouer pas die huis verlaat het (Gardner 1976:102-103).

**Idealisering** van die afwesige ouer met **ontkenning** van gebreke kom ook algemeen voor. Onaangename gevoelens word ook dikwels op die toesighoudende ouer geprojekteer (Hart 1982:100-103; Whiteman 2001:73). Gekoppel aan hierdie idealisering, is die ontkenning dat die afwesige ouer nie in die kind belangstel nie (Gardner 1976:103; Van der Merwe 1991:43; Robinson *et al.* 2003:83).

## WOEDE

Sodra die kind die realiteit van die gebeure om hom nie langer kan ontken nie, word hy oorspoel met 'n **magtelose gevoel** van **onsekerheid** (Zimmerman en Thayer (2003:68). Volgens Goldstein (1987:74); Whiteman (2001:68) asook Zimmerman en Thayer (2003:13) word die kind in hierdie stadium van die rouproses gekonfronteer met twee belangrike emosies, naamlik **angs** en **vrees**. Die wyse hoe die kind hierdie gevoelens van angs en vrees hanteer, is met

woede. **Woede** is maar net nog 'n manier van die kind om homself teen die realiteit van die situasie te beskerm (Hart 1982:102-103; Neuman 1998:143; Whiteman 2001:68).

Gardner (1976:180-181); Hart (1982:102) en Zimmerman en Thayer (2003:68-69) beskou **woede** as 'n ingebore beskermingsmeganisme wat deur gevaar geaktiveer word. Dit bepaal hoe doeltreffend die kind die aspekte wat sy voortbestaan of sekuriteit bedreig, kan afweer. Bedreigings word meer effektiel afgeweер wanneer 'n korrekte mate van **woede** aanwesig is. Te min of te veel **woede** is volgens Van der Merwe (1991:47), kontraproduktief. **Frustrasie** is die een faktor wat feitlik verseker 'n **woede**-respons sal ontlok (Hart 1982:103). Volgens Van der Merwe (1991:48) en Herbert en Harper-Dorton (2002:156-157) is daar verskeie aspekte wat vir 'n kind in 'n egskeidingsituasie **frustrerend** kan wees, waaronder stigmatisering, spanningsvolle gesinsomstandighede, 'n **gevoel van verlating** en die belewenis dat hy 'n oorlas mag wees. Al hierdie gevoelens laat die kind **verward**, **onseker** en **weerloos** (Berner 1992:22; Zimmerman en Thayer 2003:27-28). By die kind in die vroeë middelkinderjare vind **woedebuie** meestal plaas net voor of net na besoeke aan die nie-toesighoudende ouer. Hierdie gedragreaksie hou volgens Neuman (1998:143-144) en Whiteman (2001:72) verband met die kind se gevoel van **onsekerheid** en **angs** teenoor sy nuwe omstandighede en behoort af te neem sodra die kind deur sy woede, kenmerkend aan hierdie fase, gewerk het. Felner in Van der Merwe (1991:48) het 'n aantal studies oor die effek van ouerlike egskeiding op die kind ontleed en tot die gevolgtrekking gekom dat woedegedrag, **aggressie** en anti-sosiale gedrag die gevolge is wat konsekwent aanwesig is. (Vergelyk Hart 1982:104.)

Kinders in egskeidingsituasies se frustrasietoleransie is dus gewoonlik laag en probleme met gesag en die navolging van reëls word ondervind (Tugendhat 1990:20). Hierdie kinders word egter juis blootgestel aan uitermate hoë **frustrasie**. Dit kan 'n woedereaksie en aggressiewe gedrag ontlok (Van der

Merwe 1991:48; Hart 1982:105 en Neuman 1998:34). Morgan (1985:33) verduidelik:

“... anger is expressed through displacement towards teachers, friends, and siblings, or in temper tantrums acted out in the classroom ”.

Gardner (1976:190) en Robinson (1999:272) sluit by bogenoemde skrywer aan as hy meld dat kinders wat uitermate hoë **frustrasie, vrees, angs en woede** beleef, soms nie oor hanteringsmeganismes beskik om dit te kan hanteer nie. (Vergelyk Robinson 1999:284.) Die kind begewe hom aldus Wallerstein en Blakeslee (1989:307) midde in 'n dilemma. Hy is **kwaad** vir die persoon van wie hy eintlik afhanklik is. (Vergelyk ook Zimmerman en Thayer 2003:50-51.) Gardner (1976:181) verduidelik soos volg:

“ The child is captive prey; he is too small to fight and too dependant to run ”.

Die kind kan dus nie veg of vlug nie. Die kind besef reeds nou dat die probleem ook nie weggaan deur dit te ontken nie. Omrede die kind gewoonlik nie in staat is om aan hierdie emosies verbaal uiting te gee nie, kom dit in ander gedragsreaksies na vore. Charlish (2003:16) verduidelik:

“ Children are seldom capable of taking one or other parent aside and telling them that they feel **guilty, angry, fearful or sad**, although these are indeed the emotions most commonly experienced by children of separating parents. Children express their feelings much more effectively by what they do rather than by what they say ”.

Die kind hanteer dus weereens die situasie deur die pyn van sy verlies te deflekter na ander mense of na die omgewing in die algemeen. Tipiese gedragreaksies soos die volgende, kom nou na vore:

- onderdrukking of inkering (keer woede na binne)
- sublimasie (speel oorlogspeletjies)
- verplasing (slaan broer of maat by skool)
- plaasvervangende ontlading (kyk televisie)
- projektering (dis nie my skuld nie, maar syne)
- simboliese ontlading (drome en fantasie)

(Gardner 1976:190; Hart 1982:104-105; Morgan 1985:32-33; Robinson 1999:273; Whiteman 2001:69; Charlisch 2003:16-17; Ferreira en Read 2004:216).

Op hierdie stadium in die rouproses word die kind gekonfronteer met die reuse taak om deur sy **woede** en **agressie** te werk en te erken dat sy ouers net mense is wat ook swak is en foute kan maak (Wallerstein en Blakeslee 1989:307). Kinders neig ook gedurende hierdie stadium om hulle **woede** en **frustrasie** teenoor die toesighoudende ouer te ventileer (Van der Merwe 1991:59 en Charlisch 2003:51). Alhoewel hulle die ander ouer **blameer** dat dié hulle verlaat het, ventileer kinders eerder hul emosies teenoor die toesighoudende ouer (Berg 2003:129). Nie alleen omrede die ouer beskikbaar is nie, maar ook omdat die kind by daardie ouer meer gemaklik en veilig voel om sy emosies te ventileer (Whiteman 2001:73).

Dit is noodsaaklik om die kind toe te laat om hierdie **woede**, **frustrasie** en gepaardgaande **angsgevoelens** te beleef (Fisher 1999:240). Deur die kind die reg te ontneem om dit te beleef, veroorsaak dat hy hierdie **woede** onderdruk.

Hart (1982:105) verduidelik soos volg:

“ The feeling of **anger** should never be inhibited. One should always have the freedom to feel one’s anger. In fact the more open we are in admitting when we feel angry, the better. Being in touch with the feeling of anger helps us to recognize that something is bothering us “

Onderdrukte **woede** kan volgens Gardner (1976:182); Hart (1982:101-105); Van der Merwe (1991:49); Neuman (1998:40-41); Boyd Webb (1999:50-51); Charlisch (2003:55) in destruktiewe gedrag na vore kom. Gardner (1976:190) motiveer waarom hierdie gedrag negatief vir die kind is:

“Children who handle their anger neurotically feel excessively guilty over their anger, repress it, channel into symptoms that are ostensibly good resolutions – but in fact are not ”.

Die volgende **destruktiewe gedrag** waaronder kompulsiewe rituele, selftwyfel, selfvervreemding, verplaasde woede, leuentaal, vernietiging van artikels, nagmerries, spanning en angsaanvalle, projeksie, fobies asook depressie, word in die literatuur onderskei (Gardner 1976:182-185,190,210-215; Van der Merwe 1991:50-53; Wordon 1996:147-148; Zwarts 1999:92-93; Whiteman 2001:78; Charlisch 2003:16-17,57; Zimmerman en Thayer 2003:68 asook Ferreira en Read 2004:214-216).

Wanneer die kind dus die eerste keer gekonfronteer word met die egskeiding van sy ouers, word hy oorspoel met ‘n hele aantal emosies waarvan **ontkenning** en **woede** die prominentste is. Hierdie emosies maak deel uit van die aanvangsfase van die rouproses waardeur die kind gaan beweeg ten einde sy verlies te beleef en te verwerk en uiteindelik ook te aanvaar. Volgens Whiteman (2001:79-81) en Charlisch (2003:41) kan hierdie fase van ‘n paar weke tot ‘n paar jaar duur,

afhangend van verskeie veranderlikes wat by die kind 'n rol speel. Dis ook nie onmoontlik dat die kind in die rouproses kan regresseer nie. Veranderinge en situasies wat die kind aan sy pyn en verlies herinner, dwing die kind soms om te **regresseer** (Goldstein 1987:32; Neuman 1998:8,115 en Whiteman 2001:79). Sodra die realiteit van die egskeiding deur die kind se verdedigingsmeganisme breek, is die kind nou gereed om na die volgende fase van die rouproses te beweeg.

Tydens die gestaltpelterapeutiese proses word daar veral in hierdie fase klem gelê om die kind se bewussynsvlake vir die hier-en-nou, deur sensoriese stimulasie en aggressiewe energie-ontlading, te verskerp. Die kind word deur verskeie vorme van spel en projeksietegnieke die geleentheid gegun om in kontak te kom met sy emosies van **ontkenning** en **woede** en hy word die reg gegee om hierdie emosies te mag beleef en te besit. (Vergelyk 3.6.2 en 3.6.3.)

### **2.6.1.2 Sekondêre fase**

Teen hierdie tyd het die kind tot die besef gekom dat die pyn en verlies nie weg gaan deur dit te ontken nie en die ontlading of verbalisering van sy **woede**, **angs**, **vrees** en **frustrasie** net die omstandighede vererger. Dié ontdekking meen Whiteman (2001:84) laat die kind nog **meer magteloos** voel. Die kind kan dus nie langer die waarheid van die realiteit deflekteer in 'n poging om homself te beskerm nie. Wanneer die kind tot hierdie besef kom, tree hy toe tot die daaropvolgende sekondêre fase in die rouproses. Whiteman (2001:84) verduidelik:

" This new phase is distinguished by the fact that your child's primary way of dealing with the situation has changed from deflection or avoidance to distortion or filtering of information. Now the external input is able to reach the inner self, which means it begins to affect the child – perhaps even causing your child to feel worse" .

Nuwe verdedigingsmeganisme soos **onderhandeling**, **onttrekking** en **verdraaiing** van feite om die kind se interpretasie te pas, kom nou na vore (Whiteman 2001:84). Hierdie nuwe stel verdedigingsmeganisme is noodsaaklik omrede die kind steeds nie emosioneel sterk genoeg is om die realiteit van sy pyn en verlies ten volle in die oë te kyk nie. (Vergelyk Van Staden 1992:177-178.) Die kind hanteer dus sy emosies tydens hierdie fase van die rouproses op 'n ander manier. In plaas daarvan om dit te ontken of te deflekter, laat die kind homself toe om tog op 'n manier kontak met sy pyn en verlies te maak (Neuman 1998:130).

Gedurende die tweede fase van die rouproses ervaar die kind steeds dieselfde emosies soos **woede**, **angs**, **verwardheid**, en **frustrasie** as tydens die aanvangsfase met die verskil dat **skuldgevoelens**, **hartseer** en **depressie** ook by die kind sal begin manifesteer (Neuman 1998:5; Whiteman 2001:84-85 en Charlisch 2003:18).

Volgens die gestaltbenadering sal **skuldgevoelens**, **hartseer** en **depressie** as die verdedigingsmeganismes retrofleksie en introjeksie verklaar kan word. (Vergelyk 3.4.7.1 en 3.4.7.4.) Sowel retrofleksie as introjeksie word nou deur die kind as kontakgrensversteuring ingespan om homself teen die **pyn** en **hartseer** van die realiteit van sy verlies te beskerm. Retrofleksie verhoed dat die kind bewustelik kontak maak met die realiteit en dit perk behoeftbevreding en balans in. Introjeksie verhoed weer dat die kind se organismiese selfregulering intree en sy balans herstel word. (Vergelyk 3.4.2.)

## **ONDERHANDELING**

Gedurende hierdie fase dryf **frustrasie** die kind om te onderhandel. Onderhandeling is 'n vorm van **manipulasie** wat die kind gebruik om die pyn te versag en die situasie so te verdraai of verander, sodat dit vir hom meer aanvaarbaar of hanteerbaar is (Whiteman 2001:85). Die kind wil die pyn van die realiteit ten alle koste vermy en daarom word bevind dat **fantasering** oor ouers

wat sal herenig algemeen by ses- tot agtjariges voorkom (Hart 1982:29). Ouer kinders neig weer daartoe om omstandighede vir hereniging te wil **manipuleer** (Neuman 1998:128; Whiteman 2001:86). Die kind verbaliseer egter baie selde hierdie behoeftes, maar dit beteken nie dat dit gedurig deel uitmaak van die kind se vrugbare verbeelding of denkpatroon nie. (Vergelyk Charlisch 2003:16).

Die dryfkrag agter die onderhandelingstaktiek van die kind, is weereens **frustrasie**. Die kind begin nou letterlik planne beraam om 'n einde te bring aan die emosionele pyn en verlies wat hom in die oë staar. Whiteman (2001:86) verwoord die kind se **frustrasie** soos volg:

“...my **anger**, **guilt**, or **sadness** only makes me feel worse. The only way I'm going to feel better is to get my parents back together. Or, things will only get better if I can help my mom find a new daddy for us”.

Kleiner kinders sal dus begin **fantaseer** en presenteer met 'n **herenigingsfantasie** (Van der Merwe 1991:68; Neuman 1998:128 en Charlisch 2003:51). Die voorkoms van 'n herenigingsfantasie of selfs direkte pogings van die kind om sy ouers te laat versoen, het volgens Gardner (1976:235) verskeie oorsaaklike faktore. Die ouers slaag soms nie daarin om die sielkundige skeidingsaf te handel nie, al is die wetlike gedeelte daarvan lankal reeds deurgevoer. (Vergelyk Van Staden 1992:125-144.)

Die mees algemene manifestasie van die voortgesette band tussen die ouers, is die instandhouding van vyandige gevoelens. Vreemd genoeg dui 'n vyandige verhouding vir die kind daarop dat daar dieper emosionele verbondenheid tussen die ouers is, as wanneer die verhouding relatief konflikvry en platonies is. In 'n vyandige verhouding skrywe Van der Merwe (1991:68) bestee die ouers baie tyd en energie aan hul betrokkenheid by mekaar. Dit laat die kind onder die indruk dat die ouers mekaar nog steeds nodig het. By die kind kan dit dus die **hoop**

skep dat versoening moontlik is (Whiteman 2001:87,89). Die kind mag selfs die konflik tussen ouers aanwakker, omdat dit by hom die **hoop op versoening** gee eerder as geen kontak (Van der Merwe 1991:68).

Die kind se preokkupasie om sy ouers te herenig, mag ook verder aangehelp word wanneer die ouers besluit om vriendelike en beskaafde betrokkenheid by mekaar te vermy huis om te voorkom dat die kind op versoening sal hoop. Dit is dikwels volgens Gardner (1976:249) rasionalisasie aan die kant van die ouers, omdat hul vrees vir oorbetrokkenheid in die tyd wat hul sukkel om bande met mekaar te verbreek. Whiteman (2001:88) is van mening dat die kind hierdie spanning sal aanvoel en daarby betrokke raak.

‘n Verdere algemene bydrae tot die kind se **preokkupasie met versoening**, is volgens Wallerstein (1983:240) wanneer ‘n ouer ook steeds hoop op versoening. Wanneer ‘n kind se verhouding met die afwesige ouer beter is as met die toesighoudende ouer, kan die kind ook bly **hoop** op versoening sodat hy meer tyd met die afwesige ouer kan bestee (Van der Merwe 1991:69). Gardner (1976:251-253) en Charlisch (2003:141-142) beskou dit as wenslik dat die kind substituutverhoudings met ander volwassenes en sy portuurgroep moet aanknoop. Waar dit nie gebeur nie, is die kind ook geneig om ‘n preokkupasie te ontwikkel om sy ouers weer te versoen. (Vergelyk Van Staden 1992:177.)

Gedurende hierdie fase bly sekere aspekte nog gedeflekteer omrede, die realiteit van die pyn daarvan vir die kind net te erg is om te beleef. Dit gebeur dikwels volgens Wallerstein en Blakeslee (1989:304), asook Whiteman (2001:85) dat die kind sal **regresseer** terug na die fase van ontkenning. Sodra die kind egter besef dat manipulering of fantasering nie die situasie gaan verander nie, tree **depressie** na vore (Neuman 1998:130).

## DEPRESSIE

Sodra die kind besef dat daar geen kans meer bestaan dat sy ouers sal versoen nie en dat daar geen ander uitweg meer is as om die realiteit van sy verlies te aanvaar nie, word die kind oorval met 'n magtelose gevoel van **depressie** (Neuman 1998:130; Whiteman 2001:90). **Depressie** is 'n natuurlike emosie wat gedurende hierdie fase na vore kom. Dit versmoor as't ware die pyn en verdraai alle nuwe inligting of gevoelens waarmee die kind gekonfronteer mag word (Whiteman 2001:85).

Reaktiewe **depressie** (Swartz 1999:97; Whiteman 2001:89) manifesteer dikwels by kinders op een van die volgende gedragsreaksies soos wat deur verskeie outeurs beskryf word (Gardner 1976:110-114; Morgan 1985:23; Wallerstein en Blakeslee 1989:81; Van der Merwe 1991:46-47; Berner 1992:44; Van Staden 1992:180-183; Shapiro 1994:31-39; Neuman 1998:130-133; Zwarts 1999:94; Whiteman 2001:90-92 asook Ferreira en Read 2004:225):

- verlies aan aptyt
- ooreet
- diefstal
- seksuele promiskuïteit
- verminderde belangstelling in skoolwerk
- algemene apatie
- verlies aan genot deur spel en portuurgroepverhoudings
- konsentrasiestoornisse
- intense hartseer
- hulpeloosheid
- moedeloosheid
- prikkelbaarheid
- selfneerhaling
- onttrekking
- preokkupasie met selfmoord
- gevoel van magtelosheid en kwesbaarheid

- ekstreme verveeldheid
- regressie.

Kinders tussen ses en agt jaar raak veral uitermate **hartseer** en **onttrek** hulself dikwels van aktiwiteite (Hart 1982:29). Seuns neig veral daartoe om **hiperaktief** te raak en **uitreagerende gedrag** te toon (Neuman 1998:140,150; Whiteman 2001:90). **Hiperaktiwiteit** en **onbeheerbare gedrag** mag egter ook tekens wees van "gemaskerde" (*masked*) **depressie** (Shapiro 1994:42; Neuman 1998:130). Whiteman (2001:91) verduidelik soos volg :

" Even though these children seem to have a high activity level and are quite **anxious**, the underlying feeling is still **depression**. They merely cover their **sadness** with tasks or **troublemaking** " .

Skoolaktiwiteite en prestasies neig om te verswak, aangesien die kind se emosionele energie vasgevang word deur die verliese wat hy beleef. Ses- tot agtjariges neig ook om gedurende hierdie fase weer **onveilig** te voel en **skeidingsangs** asook 'n **oormatige gehegtheid** aan die toesighoudende ouer kom algemeen voor (Neuman 1998:31,154; Whiteman 2001:92 en Charlisch 2003:16-17).

Al die kenmerke hoef uiteraard nie tegelykertyd aanwesig te wees nie. Van der Merwe (1991:47) en Whiteman (2001:91) meld dat die kind se ouderdom en temperament veranderlikes is wat in hierdie opsig 'n belangrike rol sal speel. Gardner (1976:111) asook Van der Merwe (1991:47) meld dat **depressie** minder algemeen by kinders as volwassenes voorkom vanweë die kind se natuurlike herstelvermoë en sy vermoë om primitiewe ontkenningsmeganismes in te span. Whiteman (2001:90) verskil egter en is van mening dat **depressie** toenemend meer by kinders voorkom. Die navorsing neig om eerder laasgenoemde argument te ondersteun.

'n Verdere bydraende faktor tot **depressie** by kinders is wanneer depressie by ouers, veral by die toesighoudende ouer, self voorkom. Wanneer hierdie ouer die egskeiding oorheersend negatief beleef en min hoop of verwagtinge koester, sal die kind moontlik ook so reageer (Van der Merwe 1991:47; Shapiro 1994:31,36). Wanneer die kind die ouer se verlating as 'n verwerping van homself eerder as die van die ander ouer beleef, is dit volgens Gardner (1976:112) niks vreemds dat hierdie kind tekens van **depressie** sal toon nie.

**Regressie** is ook 'n gedragsreaksie wat aldus Goldstein (1987:31); Neuman (1998:154) asook Whiteman (2001:91) hand aan hand met **depressie** loop. Die kind **regresseer** in die waarheid terug in sy ontwikkelingsfase na vorige ontwikkelingstadiums in 'n poging om bevredigende ervaringe wat toe beleef is, te herwin (Gardner 1976:163; Goldstein 1987:32). Hy kan egter ook gefikseer bly op dievlak wat hy reeds bereik het, sodat hy die eise van 'n nuwe ontwikkelingsvlak kan vermy (Van der Merwe 1991:61).

Van Seters (1980:74) beskou **regressie** as 'n energiebesparende terugval in ontwikkeling. Die kind kan hiérdie energie eerder benut om by sy veranderde omstandighede en verlieservarings, aan te pas. Schoyer (1980:5) asook Whiteman (2001:92) beskou **regressie** as 'n verdedigingsmeganisme wat die kind help om 'n moeilike situasie te hanteer.

Vanuit die literatuur word verskillende gedragswyses waarop **regressie** kan manifesteer, vermeld (Gardner 1976:164; Schoyer 1980:5; Goldstein 1987:32-33; Van der Merwe 1991:61-62; Neuman 1998:154; Whiteman 2001:92; Charlisch 2003:16-17):

- infantiele en eisende gedrag
- verswakte eetpatroon
- verswakte toiletgewoontes
- woede uitbarstings
- prikkelbaarheid

- lae frustrasietoleransievlekke
- klouerigheid en skeidingsangs
- nabootsing van jonger gesinslede
- nagmerries
- begeertes om eerder dood te wees
- brandstigting
- hernieuwe belangstelling in troetelobjekte.

Berner (1992:44); Shapiro (1994:43) en Neuman (1998:154) dui aan dat **regressie, depressie, angs** en ‘n **gebrek aan hoop** by die kind in ‘n egskeidingsituasie waargeneem word, wat kan lei tot ‘n **swakker selfevaluering**. Pretorius in Read (2002:44) ondersteun hierdie mening en meld dat psigosomatiese klagtes meer algemeen by hierdie kinders voorkom. Hul onderskeidingsvermoë tussen reg en verkeerd word ook aangetas. Hierdie kinders begryp sommige aspekte rakende die egskeiding, maar beskik nie oor mekanismes om hierdie hartseer gebeurtenis ten volle te verwerk nie. Voortdurende onderliggende **hartseer** het volgens Chiriboga en Catron in Read (2002:44) ook ‘n effek op die kind se karakterontwikkeling, siening van die self, asook verhoudings met maats en volwassenes. Kinders in egskeidingsituasies toon **kroniese hartseer, gedragsprobleme, ‘n lae selfevaluering, tree minder entoesiasties** op, kom **bekommerd** voor, vermeld fisiese klagtes, voel **magteloos, sonder hoop** en meld dat meer slegte goed met hulle gebeur (Ellis 2000:196).

Vanuit die literatuur word **hipervolwassenheid** as ‘n verdere gedragsreaksie vermeld wat gedurende hierdie fase by sekere kinders, veral dogters ouer as agt jaar, kop mag uitsteek (Wallerstein 1985:117-122; Wallerstein en Blakeslee 1989:299-300; Tugendhat 1990:15; Van der Merwe 1991:63-67; Neuman 1998:148-150; Whiteman 2001:92; Zimmerman en Thayer 2003:12). **Hipervolwassenheid** kan in hierdie geval as die polariteit van **regressie** beskou word. Voortgesette antagonisme tussen ouers kan die kind dwing om op sy

hoede te wees in gesprekke, sodat inligting nie onthul word wat die ouers kan ontstel nie. Ten einde ekwilibrium in die veranderde sisteem te herstel, kan die kind poog om die ouers se behoeftes aan versorging, kameraadskap en beskerming te bevredig. Dit vereis alles 'n verhoogde sensitiwiteit en volwassenheid by die kind. Rolgedrag kan verander wanneer die kind take van die afwesige ouer oorneem (Van der Merwe 1991:63).

Wallerstein (1985:119) gebruik die term oorbelaste kind om hierdie situasie te beskryf. Hierdie kinders kan nie hul ontwikkelingspas herwin nie, omdat die verantwoordelikhede wat hul moet aanvaar te langdurig en moeilik is. Vier groepe kinders word deur Wallerstein (1985:117-122) onderskei:

Eerstens is daar diogene wat vir hul eie versorging verantwoordelikheid moet aanvaar en wat dit buite hul vermoë vind. Hierdie groep kinders voel dikwels **onveilig** en **onbeskermd**. Dié kinders se verantwoordelikhed vir hul eie versorging, maak dit ook vir hul nodig om hulself te troos en hul eie vrese te bemeester. Sommige kinders dra ook swaar aan die verantwoordelikhed vir die versorging van jonger kinders. Wallerstein (1985:119) sien emosionele en fisiese verwaarlozing van kinders in egskeidingsituasies as 'n algemene verskynsel.

Tweedens is daar dié kinders wat vir die gesin spesiale sielkundige betekenis kry in reaksie op een of albei ouers se regressie. Die kinders is verantwoordelik vir die veeleisende instandhouding van hul ouer(s) se psigiese funksionering. Gewoonlik is dit die kinders wat meer **kwesbaar** is en meer **besorg** is oor die ouer wat in die versorgersrol geplaas word (Zimmerman en Thayer 2003:12-13).

Derdens is daar dié kinders wat die teiken is van voortdurende rusies en twis tussen die twee ouers (Goldstein 1987:129; Zimmerman en Thayer 2003:15). Selfs indien die dispuut formeel in die hof afgehandel is, kan die kind steeds ly onder 'n hofbevel wat nie sy belang op die hart dra nie. Daar is tale redes vir konflik tussen ouers en kinders. Wat dit ook al mag wees, dit bring vir die kind net verdere ontwrigting en trauma mee (Van der Merwe 1991:64). **Verdeelde lojaliteite** en gepaardgaande **skuldgevoelens** kan die aanpassing van die kind

ernstig strem (Goldstein 1987:33; Tugendhat 1990:10; Osuna en Boyd Webb 1999:255,266).

Vierdens is daar die kinders wat 'n tweede ouerlike egskeiding moet hanteer en wat nie die impak van twee ontwrigtings kan oorbrug nie. Die kumulatiewe stres-veranderlike speel hier 'n rol.

Die onrealistiese verwagtinge wat ouers aan hipervolwasse kinders stel, beïnvloed hul totale funksionering nadelig (Wallerstein 1985:121; Zimmerman en Thayer 2003:16). Hul ervaar dikwels **intense woede, voel vasgevang** deur die ouer(s) se afhanklikheid en het **min hoop** dat hul eie behoeftes bevredig sal word. Hul ervaar sterk **ambivalente gevoelens**, naamlik 'n werklike besorgdheid oor die ouer en 'n begeerte om te help, teenoor die **woede** en **skuldgevoelens** oor hulle wens om daarvan te ontsnap (Goldstein 1987:33). Wallerstein (1985:122) maak die opmerking dat dit die samelewing lank geneem het om te besef dat met die verbrokkeling van ondersteunende strukture in die gesin en die gemeenskap daar nou 'n groter las op kinders is om hulself en soms hul ouers ook, te ondersteun.

Ouerlike sinksie by die kind ten opsigte van **hipervolwassenheid** is volgens Gardner (1976:170) nie altyd teenwoordig nie. Die kind ontwikkel die ingesteldheid in 'n poging om in beheer te voel van die situasie (Neuman 1998:148-149; Zimmerman en Thayer 2003:13). Kinders is swak en hulpeloos en teikens vir verwerping en verlating. 'n Volwassene is meer in beheer en veiliger en daarom neem die kind die rol aan. Die kind voel dus op 'n kunsmatige wyse meer geborge.

'n **Hipervolwasse** kind kan volgens Gardner (1976:169); Wallerstein (1985:122); Van der Merwe (1991:65); Whiteman (2001:106) en Zimmerman en Thayer (2003:12)呈现met gedrag soos:

- volwasse maniere
- spraakintonasie wat by 'n volwassene hoort

- voortdurende gebruik van groot woorde en terme
- paternalisme jeens ander kinders
- teregwysing en dissiplinering van jonger kinders
- soeke na die guns van onderwysers.

Ander simptome van die oorbelaste, hipervolwasse kind is onder meer **slaapstoornisse**, **fisieke probleme**, **vrees vir verlating**, **passiwiteit** rakende skoolwerk, **wantroue**, **swak portuurverhoudings**, **waaksamheid** en **emosionele inperking** (Gardner 1976:169; Wallerstein en Blakeslee 1989:300; Van der Merwe 1991:65; Zimmerman en Thayer 2003:23).

Die kind van geskeide ouers se sekuriteit word aangetas deur die verlating van een ouer. Selfs al word hy voortdurend gerusgestel dat die afwesige ouer hom nie verlaat het nie, maar hom steeds baie lief het, neig die kind om te glo dat hy verlaat is. Hancock in Van der Merwe (1991:53) meld dat daar by hiérdie kinders 'n algemene **vrees vir verlating** voorkom. Die ouerlike skeiding veroorsaak 'n algemene gevoel van wantroue, wat die kind geneig is om oor te dra op alle ander verhoudings. Die gebrek aan stabiliteit en sekuriteit kan dus die kind met **angsgevoelens** vul (Wallerstein en Blakeslee 1989:297; Zimmerman en Thayer 2003:68). Die kind kan hierop met **paniek** reageer waartydens hy sweet, hartkloppings en bewerigheid ervaar (Van Zyl 1997:52; Fisher 1999:241). Die kind mag ook allerlei **onrealistiese vrese** ontwikkel. Met die fyn waarneming wat 'n kind openbaar, kan hy aanvoel dat die toesighoudende ouer se lewe minder gekompliseerd sou wees as hy nie daar was nie. Hy kan voel dat hy '**n las**' geword het. In die moeilike aanpassingstyd na die ekskeiding kan die toesighoudende ouer, veral as dit die moeder is, ook voel dat haar lewe veel makliker sou wees indien daar nie 'n kind betrokke was nie. By geleentheid mag sy selfs haar frustrasie met die situasie verbaliseer en sodoende tot meer **skuldgevoelens** by die kind aanleiding gee (Van der Merwe 1991:54; Osuna en Boyd Webb 1999:255; Charlisch 2003:41; Zimmerman en Thayer 2003:69).

Verskeie outeurs meld die aanwesigheid van **skeidingsangs** (Gardner 1976:117; Van Zyl 1997:52; Fisher 1999:241; Neuman 1998:101-102,120-121, 286; Zwarts 1999:97-98). Die kind se vrees dat hy verlaat sal word, raak so groot dat hy fisiek nie van sy ouer wil skei nie.

**Skuldgevoelens** is 'n verdere kenmerkende emosie wat met hierdie fase verband hou (Shapiro 1994:33-36; Neuman 1998:108-109; Whiteman 2001:34; Berg 2003:125). Reeds lank voor die ouers se egskeiding raak die kind gewoonlik bekend met die konsep van blaam (Van der Merwe 1991:59). Wanneer ouers rusie maak, word beskuldigings heen en weer gegooi. Dit is daarom heel verstaanbaar dat die kind sal wonder wie se skuld dit was as die huwelik ontbind. Verskeie outeurs is dit eens dat **ontoepaslike skuldgevoelens** algemeen by kinders na ouerlike egskeiding voorkom (Gardner 1976:145; Van der Merwe 1991:59; Van Staden 1992:183; Shapiro 1994:37; Neuman 1998:5,108-109, 236-238; Whiteman 2001:84; Charlisch 2003:41; Zimmerman en Thayer 2003:9,61). Kinders glo nie in 'n sogenaannde "no-fault" egskeiding nie (Wallerstein 1983:239). Hulle **blameer** een of albei ouers, maar meestal hulleself (Wallerstein en Blakeslee 1989:306). Hoewel hierdie **selfblaam** gewoonlik onrealisties is, kan dit lei tot **skuldgevoelens** by die kind wat volgens Spilke (1979:20) vererger wanneer die ouers die kinders verwyt en beskuldig. Die kind se egosentrisme en konkrete denke is egter volgens Shapiro (1994:35) en Whiteman (2001:31-34) die hoofoorsaak dat hy daartoe geneig is om **homself** vir die egskeiding **te blameer**.

Hoewel hierdie depressie-fase volgens Whiteman (2001:96) een van die langste en ongemaklikste fases is, dien dit tog op die ou einde 'n goeie doel. Vir die eerste keer staak die kind sy gedrag om die situasie te probeer beheer en te manipuleer en begin hy geleidelik om sy veranderde omstandighede te aanvaar. Hierdie fase is deel van die normale rouproses waardeur die kind moet beweeg en Whiteman (2001:97) waarsku daarteen dat kinders se emosies van

**depressie, hartseer en skulgevoelens** as onbelangrik afgemaak moet word. (Vergelyk Hart 1982:29 en Jensen en McKee 2003:7.)

Die gestaltpselterapeutiese proses bied aan die kind die geleentheid om in kontak te kom met sy emosies van **depressie, hartseer en skulgevoelens**. Onvoltooide behoeftes word met behulp van verskeie projeksietegnieke na die kind se bewussynsvlak gebring en die kind word die geleentheid gebied om hierdie behoeftes te ervaar, verbaliseer, erken en te besit. (Vergelyk 3.6.)

#### **2.6.1.3 Fase van aanvaarding**

Alle geskeide ouers wil graag hê dat hul kinders so vinnig as moontlik by die punt van aanvaarding sal kom. Whiteman (2001:102,109) waarsku dat dit glad nie so eenvoudig is nie en dat die rouproses vir die kind 'n natuurlike reaksie is wat nie aangejaag of kunsmatig ryg gedruk moet word nie. Volgens Charlish (2003:41) kan dit kinders 'n lang tyd neem om werklike aanvaarding en begrip te ontwikkel vir hierdie verliesbelewenis wat hul weens hul ouers se egskeiding belewe het. Hierdie fase word gekenmerk deur die feit dat die kind sy verdedigingsmeganismes nou binne gesonde perke gebruik.

Whiteman (2001:104) verduidelik soos volg:

“ Instead of deflecting or distorting their feelings, the children are now able to allow new information about the family or the environment to affect them directly. Most information passes through the defence layers and is able to reach the inner self without distortion. This is the way healthy individuals deal with their world. The defence system is still in place, however, because we all need protection at times when information is too hurtful to absorb. ... Yet when we are in the acceptance phase, we are able to deal honestly with most input from our world and then learn and grow from the experience. This is known as **coping** ”.

Die kind is dus nou gereed om die realiteit in die oë te staar en deur sy pyn en verlies te werk. Teen die tyd dat die kind hierdie fase bereik het, het daar reeds 'n groot mate van bewuswording van al sy verliese plaasgevind. Die kind het nou die punt bereik dat hy sy veranderde lewensomstandighede aanvaar.

Ses- tot agtjariges verval gedurende hierdie tyd weer in hul ou patroon van kinderlike spel, fantasie en vertroue. Kinders ouer as agt jaar, toon nou tekens van **hipervolwassenheid** as 'n hanteringswyse van hul nuwe omstandighede (Neuman 1998:148-149; Whiteman 2001:106). Soos wat die tyd vorder, herwin die kind dus weer sy **selfvertroue** en kan hy sy aandag fokus op skoolwerk, maats en ander verhoudinge buite die huis.

Die kind bereik volgens Whiteman (2001:110) hierdie fase veel makliker indien die ouers ook in hul verhouding met mekaar hierdie fase van aanvaarding bereik het. Indien die ouers voortgaan om jaar na jaar te twis en die kind as speelbal gebruik om mekaar seer te maak, sal 'n kind hierdie fase moeiliker bereik (Charlish 2003: 5,91,94,144).

Dit is egter belangrik om te onthou dat die kind, sodra hy met nuwe ontwikkelingstake in nuwe ontwikkelingsfases gekonfronteer word, weer deur die volle rouproses van voor af kan beweeg, al het hy reeds vroeër aanvaarding bereik (Whiteman 2001:113). Die rede vir hierdie gedrag kan toegeskryf word daaraan dat die kind soos hy ouer word, ander persepsies of gewaarwordinge gaan beleef van die verliese wat hy gehad het vanweë sy ouers se egskeiding. Whiteman (2001:105) verduidelik:

“ Children cannot really mourn the loss until they can understand what it is that they have lost “.

Kenmerkende gedragsreaksies van hierdie fase word in die literatuur soos volg vermeld (Wallerstein 1983:237; Van der Merwe 1991:75; Neuman 1998:186-187 en Whiteman 2001:106-107):

- herstel van **selfvertroue**
- kind keer terug na sy **normalevlak van funksionering** by die skool, ook met skooltake en huiswerk
- fokus weer met **belangstelling** op nuwe of bestaande vriendskappe
- **aanvaar** nuwe lewensomstandighede, sodat nuwe aanpassings nie meer nodig blyk te wees nie
- **realisme**
- **raak betrokke** by gesinsbesluitneming
- **hipervolwassenheid.**

Gestaltpelterapie bied aan die kind in hierdie fase van die rouproses die geleentheid om met die hulp van verskeie mediums sy **onvoltooide behoeftes** en **vrese** deur projeksies weer te gee. (Vergelyk 3.6.) Deurdat die kind gehelp word om hierdie projeksies na die realiteitsvlak te bring, maak die kind kontak met homself in die hier-en-nou en verkry hy **insig** in hoe 'n mate die verliese en pyn van die verlede, die hede beïnvloed. Alternatiewe word bedink en die kind word sodoende **bemagtig**, terwyl sy organismiese selfregulering versterk word. (Vergelyk 3.4.2.) Met verhoogde bewussynsvlakte funksioneer die kind nou minder gefragmenteerd en raak hy daarom meer **selfondersteunend**. (Vergelyk 3.5.)

## 2.7 Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar hoofsaaklik klem gelê op die identifisering van verskillende verlieservarings, gevoelens en gedragsreaksies wat kinders in die middelkinderjare gedurende hul ouers se egskeiding, mag beleef en vertoon. Dit het duidelik geword dat hierdie kind 'n hele aantal verliese beleef wat op sy beurt weer 'n invloed het op die manier hoedat die kind die egskeiding beleef.

Daar is tot die slotsom gekom dat die kind se verliesbelewenis soortgelyk is aan die normale rouproses waardeur 'n persoon gaan wanneer hy iets of iemand wat betekenisvol vir hom was, verloor. Gedurende die verskillende fases van die rouproses reageer die kind met spesifieke gedragsreaksies wat sy funksionering en aanpassing grootliks beïnvloed.

Deur oor genoegsame kennis rakende die rouproses en die rol van gepaardgaande gedragsreaksies te beskik, is dit vir die spelterapeut moontlik om met behulp van die gestaltpelterapeutiese proses, sinvol met die kind kontak te maak en by sy leefwêreld aan te sluit. Sodoende kan terapeutiese insette gelewer word, wat daartoe kan bydra dat die kind begelei word om die trauma van egskeiding te verwerk en te hanteer. Die kind ervaar sodoende verhoogde bewussynsvlakte, funksioneer minder gefragmenteerd en raak meer selfondersteunend.

## HOOFTUK 3

### 'N TEORETIESE PERSPEKTIEF OP GESTALT- EN GESTALTSPELTERAPIE

#### **3.1 Inleiding**

In hierdie hoofstuk word 'n teoretiese perspektief op beide gestalt- en gestaltspelterapie as basis vir hulpverlening aan die kind in die middelkinderjare wat, vanweë sy ouers se egskeiding, verliese beleef. 'n Duidelike omskrywing van die gestaltbenadering as konseptuele raamwerk word gebied, aangesien teoretiese konsepte van gestaltspelterapie hieruit voortvloeи. Die verskillende konsepte, uitgangspunte van die benadering asook doelstellings van gestaltspelterapie word beskryf.

Laastens word die terapeutiese proses kortlik aangeraak, sodat duidelikheid oor die verloop van die proses verkry kan word. Hiervoor word grootliks gesteun op die werk van Violet Oaklander (1988; 1992; 1994a; 1994b; 1997 en 2000), aangesien haar model as basis vir die gestaltspelterapeutiese proses van hierdie navorsing benut word.

Kruisverwysings binne die hoofstuk asook verwysings na die vorige hoofstuk sal deurlopend plaasvind, ten einde die inligting geïntegreerd aan te bied.

#### **3.2 Gestaltterapie as teoretiese benadering**

Gestaltterapie is 'n humanistiese en prosesgeoriënteerde vorm van terapie (Joyce en Sills 2001:7). Dit sluit beginsels van verskeie ander teoretiese benaderings soos psigoanalise, gestaltsielkunde en humanistiese teorieë in. Dit

is voorts 'n eksistensiële benadering, met die klem op bewussyn in die hede en onmiddellike ervaring. (Vergelyk Clarkson 1989:3; Yontef 1993:6-7; Oaklander 1994a:281; 2000:28; Magill en Rodriquez 1996:743 en Joyce en Sills 2001:16.)

Gestaltterapie omsluit volgens Clarkson (1989:1) die kognitiewe en emosionele totaliteit van elke persoon, elke oomblik en tydens elke gebeurtenis. (Vergelyk ook Joyce en Sills 2001:17-22.) Hiérdie teorie beklemtoon regterhemisferiese, nie-linêere denke en word gekenmerk deur die benutting van metafore, fantasie, beeldspraak, liggaamshouding en beweging, asook volledige uitdrukking van emosies deur benutting van die totale liggaam in aksie (Clarkson 1989:1-2; Schoeman 1996c:86-87).

Die grondlegging van die gestaltbenadering kan gevind word binne die beginsel van holisme wat impliseer dat die mens as eenheid van sy omgewing funksioneer (Perls, Hefferline en Goodman 1951:xi). Hierdie argument word soos volg deur Latner (1986:4) ondersteun:

“The essence of the holistic conception of reality is that all nature is a unified and coherent whole”.

Die gestaltteoretiese benadering is grotendeels deur Frederick S. Perls ontwikkel, wat dan ook as die *vader* van gestaltterapie beskou word. Na die voltooiing van sy mediese studies, bestudeer Perls die psigoanalise aan die Berlynse en Weense Instituut vir Psigoanalise. Perls daag die psigoanalitiese teorie van Freud uit en breek na ongeveer dertig jaar alle bande met die formele psigoanalise toe hy sy eie teorie ontwikkel. Aanvanklik was die meeste mense skepties daaroor, maar met verloop van tyd is dié teorie al hoe meer positief ontvang. 'n Paar jaar later word gestaltterapie formeel gebore (Clarkson 1989:1-2; Clarkson en Mackewn 1994:1; Oaklander 1994a:281; 2000:28 asook Thompson en Rudolph 2000:162-164).

Oaklander kan as die grondlegger van gestaltpelterapie beskou word (Blom 2000:172; 2004a:2,9). Volgens haar kan die filosofie, teorie en praktyk van gestaltterapie met geringe aanpassing ook tydens die werk met kinders benut word. (Vergelyk Oaklander 1992:64; 1994a:281; 1994b:143; 1997:292 ; Geldard en Geldard 1997:29 asook Thompson en Rudolph 2000:176.)

### **3.3 Omskrywing van begrippe**

Alvorens teoretiese konsepte van die gestaltteorie en doelstellings van gestaltpelterapie bespreek word, is dit nodig om die drie begrippe naamlik gestalt, gestaltterapie en gestaltpelterapie volledig te omskryf.

#### **3.3.1 Gestalt**

Die konsep *gestalt* is 'n Duitse term met geen eksakte ekwivalente in die Engelse of Afrikaanse taal nie (Thompson en Rudolph 2000:163; Yontef en Jacobs 2000:310). Clarkson (1989:1) beskou die konsep as:

“...the shape, the pattern, the whole form, the configuration. It connotes the structural entity which is both different from and much more than the sum of its parts”.

Papalia in Blom (2004a:172) definieer die begrip *gestalt* as die sinvolle rangskikking van die dele van 'n geheel op 'n wyse wat die individuele dele nie is nie. English en English in Thompson en Rudolph (2000:163) omskryf die betekenis van hierdie konsep soos volg:

“...a form, a configuration or a totality that has, as a unified whole, properties which can not be derived by summation from the parts and their relationships. It may refer to physical structures, to physiological and psychological functions, or to symbolic units ”.

Die konsep *gestalt* kan dus beskou word as 'n geheel waarvan die som meer is as die dele waaruit dit bestaan, wat oor 'n sekere mate van struktuur beskik en wat as 'n geheel herkenbaar bly, so lank die verhouding tussen die dele bly voortbestaan (Blom, 2004a:3). Hierdie aspek hou verband met holisme as teoretiese konsep van die gestaltteorie. (Vergelyk 3.4.1.)

### **3.3.2 Gestaltterapie**

Gestaltterapie word beskou as 'n vorm van psigoterapie wat fokus op dit wat onmiddellik teenwoordig is, met die doel om die kliënt te help om die gewaarwordinge van sy ervarings in hul totaliteit te verbeter (Gouws *et al.* 1987:124). Volgens Aronstam (1989:629) word dit beskou as 'n erkende en bruikbare vorm van psigoterapie wat nie noodwendig nuwe idees omvat nie, maar uitsluitlik bestaan uit 'n unieke organisering van bestaande elemente van terapie.

Gestaltterapie word aangewend teen die agtergrond van die vereiste van werklike kontak tussen terapeut en kliënt (Aronstam 1989:641). Perls (1973:1) definieer gestaltterapie soos volg:

“ Gestalt therapy is fully ontological in that it recognizes both conceptual activity and the biological formation of ‘*Gestalten*’. It is thus self-supporting and truly experiential ”.

Die doel van gestaltterapie is dus gefokus op self-ondersteuning en die verbetering van menspotensiaal deur die proses van integrasie (vergelyk 3.5.2). Hierdie doelwit word bereik deurdat die gestaltterapeut die kind se werklike belangstelling, behoefté en begeertes ondersteun.

Yontef (1993:128-129) is van mening dat die doel van gestaltterapie gerig is op die bewusmaking van kliënte van dit wat hulle doen en hoe hul hulself kan verander deur hulself te aanvaar en te waardeer. Drie belangrike beginsels van gestaltterapie word deur Yontef (1993:203) onderskei, naamlik:

- Hierdie terapie is fenomenologies van aard; die uitsluitlike doel is bewussyn en die metodologie is die van bewussyn. Elke mens konstreeer sy wêreld op 'n unieke wyse. Die mens is aktief in die organisering van sy ervaringsveld en in die betekenisgewing daaromtrent (Clarkson 1989:23-24,26; Clarkson en Mackewn 1994:43 asook Joyce en Sills 2001:16).
- Dit is gebaseer op eksistensiële dialoog, met ander woorde *ek-jy-kontak* en onttrekking (Clarkson 1989:26; Yontef 1993:126-128; Joyce en Sills 2001:43-50). Hycner in Clarkson (1989:16-17) asook Oaklander (2000:28-29) is van mening dat hiérdie terapeutiese verhouding wat ontstaan tussen terapeut en kliënt, die kern is van gestaltterapie.
- Die konseptuele fundering van gestaltterapie is gestalt, dit wil sê holisme en die veldteorie. Die veldteorie impliseer dat dit onmoontlik is om na 'n individu te kyk sonder om die konteks van sy omgewing in aanmerking te neem (Clarkson 1989:8,17,26).

Gestaltterapie kan dus beskou word as 'n eksistensiële, fenomenologiese en holistiese benadering, met die klem op die verkryging van bewussyn in die hier-en-nou en die interafhanklikheid tussen die kind en sy omgewing.

### **3.3.3 Gestaltspelterapie**

Met die oog op begrip en toepassingsmoontlikheid word hierdie konsep soos volg weergegee. Gouws *et al.* (1987:343) verduidelik gestaltspelterapie as:

“ 'n Psigoterapeutiese tegniek waarmee die terapeut probeer om die kind die geleentheid te gee om op verbale en nie-verbale wyse uitdrukking aan sy gevoelens te gee “.

Oaklander (1992:64; 1994a:281-300; 1994b:143; 1997:292 en 2000:31) maak melding van gestaltpelterapie en noem dat 'n aantal van die teoretiese beginsels van die gestaltterapie 'n direkte verband en invloed op die terapeutiese werk met kinders het. Sy maak melding van 'n terapeutiese proses wanneer spelterapie met kinders volgens die gestaltbenadering gedoen word. Hierdie proses vind aansluiting by die filosofie, teorie en praktyk van gestaltterapie. (Vergelyk 3.6.) Dit begin by die bou van 'n terapeutiese verhouding as voorvereiste, gevolg deur kontakmaking, versterking van die kind se sin vir die self en emosionele uitdrukking. Hierdie fase word opgevolg deur selfvertroeteling, waarna terminering kan plaasvind. Verskeie vorme van spel soos kreatiewe, ekspressiewe, projektiewe en gedramatiseerde spel kan benut word, deur middel van speltegnieke byvoorbeeld kleospel, fantasieë, storievertelling, poppekas, musiek, liggaamsbeweging en sensoriese kontakmakingsoefeninge (Oaklander 1994: 288-289; 2000:31-33; Schoeman 1996a:41-51; Schoeman 1996b:64-70; Schoeman 1996c:85-96 asook Geldard en Geldard 1997:29).

Gestaltpelterapie kan dus beskou word as 'n psigoterapeutiese tegniek, waar daar van beginsels en tegnieke van gestaltterapie tydens spelterapie met die kind gebruik gemaak word. Verskillende vorme en tegnieke van spel word tydens die onderskeie fases benut. Hierdeur word die kind die geleentheid gebied om aan sy emosies uitdrukking te gee, sy sin vir die self te versterk en selfvertroeteling toe te pas.

### **3.4 Uitgangspunte van gestaltterapie**

Uitgangspunte van gestaltterapie, wat ook van toepassing is op gestaltpelterapie, sluit konsepte soos holisme, homeostase en organismiese selfregulering, fragmentering, figuurgrond, grense, hier-en-nou, kontak en kontakgrensversteurings, polariteit, struktuur van die persoonlikheid, voltooiing van onvoltooidhede en weerstand, in. Hierdie konsepte word vervolgens

bespreek met spesifieke verwysing na die wyse waarop dit van toepassing is tydens gestaltpelterapie met die kind.

### **3.4.1 Holisme**

Die konsep van holisme kan beskou word as die belangrikste teoretiese konsep van gestaltterapie. 'n Fundamentele beginsel van holisme is dat alle elemente in die wêreld soos plante, diere, mense en dinge in 'n veranderende proses van gekoördineerde aktiwiteite voortbestaan (Blom 2004a:9). Yontef en Jacobs (2000:304) is van mening dat alle humanistiese teorieë oor die mens en sy persoonlikheid, holisties van aard is. Volgens Perls is die mens 'n eenheid, in homself en in die wêreld (Clarkson 1989:8,17-18; Thompson en Rudolph 2000:167). Alhoewel daar 'n onderskeid tussen die dele van die mens gemaak word, kan dit nie geskei word nie. Die mens sal dus altyd as 'n eenheid funksioneer, maar kan egter nie sonder die omgewing voortbestaan nie; aangesien hy die omgewing benodig vir die bevrediging van sy behoeftes (Aronstam 1989:631).

Klem word deur Clarkson en Mackewn (1994:35-36) geplaas op die feit dat die mens uit liggaamlike, geestelike en emosionele komponente, asook taal, denke en gedrag bestaan. Indien die kind dus 'n emosie soos byvoorbeeld angs ervaar, sal dit sowel 'n fisiologiese as 'n psigologiese reaksie impliseer. Blom (2004a:10) beklemtoon ook die feit dat liggaam, emosies, geestelike aspekte, taal, denke en gedrag onskeibaar van mekaar is. Daarvolgens blyk dit dat die kind in totaliteit uit liggaam, siel (denke en emosies) en gees, bestaan. Hierdie dele is onderskeibaar, maar volgens die gestaltteorie geensins skeibaar nie. Die kind moet dus in totaliteit tydens die terapeutiese proses benader word en kan nie van sy sisteem (byvoorbeeld sy gesin) of omgewing (byvoorbeeld kultuur), geskei word nie. Die kind behoort verder tydens die terapeutiese proses daartoe geleei word om bewus te wees van sy ervaring ten opsigte van al die komponente ten einde nie gefragmenteer nie, maar wel as 'n geïntegreerde geheel te kan voort bestaan. (Vergelyk 3.5.2.)

### **3.4.2 Homeostase / organismiese selfregulering**

Vanuit die gestaltteorie word die uitgangspunt gehuldig dat alle gedrag gereguleer word deur 'n proses, wat homeostase of organismiese selfregulering genoem word (Blom 2004a:11). Homeostase word beskryf as die proses waartydens die organisme sy balans onder verskillende omstandighede in stand hou (Clarkson 1989:18). Hierdie proses van selfregulering dien as wyse waarop die kind se belangrikste behoeftes bevredig word (Aronstam 1989:663; Clarkson en Mackewn 1994:48-49). Behoeftes kan fisies, emosioneel of intellektueel van aard wees. Ongemak word ervaar totdat 'n bepaalde behoeftte bevredig is en die homeostase gevvolglik herstel word (Oaklander 1994a:282).

Die proses waarvolgens opgetree word ten einde behoeftes te bevredig, word beskou as organismiese selfregulering om sodoende balans te verseker (Blom 2004a:11). Balans of homeostase in alle lewensituasies, asook in die kind self, is noodsaaklik vir gesonde funksionering. Soms is dit vir die kind nodig om alternatiewelike gedrag te openbaar, byvoorbeeld woede-uitbarstings, om in balans te kom. Hierdie "probleemgedrag" word dus onbewustelik deur die kind aangewend om balans te verkry.

Die wyses waarop volwassenes teenoor die kind optree wanneer hy 'n bepaalde behoeftte ervaar, speel volgens Blom (2004a:17) 'n belangrike rol hoedat die kind in die toekoms sy behoeftes sal bevredig. Indien die kind byvoorbeeld herhaaldelik die boodskap kry dat die uitdrukking van woede ontoelaatbaar is, sal hy moontlik begin om dit te onderdruk. Die behoeftte om hiérdie emosie uit te druk, sal egter bly voortbestaan, wat daartoe aanleiding kan gee dat die kind byvoorbeeld psigosomatiese simptome soos maagpyn of hoofpyn mag ontwikkel. (Vergelyk 2.5.) Die kind reageer ook dikwels op die trauma van egskeidings, deur homself te blameer en verantwoordelikheid daarvoor te neem. (Vergelyk 2.6.1.2.) Vrees word dus ervaar dat behoeftes nie bevredig gaan word nie. As gevolg van 'n gebrek aan emosionele en intellektuele ryfheid, benut die kind ontoepaslike

wyses om sy behoeftes te bevredig, soos om sy woede op destruktiewe wyses uit te druk, ten einde homeostase of balans te verkry.

Die kind moet dus tydens die terapeutiese proses bygestaan word om ten volle bewus te word van sy behoeftes, ten einde fragmentering van sy holistiese eenheid te voorkom. (Vergelyk Oaklander 1992:64-66; 1994a:282; 1994b:144 en 2000:29.) Hierdie aspek vind aansluiting by een van die primêre doelstellings van gestaltpselterapie, naamlik die bevordering van die kind se bewussyn. (Vergelyk 3.5.1 en 3.6.)

### **3.4.3 Fragmentering**

Die funksionering van 'n kind is gefragmenteerd indien hy nie al die fasette van sy lewe as geïntegreerd beleef nie. Die kind kan byvoorbeeld by die skool voorbeeldig optree, maar tuis ongehoorsaam en aggressief voorkom. So 'n kind beskik waarskynlik oor 'n onvermoë om sy eie behoeftes te bevredig; aangesien hy nie oor genoegsame bewustheid oor sy onvoltooidhede beskik nie (Thompson en Rudolph 2000:166). Die kind funksioneer dus nie as 'n totaliteit nie en sy holistiese balans is versteur (Aronstam 1989:633 en Oaklander 2000:29).

Tydens die terapeutiese proses moet die kind tot bewusheid van homself en sy emosies gelei word ten einde te verseker dat hy met behulp van verskeie projeksies, sy onvoltooidhede besit en voltooi. Dit sal tot gevolg hê dat die kind meer geïntegreerd funksioneer wat op sy beurt die herstel van sy homeostase tot gevolg sal hê. (Vergelyk 3.4.10, 3.5 en 3.6.)

### **3.4.4 Figuurgrond**

Die konsep *figuurgrond* vorm 'n primêre deel van die teoretiese konsepte met betrekking tot die individu se organismiese selfregulering. Volgens Clarkson (1989:5-7) word *figuur* beskou as dit wat op daardie oomblik die betekenisvolste vir die individu is. Die *grond* verwys na die agtergrond van die individu se ervaring op 'n spesifieke oomblik. Sodra die individu daarin kan slaag om die

behoefte (figuur) te bevredig, word die gestalt voltooï en verdwyn die *figuur* en vorm dit deel van die agtergrond. 'n Nuwe *figuur* (behoefte) verskyn dan weer op die voorgrond. Hierdie proses van figuurgrond-interaksie is voortdurend aan die gang. (Vergelyk Aronstam 1989:631; Yontef en Simkin 1989:336; Clarkson en Mackewn 1994:4; Thompson en Rudolph 2000:167 en Blom 2004a:12-13.)

Tydens die terapeutiese proses word daar gelet op onvoltooide behoefté of gestalte in die kind se lewe. Die kind word bewus gemaak van homself en sy behoefté en die geleentheid gebied om hierdie behoefté te beleef of te verbaliseer. Op hierdie wyse kry die kind die geleentheid om sy onvoltooidheid na die voorgrond te bring om te voltooï. Indien die kind daarin sou kon slaag om dit te voltooï word daar die geleentheid geskep vir 'n nuwe behoefté (figuur) om na die voorgrond te skuif. (Vergelyk 3.4.10 en 3.6.)

### **3.4.5 Hier-en-nou**

Gestaltterapie is gefokus om die kind se bewussynsvlakte in die teenswoordige, dit wil sê die hier-en-nou, te fasiliteer (Thompson en Rudolph 2000:167). Volgens Yontef en Jacobs (2000:321) benut die gestaltterapeut die kind se ervaring in die huidige dimensie as 'n belangrike instrument om sy bewussynsvlakte te verhoog. Invloede van gebeure uit die verlede en verwagtings vir die toekoms word nie ontken nie, maar groei sal nie kan plaasvind deur op die verlede of toekoms alleen te bly fokus nie. Die enigste realiteit waarmee gewerk word, is die hier-en-nou omdat die kind slegs in die hede kan ervaar (Clarkson 1989:24; Joyce en Sills 2001:28-29.) Die gestaltterapeut stel egter belang in hoedat hierdie onvoltooidhede uit die verlede, die kind se funksionering in die hier-en-nou, beïnvloed (Aronstam 1989:639; Yontef en Simkin 1989:340). (Vergelyk 3.4.10.)

Gestaltpelerapie met die kind vind dus in die teenswoordige tyd plaas om sodoende die kind se huidige ervaring te benut. Die gestaltterapeut benut hierdie ervaring in die hier-en-nou om verandering in die toekoms teweeg te bring.

### **3.4.6 Kontak en kontakgrens**

‘n Kontakgrens word deur Oaklander (1994a:283) beskou as die punt waarby die kind die *ek* beleef in verhouding met dit wat *nie ek* is nie. Alhoewel die kind in kontak met sy omgewing gesien moet word, is daar kontakgrense wat hom van sy omgewing onderskei om sodoende sy identiteit te beskerm. Daar moet egter volgens Aronstam (1989:643) Clarkson (1989:34) en Yontef (1993:203,206) gedurende wisselwerking tussen kontak en onttrekking plaasvind ter bevrediging van die kind se behoeftes.

Gesonde kontak by die kontakgrens impliseer dat die kind oor ‘n vermoë beskik om met sy omgewing kontak te maak ten einde sy behoeftes te bevredig (Oaklander 1997:294, 2000:29). Die kind maak kontak met sy omgewing deur die benutting van sy sintuie, bewussyn van sy liggaam, die vermoë om sy emosies op ‘n gesonde wyse uit te druk, asook die benutting van sy intellek op verskillende wyses soos om idees, denke en behoeftes te kan uitdruk (Oaklander 1994a:163; Joyce en Sills 2001:33). Ten einde sy eie identiteit te behou, maar ook gesonde kontak te maak met die omgewing, is deurdringbare grense nodig om die kind van die omgewing te onderskei. (Vergelyk Aronstam 1989:634-635; Clarkson en Mackewn 1994:56.)

Dit blyk dus dat kontak by die kontakgrens impliseer dat die kind die omgewing benut vir sy behoeftebevrediging en dat die vermoë tot kontakmaking en onttrekking waarskynlik noodsaaklik is vir die kind se gesonde organismiese selfregulering. (Vergelyk 3.4.2.)

### **3.4.7 Kontakgrensversteurings**

Kontakgrense kan versteur word deur die graad van openheid of geslotenheid van die grense. ’n Kontakgrensversteuring ontstaan wanneer die individu nie meer daartoe in staat is om ‘n goeie balans tussen homself en sy omgewing daarbuite te handhaaf nie (Clarkson 1989:46; Joyce en Sills 2001:35.) Die kind is dus nie in staat tot toepaslike bewussyn nie en kan daarom nie meer op sy werklike

behoeftes reageer nie. Die grense tussen die kind en sy omgewing raak dus onduidelik, gaan verlore of raak ondeurdringbaar. Dit lei tot die belemmering van gestaltvoltooiing by die kind. Die kind se geïntegreerde holistiese funksionering word waarskynlik deur die benutting van kontakgrensversteurings gefragmenteer deurdat dit aspekte van homself inhibeer, onderdruk of beperk, in 'n poging om te oorleef (Oaklander 1994b:144; 2000:29-30).

Verskillende kontakgrensversteurings naamlik introjeksie, projeksie, samevloeiing, defleksie en retrofleksie word in die literatuur onderskei (Perls, Hefferline en Goodman 1951:146-224; Aronstam 1989:638; Clarkson 1989:51-58; Yontef en Simkin 1989:332-333; Yontef 1993:142-143; Clarkson en Mackewn 1994:73-75; Oaklander 1994a:283 en Joyce en Sills 2001:112-131).

Clarkson (1989:51-54), Clarkson en Mackewn (1994:77-78) asook Joyce en Sills (2001:118-120,122-123) maak egter ook melding van desensitisasie en egotisme as kontakgrensversteurings. Daar gaan vervolgens kortliks by elkeen van hierdie kontakgrensversteurings stilgestaan word.

#### **3.4.7.1 Introjeksie**

Introjeksie as kontakgrensversteuring vind plaas wanneer die kind inhoude vanuit die omgewing kritiekloos absorbeer. Hy gee dus sy eie opinie daaromtrent prys en aanvaar ander se standpunt sonder weerstand of teenstribbeling (Perls 1973:32; Aronstam 1989:638; Yontef en Jacobs 2000:315). Volgens Oaklander (1994a:283-284) neem kinders dikwels sulke foutiewe introjekte, byvoorbeeld "ek is sleg ", oor hulself in. Hierdie geïntrojekteerde inhoude omsluit waardes, norme en eise wat aan die kind vanuit sy omgewing gestel word (Yontef 1993:142).

Dikwels word hierdie inhoude nie geassimileer nie, maar "*heel ingesluk*". Solank die omgewing waaruit die inhoude kom konstant bly, funksioneer die kind in homeostase. Sodra die omgewing egter verander, is die kind vatbaar vir angs en

spanning; aangesien hy nie meer in balans met sy omgewing verkeer nie. (Vergelyk 2.5.) Die kind het dus nie sy eie waarde, norme of reëls ontwikkel nie, maar funksioneer in terme van dit wat aanvaarbaar vir die omgewing is. (Vergelyk Blom 2004a:23.)

Aronstam (1989:638) meld dat assimilasie die teenpool van introjeksie is. Assimilasie veronderstel dus 'n kritiese beskouing van dit wat ontvang word, aanvaarding van dit wat goed is en verwerping van dit wat sleg is. Volgens Yontef en Simkin (1989:332) kan dit tot die ontstaan van 'n rigiede persoonlikheid lei. (Vergelyk Joyce en Sills 2001:136.) Daarom is Clarkson (1989:52) en Clarkson en Mackewn (1994:73) van mening dat introjekte met die kind se natuurlike organismiese selfregulering inmeng en mag dit tot die ontstaan van onvoltooidhede lei. 'n Belangrike fokus tydens gestaltpelterapie behoort te wees om introjekte wat moontlik mag inmeng met die kind se optimale funksionering te identifiseer, te ondersoek en hom by te staan om daarmee te identifiseer of dit te verwerp.

#### **3.4.7.2 Projeksie**

Binne sy natuurlikste vorm kan projeksie beskou word as die proses waardeur die individu die omgewing verantwoordelik hou vir dit wat in die self gebeur. (Vergelyk Aronstam 1989:638; Yontef en Simkin 1989:332 en Yontef 1993:142.) 'n Verdere dimensie binne projeksie is hoe die individu van sy omgewing verwag daar in die toekoms opgetree gaan word. Die individu voorspel as't ware die omgewing se optrede en projekteer sy eie emosies en gevoelens na buite. Hy plaas sodoende die verantwoordelikheid van die situasie op sy omgewing (Clarkson 1989:53).

Projeksie word volgens Clarkson en Mackewn (1994:74-74) veral gebruik as die individu geleer het dat sekere persoonlikheidseienskappe, emosies of gedrag onaanvaarbaar is. Deur middel van projeksie ontken die kind sy eie persoonlike ervaring. Kinders vertel dikwels leuens en ontken hul emosies omrede hulle oor

te min egosterkte beskik om verantwoordelikheid vir hul aksies of optrede te neem (Blom 2004a:24). Hulle blameer dus ander vir die onaangename gebeure in hul lewens. Emosies word daarom geprojekteer omrede dit te pynvol is om te besit. (Vergelyk 2.6.1.2.)

Projeksie kan dus beskou word as die wyse waarop die kind sy brose self beskerm deur sy eie emosie te projekteer of weg te wys na iemand anders, eerder as om dit self te besit (Oaklander 1994b:145). Projeksie impliseer dus dat die kind nie verantwoordelikheid aanvaar vir sy eie emosies of gedrag nie, maar ander daarvoor verantwoordelik hou. Deur aspekte van die self weg te wys word verantwoordelikheid daarvoor waarskynlik ontken of ontdui. Projeksie kan egter volgens Clarkson (1989:53) op 'n konstruktiewe wyse benut word, byvoorbeeld by kreatiewe werk, waar dele van die self in die werk geprojekteer word.

Tydens die terapeutiese proses word die kind gehelp om dit wat hy op ander te projekteer, te besit, ten einde sy bewussyn van sy selfidentiteit te verhoog en kontak met die omgewing op 'n selfvertrouetelende wyse te bevorder. Projektiewe tegnieke tydens gestaltpeltelerapie kan dus daartoe bydra dat die kind sy eie projeksies kan besit. Dit mag verder die gevolg hê dat die kind se bewussynsvlakte verhoog en hy sodoende in kontak kom met die behoeftes op sy voorgrond. Gesonde organismiese selfregulering mag hierdeur positief beïnvloed word. (Vergelyk 3.4.2, 3.4.4 en 3.5.1.)

### **3.4.7.3 Samevloeiing**

Samevloeiing veronderstel dat die individu die grens tussen hom en sy omgewing verwyder. Grense vloeи dus ineen en die individu kan met moeite bepaal waar hy ophou en sy omgewing begin. Die gebrek aan grense weerhou die individu van positiewe kontak met ander (Aronstam 1989:638; Clarkson en Mackewn 1994:74 en Thompson en Rudolph 2000:165).

Die kind wat van samevloeiing gebruik maak, beskik waarskynlik nie oor 'n grens waarmee hy homself in die omgewing kan onderskei nie. Oaklander (1994a:284-285; 2000:30) beskou sulke kinders as “*pleasers*“ wat oor 'n swak sin vir die self beskik en daarom dit baie moeilik vind om keuses uit te oefen. Die kind wat samevloeiing openbaar, behoort tydens die terapeutiese proses bygestaan te word om 'n sterk(er) sin vir die self te ontwikkel sodat hy in staat sal wees om homself meer te differensieer en te definieer. (Vergelyk Joyce en Sills 2001:120-123.)

#### **3.4.7.4 Retrofleksie**

Retrofleksiewe gedrag kan omskryf word as teenstrydige gedrag binne die self. Die individu met retrofleksiewe gedrag behandel homself soos hy eintlik ander oorspronklik wou behandel (Perls, Hefferline en Goodman 1951:146; Clarkson 1989: 53; Yontef 1993:142). Die individu word letterlik sy eie vyand (Aronstam 1989:630). Chroniese onbewustelike retrofleksie dien volgens Clarkson en Mackewn (1994:76) as 'n struikelblok tot kontak en vind gewoonlik plaas wanneer die uitdrukking van emosies as gevaarlik en pynvol beskou word.

Retrofleksie manifesteer op twee wyses, naamlik:

- die kind doen aan homself wat hy eerder aan ander sou wou doen,
- die kind doen aan homself wat hy eerder sou wou hê ander aan hom moet doen.

Woede is veral 'n emosie wat dikwels geretroflekteer word; aangesien die kind van jongs af geleer word dat die uitdrukking daarvan verbode is (Clarkson 1989:54). Daarom dat kinders dikwels emosies van rou, angs en woede reflekteer deur simptome van hoofpyn, maagpyn, asma-aanvalle of hiperaktiwiteit (Oaklander 1994a:284; 1994b:144). Die kind kaats letterlik hierdie innerlike pyn na homself toe terug in 'n poging om sy homeostase te herstel of te handhaaf. Psigosomatiese simptome en wangedrag by die kind is dus heel dikwels tekens van retrofleksiewe gedrag. (Vergelyk 2.5.)

Tydens die terapeutiese proses word die kind bewus gemaak van hierdie emosies wat hy onderdruk. Hy word met behulp van verskeie projeksie tegnieke en aggressiewe energie-ontlading die geleentheid gebied om kontak te maak met hierdie emosies deur dit te besit. (Vergelyk Joyce en Sills 2001:114-116.) Deurdat hy die geleentheid gebied word om 'n onvoltooidheid na die voorgrond te bring, kan hy bewustelik daarmee kontak maak sodat dit kan terugskuif na die agtergrond. Dit sal tot gevolg hê dat die kind se bewustheidsvlakke en integrasie verhoog en sy homeostase herstel word. (Vergelyk 3.5.)

#### **3.4.7.5 Defleksie**

Defleksie beteken dat direkte kontak met ander mense vermy word, met ander woorde om bewussyn met die omgewing te verminder. Die individu poog om stimuli vanuit die omgewing te vermy. Direkte kontak word vermy en daar word veel eerder oor die verlede en toekoms as oor die hier-en-nou gekommunikeer (Clarkson 1989:51-52; Yontef en Simkin 1989:332; Yontef 1993:143). Defleksie kan dus op verskeie maniere manifesteer, hoewel dit in wese beteken dat kontak en bewussyn van die omgewing daardeur verminder word (Joyce en Sills 2001:116).

Defleksie kan ook op verskillende wyses by die kind manifesteer. Kinders benut dikwels defleksie as hanteringstrategie vir pynvolle ervarings deur woede-uitbarstings te kry of ander vorme van uitreagerende gedrag te openbaar, of deur te fantaseer en te dagdroom. (Vergelyk 2.5.) Hierdie gedrag bied vir die kind 'n gevoel van die self, maar dit is egter van korte duur. Die kind is egter nie in staat om insig te toon dat sy gedrag ontoepaslik is vir die bevrediging van sy behoeftes nie en sal in plaas daarvan om toepaslike strategieë te benut, eerder meer ekstreme ontoepaslike gedrag openbaar (Oaklander 1994a:284; 1994b:144-145).

Tydens die terapeutiese proses word daar gepoog om die kind se vlakke van bewustheid te verhoog deur hom in kontak te bring met die pyn en emosies wat

vir hom te pynlik is om te hanteer. Binne die veiligheid van die terapeutiese verhouding word die kind die geleentheid gebied om hierdie emosies bewustelik te ervaar en te verbaliseer. Sodoende beleef die kind die ervaring van bemeesteriging en beheer wat tot gevolg mag hê dat die kind se sin vir die self versterk word. Sowel integrasie as selfondersteuning mag hieruit voortvloeи wat vir die kind die gevoel van homeostase kan gee. (Vergelyk 3.4.2 en 3.5.)

#### **3.4.7.6 Desensitisasie**

Hierdie kontakgrensversteuring kan beskou word as die proses waardeur die individu homself afsluit van sensoriese en liggaamlike ervarings wat met 'n aspek soos ongemak, verband hou. Sensoriese ervarings en emosies wat hiermee gepaard gaan, word dus misken en verwaaarloos en daarvan weerhou om as 'n *figuur* op die individu se voorgrond te verskyn (Clarkson 1989:51; Clarkson en Mackewn 1994:7; Joyce en Sills 2001:118).

Kinders wat 'n vorm van trauma soos byvoorbeeld egskeiding beleef het, desensitiseer dikwels hulself, ten einde hulle teen seerkry te beskerm. Hulle funksioneer dus verder sonder enige kontak met hul liggamo. Afsluiting van ervarings mag gevvolglik vir die kind beskerming bied, maar dit het egter 'n beperkende invloed op sy volledige ontwikkeling. (Vergelyk 2.3.) Hierdie kinders het aldus Oaklander (1994b:149; 1997:294) weer nodig om ervaring ten opsigte van hul sensoriese funksies te beleef, ten einde 'n sterker sin vir die self te ontwikkel, aangesien miskenning van sensasies en emosies voorkom. (Vergelyk ook Joyce en Sills 2001:118-119.)

Tydens die terapeutiese proses word gepoog om die kind se sensoriese en liggaamlike bewussynsvlakte te verhoog om hom sodoende weer in kontak met homself en sy omgewing te bring. Dit sal meebring dat die kind minder gefragmenteerd en meer geïntegreerd gaan funksioneer. Omrede die kind se sin van die self so versterk word, sal hy derhalwe ook meer selfondersteunend

optree wat weer 'n gevoel van homeostase tot gevolg sal hê. (Vergelyk 3.4.2; 3.5 en 3.6.)

### **3.4.7.7 *Egotisme***

Egotisme word deur Clarkson en Mackewn (1994:77) beskou as die vermindering van spontaniteit deur doelbewuste introspeksie, ten einde seker te maak dat daar geen gevaar, bedreiging of risiko bestaan nie. Joyce en Sills (2001:122) verduidelik hierdie kontakgrensversteuring met 'n oordrewe pre-okkupasie wat die individu met homself, naamlik sy gevoelens, gedagtes en gedrag asook die effek daarvan op sy omgewing, het.

Egotisme impliseer dus dat die kind oor 'n objektiewe of rasionele bewussyn van sy ervaring beskik, maar sy subjektiewe of emosionele ervaring daaromtrent ontbreek. Hy is dus nie in kontak met homself nie. Die kind wat egter alle aspekte van sy lewe wil beheer, is nie in staat tot spontaniteit nie. Chroniese egotisme beteken dat die kind in beheer is van homself, maar laat hierdeur homself nooit toe om net spontaan te ervaar, te gee, of te ontvang nie. (Vergelyk Clarkson 1989:55.)

Hipervolwassenheid by die kind wat deur die trauma van 'n egskeiding gekonfronteer word, kan as 'n praktiese voorbeeld van egotisme beskou word. Die kind perk daardeur sy ervarings in deurdat niks spontaan geniet word nie. Daar word dus slegs op denke gefokus en nie op beide denke en emosie nie. Egotisme het dus fragmentasie by die kind tot gevolg. (Vergelyk 2.6.1.2.)

Tydens die terapeutiese proses word gepoog om die kind in takt met homself en sy omgewing te bring deur sy bewussynsvlakte sensories, liggaamlik en emosioneel te verskerp. Die kind word die geleentheid gebied om sy emosies en belewenisse spontaan te ervaar en te verbaliseer. Omrede die kind in kontak kom met sy onvoltooide gestalt en hy bemeesterung en beheer ervaar, raak hy

algaande meer geïntegreerd met homself en sy omgewing en kan hy daarom meer selfondersteunend optree. (Vergelyk 3.5 en 3.6.)

### **3.4.8 Polariteite**

Alle aspekte van die lewe kan in terme van teenoorgesteldes of polariteite aangedui word. Thompson en Rudolph (2000:166) meld dat volgens die gestaltteorie bestaan persoonlikheid uit polariteite en word 'n groot gedeelte van die alledaagse lewe daaraan gewy om konflik, wat as gevolg van hierdie polariteite ontstaan, op te los. (Vergelyk Yontef 1993:148.) Polarisering vind plaas wanneer die individu grotendeels met een stel van teenoorgestelde eienskappe identifiseer. Meer energie word daaraan bestee om hierdie pool waarmee hy identifiseer, in stand te hou.

Polarisering het dus fragmentering tot gevolg, aangesien die kind se funksionering 'n gebrek aan integrasie toon. Die kind moet daarom geleid word om die polariteite in homself te erken en ook te aanvaar dat beide kante deel van hom is (Aronstam 1989:641; Joyce en Sills 2001:137). Integrasie van polariteite het homeostase tot gevolg en verseker optimale funksionering by die kind.

Schoeman (1996d:35) toon aan dat kinders in terme van teenoorgesteldes funksioneer en selfs hul emosies kan verdeel in *hartseer* en *bly, teleurgesteld* en *tevrede*, ensovoorts. Die kind voel dus verward as gevolg van hierdie polariteite binne-in homself. Om hierdie rede ondervind kinders probleme om die onaanvaarbare aspekte wat meestal negatiewe emosies behels, te aanvaar as deel van hulle self sonder om die belewenis "*ek is sleg*", te hê. Dit laat die kind beter voel om eerder die negatiewe aspekte in homself te verwerp en slegs die positiewe te erken. Dit is daarom duidelik waarom sulke gedrag tot fragmentasie kan lei. (Vergelyk Oaklander 1988:157; 1992:73-74 en Schoeman 1996d:36.)

Tydens die terapeutiese proses word die kind begelei om kontak te maak met die polariteit in homself sodat dit geïntegreerd kan raak en sy balans of homeostase op hierdie manier herstel word. (Vergelyk 3.6.4.)

### **3.4.9 Struktuur van persoonlikheid**

Volgens Perls in Blom (2004a:35) bestaan die struktuur van die persoonlikheid uit vyf lae, wat aantoon op watter wyse die mens sy lewe fragmenteer ten einde optimale funksionering in te boet. (Vergelyk Clarkson en Mackewn 1994:78.) Die lae van die persoonlikheid wat vanuit die gestaltteorie onderskei word, is die sintetiese -, fobiese -, impasse -, implosiewe - en eksplosiewe laag (Thompson en Rudolph 2000:166-167).

#### **3.4.9.1 Sintetiese / vals laag**

Die sintetiese of vals laag is die buitenste laag van die persoonlikheid en verteenwoordig die verskillende rolle wat individue in hul lewe speel. (Vergelyk Aronstam 1989:636; Clarkson 1989:111 en Clarkson en Mackewn 1994:78.) In die sintetiese laag bevind die individu homself vasgevang daarin om te probeer wees wat hy nie is nie. Hy streef na rolle wat deur homself of ander geskep is. Volgens Aronstam (1989:635) kom baie onopgeloste konflik in hierdie laag voor. Clarkson en Mackewn (1994:78) meld dat die individu se gedrag in hierdie laag hoofsaaklik deur introjekte gemotiveer word. Die kind wat dus vanuit hierdie laag funksioneer, tree op volgens die verwagtinge van andere en nie volgens sy ware self nie. Sy selfbewussyn en emosionele selfregulering word waarskynlik op 'n direkte en indirekte wyse vanuit die omgewing beïnvloed. Die kind in die sintetiese laag tree dus op asof hy oor eienskappe beskik wat van hom verwag word. Hierdie eksterne verwagtinge word dan deur hom geïnternaliseer. 'n *Topdog* versus *Underdog* funksionering is hier ter sprake (Aronstam 1989:636; Clarkson en Mackewn 1994:105-106; Thompson en Rudolph 2000:166).

Tydens die terapeutiese proses behoort daar aandag geskenk te word aan die kind se bewussyn rondom hierdie konflik in homself, om sodoende integrasie

tussen polariteit te bevorder. Sodra die kind se selfbewussyn verbeter, behoort hy waarskynlik oor die vermoë te beskik om eie idees, voorkeure en behoeftes uit te lig en bereid te wees om homself te wees, ongeag die verwagtinge van ander. (Vergelyk 3.6.3 en 3.6.4.)

### **3.4.9.2 *Fobiese laag***

Namate die individu bewus raak van sy sintetiese of valse spel, word hy ook bewus van sy vrese wat in der waarheid hierdie spel in stand hou. Hierdie bewussyn gaan volgens Thompson en Rudolph (2000:166) dikwels met angs gepaard. In die fobiese laag tree die kind dan op volgens die rol, met ander woorde die introjek, wat van hom verwag word, byvoorbeeld die voorbeeldige leerling, die kranige rugbyspeler, die hulpeloze slagoffer, die skaam kind of die ongemanierde dogter. (Vergelyk Clarkson 1989:111; Clarkson en Mackewn 1994:78.)

Die kind wat in hierdie laag funksioneer, kan waarskynlik angs beleef wanneer hy tydens die terapeutiese proses bewus raak van sy spel binne die sintetiese laag. Onwilligheid en vrees om bekende patronen te verbreek, kan as weerstand teen verandering beskou word. In so 'n geval behoort daar die nodige tyd en aandag geskenk te word om die kind se sin vir die self te versterk, sodat hy later nie meer bang sal wees om homself te wees nie. (Vergelyk 3.6.2 en 3.6.3.)

### **3.4.9.3 *Impasse laag***

Die impasse laag word volgens Aronstam (1989:198); Yontef en Simkin (1989:337); asook Joyce en Sills (2001:133-134) gekenmerk deur 'n soek na eksterne ondersteuning. Die individu is dus op soek na eksterne ondersteuning om sy probleem op te los en glo dat hy nie selfondersteunend kan optree nie. (Vergelyk Aronstam 1989:636.) Twee polariteit van die self is tydens die impasse laag in konflik, naamlik die gesonde deel wat onvoltooidhede wil voltooi en die ander deel wat die pyn wat daarmee gepaardgaan, eerder wil vermy (Clarkson en Mackewn 1994:79,118; Joyce en Sills 2001:136).

Die kind in die impasse laag is bewus van die rolle wat hy speel, maar het weerstand om selfondersteunend op te tree, aangesien hy nog nie gereed voel om die pyn wat daarmee gepaard gaan te hanteer nie (Oaklander 1988:198; 1994b:146; 2000:39-30). Weerstand soos wat tydens die impasse laag voorkom, speel 'n baie belangrike rol tydens die terapeutiese proses. Weerstand is die kind se manier om na homself volgens organismiese selfregulering te kyk en dit moet deurgaans verwag, respekteer en erken word. Volgens Oaklander (1997:295) weet die kind intuïtief wanneer hy sterk genoeg is om hierdie aspekte te hanteer en die terapeut moet hom daardeur laat lei.

Die impasse laag is 'n noodsaaklike aspek in die terapeutiese proses, aangesien die kind deur middel hiervan beweeg na nuwe hanteringsmeganismes (Blom 2004a:38). 'n Sensitiewe aanslag en respek vir die kind se ervaring is hier van onskatbare waarde ten einde deur die weerstand te beweeg. (Vergelyk 3.6.3 en 3.6.4.)

#### ***3.4.9.4 Implosiewe laag***

Tydens die implosiewe laag begin die individu bewus raak van hoedat hy homself inperk (Thompson en Rudolph 2000:166). Hy beskik egter nie oor voldoende energie om homself uit die impasse laag te bevry nie. Clarkson (1989:112) en Clarkson en Mackewn (1994:79,118) maak melding van 'n katatoniese verlamming wat ervaar word. Volgens Thompson en Rudolph (2000:166) begin die individu stadig maar seker tydens hierdie laag met nuwe gedrag eksperimenteer.

Dit blyk dat die kind in hierdie laag waarskynlik oor volle bewussyn van sy eie gedrag en emosies beskik, hoewel hy 'n gebrek aan energie ervaar om verantwoordelikheid daarvoor te neem om daadwerklik iets daaraan te doen (Blom 2004a:38). Daarom moet die kind gedurende die terapeutiese proses leer om homself te vertroetel, te aanvaar en vir homself goed te wees. (Vergelyk 3.6.4.)

### **3.4.9.5 Eksplosiewe laag**

Tydens hierdie laag meld Aronstam (1989:636) dat die individu bewus raak van die emosie waaraan hy uitdrukking gee of onderdruk. (Vergelyk Clarkson en Mackewn 1994:80.) Indien eksperimentering met nuwe gedrag suksesvol toegepas word, word die eksplosiewe laag bereik waar die persoon in kontak kom met reserwe-energie wat voorheen vasgevang was vir instandhouding van die sintetiese laag (Thompson en Rudolph 2000:167).

Die kind wat in hierdie laag funksioneer, beskik oor die nodige energie om onvoltooidhede te voltooи, ware emosies te ervaar en met nuwe gedrag te eksperimenteer. Die kind begin dus self verantwoordelikheid vir sy gedrag en emosies neem en begin ook om daarmee te eksperimenteer. Tydens hierdie fase begin verandering in die kind se gedrag intree, aangesien daar by hom 'n gemotiveerdheid ontstaan om sy optrede te wysig. Hierdie laag hou dus verband met die fase van aanvaarding tydens die rouproses. Die kind bereik tydens die terapeutiese proses die fase van terminering en is gereed om op sy eie verder te funksioneer. (Vergelyk 2.6.1.2 en 3.6.6.)

### **3.4.10 Voltooиing van onvoltooidhede**

'n Onvoltooide gestalt word volgens Thompson en Rudolph (2000:166) beskou as onvoltooide situasies in die individu se lewe. Joyce en Sills (2001:130) meld dat die term *onvoltooidhede* veral met gestaltterapie geassosieer word. Dit behels die onafgehandelde aspekte in die kind se lewe wat steeds sy huidige funksionering beïnvloed.

Behoeftes wat nie voorheen in die kind se lewe aangespreek is nie, beur om na die figuur of voorgrond te kom vanweë hul onvoltooidheid. Dit veroorsaak ongemak by die kind en die kind sal alleen gemak of homeostase ervaar indien hierdie onvoltooide behoeftes bewustelik voltooи word. (Vergelyk 3.4.4.)

### **3.4.11 Weerstand**

Weerstand is 'n normale en noodsaaklike aspek tydens die terapeutiese proses en dui op die energie- en kontakvlakke van die kind (Oaklander 1997:295; 2000:29-30). Dit moet egter nie verwarring word met onwilligheid aan die kant van die kind om saam te werk nie, maar eerder gesien word as sy verlies wat hy aan kontak ervaar (Oaklander 1994b:146). Aangesien kinders met 'n swak sin vir die self nie in staat is om weerstand te toon nie, word dit in die gestaltterapie as 'n gesonde respons beskou. Die terapeut verwag weerstand en respekteer dit, omdat daar gevind is dat die kind, sodra hy veilig voel, daardeur sal beweeg om 'n nuwe groei-area te ontgin (Oaklander 1997:295). Indien nodig, behoort die terapeut sensitief te wees vir die wyse waarop weerstand manifesteer om toepaslik daarop te reageer (Blom 2004a:61).

## **3.5 Doelstellings van gestaltpelterapie**

Een van die sentrale doelstellings van beide gestalt- en gestaltpelterapie is om die kind se bewussyn te verhoog, ten einde sy vermoë om in die hier-en-nou te leef, te bevorder (Blom 2004a:50). Ander doelstellings is om die kind te leer om meer selfondersteunend op te tree deur verantwoordelikheid vir homself te aanvaar en die bereiking van persoonlike integrasie te faciliteer (Thompson en Rudolph 2000:165). Hierdie aspekte vorm dan ook die doelstellings van gestaltpelterapie en word tydens die terapeutiese proses tegelykertyd aangespreek. Doelstellings met betrekking tot die bevordering van bewussyn, integrasie en selfondersteunende gedrag, word vervolgens verder toegelig.

### **3.5.1 Bewustheid**

Die bevordering en aanmoediging van totale en vry vloeiende bewustheid vorm die hoeksteen van die gestaltbenadering (Joyce en Sills 2001:27). Bewustheid word egter dikwels verkeerdelik interpreteer. (Vergelyk Yontef 1993:144-145.) Dit is meer as om selfbewus te voel of om selfondersoek in te stel.

Joyce en Sills (2001:27) verduidelik dit soos volg:

“ At its best, awareness is a non-verbal sensing or knowing what is happening here and now “.

Bewustheid stel volgens Clarkson (1989:32); Aronstam (1989:635) en Yontef (1993:139) die kind in staat om sy primêre behoeftes te identifiseer en toepaslik kontak te maak met sy omgewing, ten einde sy behoeftes te bevredig. Dit sluit in om die omgewing te ken, verantwoordelikheid vir keuses te neem, selfkennis, selfaanvaarding en die vermoë om kontak te kan maak. Dit kan beskou word as bewussyn op kognitiewe, sensoriese en affektiewe vlak. (Vergelyk Yontef en Simkin 1989:334-337.) Op hierdie wyse behoort bewussyn vir die kind ‘n hulpmiddel te wees om dan ook verantwoordelikheid vir sy eie gedrag te aanvaar. Bewussyn van die kind se eie proses, dit wil sê wat hy doen en hoe hy dit doen, word volgens Oaklander (1994a:285; 2000:31) beskou as ‘n primêre doelstelling van gestaltpelterapie.

In gestaltpelterapie verwys bewustheid derhalwe na die kind se vermoë om aandag te skenk aan dit wat op sy voorgrond verskyn, deurdat hy weet wat hy voel, dink, beplan en doen om verantwoordelikheid vir sy lewe te neem (Clarkson 1989:36-39; Joyce en Sills 2001:28,33-36). Een van die doelstellings in gestaltpelterapie sal dus wees om die kind se bewussyn te verhoog ten opsigte van sy funksionering in die hede.

Dit is deur kontakmodaliteite dat die kind kontak met die wêreld om hom maak (Oaklander 1988:109; Thompson en Rudolph 2000:173). Die kind se kontakmodaliteite is sy sintuie in aksie, naamlik ruik, voel, hoor, proe, beweging, kyk en praat (Oaklander 1992:68; Schoeman 1996a:42-54; Joyce en Sills 2001:62). Gesonde kontak tussen die kind en sy omgewing word dus bereik wanneer die kind sy sintuie benut om sy behoeftes uit te druk (Oaklander 1997:294; 2000:31). Kontak behels die vermoë wat die kind het om ten volle

bewustelik teenwoordig te wees in 'n spesifieke situasie (Oaklander 1997:297; Thompson en Rudolph 2000:167). Kontakmaking impliseer daarom dat die kind sy omgewing benut vir sy behoeftebevrediging. Bewusheid word dus bereik wanneer die kind in kontak met homself en sy omgewing is.

Gedurende gestaltpelterapie sal die kind se kontakmodaliteite met behulp van verskeie speltegnieke in die terapeutiese proses in takt met homself en sy omgewing gebring word. Dit sal meebring dat die kind se bewusheid vir homself, sy funksionering en omgewing verhoog word, om hom sodoende in staat te stel om die omgewing te benut vir sy eie behoeftebevrediging (Blom 2004a:52). Namate die kind meer bewus word van homself in die terapeutiese proses, dit wil sê *wie* hy is, *wat* hy voel, *waarvan* hy hou of nie hou nie, *wat* hy nodig het, *wat* hy doen en *hoe* hy dit doen, word hy ook meer bewus daarvan dat hy keuses kan uitoefen oor die uitdrukking van sy emosies, die wyses waarop hy sy behoeftes bevredig en die ekplorering van nuwe gedrag. (Vergelyk 3.6.)

### **3.5.2 Integrasie**

Gestaltpelterapie is nie gerig op simptome en analise nie, maar op die kind se totale bestaan en integrasie om meer holisties en sistemies te funksioneer, sodat aandag geskenk kan word aan die toepaslike bevrediging van sy behoeftes (Thompson en Rudolph 2000:167). Integrasie en rypwording is prosesse wat nooit eindig nie en het direkte verband met die kind se bewussyn in die hier-en-nou.

Integrasie kan daarom beskou word as die voltooiing van 'n onvoltooidheid om 'n nuwe geheel te vorm (Joyce en Sills 2001:130-131; Blom 2004a:53). Integrasie vind dus plaas wanneer die kind leer om sowel die dele van homself wat hy verstaan, as die dele wat hy nie verstaan nie, te erken en te aanvaar. Slegs dan is dit vir die kind moontlik om homself te aanvaar en goed te behandel.

Oaklander (1992:66) verduidelik dit soos volg:

“ Helping the child become aware of what he needs, is the vital step forward overcoming fragmentation and achieving integration “.

Gestaltpelterapie is dus daarom gerig op ervaring met die oog op integrasie van dit wat voortdurend plaasvind. Die klem val nie op die redes van sekere gedrag nie, maar eerder op die “wat” en “hoe” daarvan. Sodra die kind bewustheid oor homself en sy funksionering verkry, stel dit hom in staat om homself bewustelik uit te leef. Oaklander (1997:312) verduidelik:

“ Change occurs when one becomes what he is, not when he tries to become what he is not .”

Die afleiding kan gemaak word dat integrasie as doelstelling van gestaltpelterapie impliseer dat die kind bygestaan moet word om, as ‘n holistiese eenheid, sy kognisies, emosies, liggaam en sintuie te integreer ten einde onvoltooidhede op sy voorgrond te voltooи. Dit impliseer dat al hierdie aspekte van die kind se holistiese eenheid tydens die terapeutiese proses aandag behoort te geniet. Dit impliseer ook verder dat die kind sekere dele van homself, sy ervaring en gevoelens, nie sal ignoreer nie. Dit wat dus tot beperking van sy funksionering aanleiding gee, sal erken en aanvaar word. Die kind sal dus leer om homself in totaliteit, met al sy fasette, te aanvaar.

### **3.5.3 Selfondersteuning**

‘n Terapeutiese doelstelling van gestaltpelterapie is om die kind te leer om meer verantwoordelikheid vir homself te aanvaar en minder steun van die omgewing te verlang, ten einde in ‘n volwasse persoon te ontwikkel (Blom 2004a:51). Die gestaltterapeut poog om vas te stel hoedat die kind homself ondersteun in die oplossing van sy probleme en wil probleemoplossing faciliteer deur middel van

selfregulering en ondersteuning (Yontef en Simkin 1989:337-338; Joyce en Sills 2001:83).

Selfondersteuning sluit volgens Yontef (1993:26) beide selfkennis en aanvaarding in. Die kind moet dus deur middel van die terapeutiese proses daartoe gelei word om homself te ken en te aanvaar. Hierdeur leer hy om al hoe meer verantwoordelikheid vir sy eie gedrag te aanvaar en is hy in staat tot meer realistiese keuses vir sy gedrag (Blom 2004a:51). Selfondersteuning word deur Aronstam (1989:639) beskryf as die begrip van die kind vir die verhouding tussen homself en die omgewing, soos wat die dele van die liggaam instinktief hulle verhouding tot die liggaam as 'n geheel besef.

Oaklander (1997:298; 2000:30) beskryf selfondersteuning as die ontwikkeling van 'n sterk sin vir die self, sodat die kind gesond en positief oor homself kan voel. Dit word verkry deur definiëring van die self, ervaring van beheer, keuses, bemeesterung, besit van projeksies, huldiging van grense, gebruik van verbeelding en kontak met eie aggressiewe energie.

Selfondersteuning as doelstelling van gestaltpelterapie impliseer dus dat die kind begelei word om verantwoordelikheid vir homself te aanvaar, bevrediging van sy eie behoeftes te neem en toepaslike keuses ten opsigte van behoeftbevrediging te maak. (Vergelyk 3.6.2 en 3.6.4.)

### **3.6 Die terapeutiese proses binne gestaltpelterapie**

Gestaltterapie word beskou as 'n prosectorie, wat aandag sken aan die *wat* en *hoe* van gedrag eerder as die *hoekom* daarvan (Oaklander 2000:28). Volgens Yontef en Simkin (1989:335,340) lei bewussyn tot natuurlike verandering.

Soos reeds bespreek, is bevordering van die kind se bewussynsvlake een van die doelstellings van gestaltpelterapie (vergelyk 3.5.1). Die kind word dus bewus

gemaak van sy eie proses. Volgens Oaklander (1994a:285) lei bewussyn van sy eie proses in die hier en nou, dat die kind ontdek dat hy daartoe in staat is om keuses, met betrekking tot emosionele uitdrukking en behoeftebevrediging, te maak.

Gestaltpelterapie fokus dus daarop om die kind se bewussyn van sy eie proses te verhoog, eerder as om 'n analise te doen van waarom bepaalde gedrag by die kind manifesteer. Die kind se proses kan dus beskou word as wie hy is, watter emosies hy openbaar, waarvan hy hou en nie hou nie, wat sy behoeftes is, watter gedrag hy openbaar en hoe hy dit openbaar (Blom 2004a:50).

Ten einde die kind se bewussyn van sy proses te verhoog, word 'n bepaalde terapeutiese proses deur Oaklander (1994a:289-297; 1994b:147-156 en 1997:292-317) in haar model vir gestaltpelterapie voorgestel. Tydens elke fase van die proses word 'n verskeidenheid van ervaringe aan die kind voorsien. Soos reeds vroeër vermeld, word Oaklander se model vir die doeleindes van hierdie navorsing benut vir die bespreking van die terapeutiese proses in gestaltpelterapie.

Ter wille van die geheelbeeld van die onderskeie stappe in die terapeutiese proses, word 'n skematische voorstelling aan die hand van Tabel 1 uiteengesit (Blom 2004a:46-47).

**TABEL 1 : Skematische voorstelling van die terapeutiese proses**

| <b>FASES</b>                                       | <b>DOELSTELLING EN DOELWITTE</b>  |
|--|---|
| 1. Bou van 'n terapeutiese verhouding              | <ul style="list-style-type: none"> <li>• totstandkoming van <i>ek-jy-verhouding</i></li> <li>• fokus op die hier-en-nou</li> <li>• verantwoordelikheid van terapeut en kind</li> <li>• tegnieke en aktiwiteite wat fokus op ervaring en ontdekking</li> <li>• wyse van assessering</li> <li>• manifestasie en hantering van weerstand</li> <li>• stel van grense en beperkings</li> </ul> |
| 2. Kontakmaking en selfondersteuning               | <ul style="list-style-type: none"> <li>• sensoriese en liggaamlike kontakmaking</li> <li>• versterking van die self deur:           <ul style="list-style-type: none"> <li>definiëring van die self</li> <li>keuses</li> <li>bemeesterig, gesag en beheer</li> <li>besit van projeksies</li> <li>grense en beperkings</li> <li>spelerigheid, verbeelding en humor</li> </ul> </li> </ul>  |
| 3. Emosionele uitdrukking                          | <ul style="list-style-type: none"> <li>• uitdrukking van aggressiewe energie</li> <li>• uitdrukking van emosies deur kognitieve gesprekvoering oor liggaamlike reaksies ten opsigte van verskillende emosies; projeksie en besit van emosies;</li> <li>aanleer van hanteringstrategieë en vaardighede</li> </ul>  |
| 4. Selfvertroeteling                               | <ul style="list-style-type: none"> <li>• kontakmaking met onaanvaarbare dele van die self</li> <li>• vaardighede te bekom om vertroetelende dele te benut ten einde onaanvaarbare dele te integreer en te vertroetel</li> <li>• vaardighede te bekom om goed te wees vir die self</li> </ul>  |
| 5. Hantering van die volhardende onvanpaste proses | <ul style="list-style-type: none"> <li>• bevorder bewussyn van eie proses en gedrag</li> <li>• aanleer van vaardighede om keuses te maak en verantwoordelikheid te neem</li> </ul>  |
| 6. Terminering                                     | <ul style="list-style-type: none"> <li>• evaluering en voorbereiding om geskikte tyd te bepaal</li> </ul>   |

Vervolgens word die ses belangrike fases in die terapeutiese proses kortlik bespreek. Tydens elke fase in die terapeutiese proses word die kind van 'n verskeidenheid ervaringe deur middel van speelaktiwiteite voorsien, wat sy bewussynsvlakte ten opsigte van homself en sy omgewing sal verhoog.

### **3.6.1 FASE 1: Bou van 'n terapeutiese verhouding**

Tydens die eerste paar sessies word daar gefokus op die bou van 'n terapeutiese verhouding met die kind. Volgens Oaklander vorm dit die basis en raamwerk vir spelterapie waartydens kontakmaking met die kind geskied.

(1988:185; 1994a:281-282; 1994b:147; 1997:293; 2000:28-29). Verskeie ander outeurs deel hierdie siening en is dit eens dat 'n *ek-jy-verhouding* met die kind tot stand moet kom waar die kind, ongeag ouderdom, gelyke status met die terapeut sal geniet, sodat hy gemaklik en veilig kan voel (Aronstam 1989:640; Landreth 1991:157-157; Schoeman 1996d:29-39; Robinson 1999:273; Thompson en Rudolph 2000:447; Joyce en Sills 2001:41-43 asook Blom 2004a:54-57). Onvoorwaardelike aanvaarding en respek word dus uitgeleef, sodat die kind gemaklik voel deur net homself te wees. Hierdie aspek vorm waarskynlik die fondament vir al die terapeutiese interaksies wat hierna mag volg, omrede dit 'n atmosfeer van groei en verandering skep.

Oaklander (1997:293) beklemtoon dat die terapeut bewus sal wees van eie beperkinge, emosies en grense en dit eerlik sal uitleef. Die spelterapeut moet ook in kontak wees met die kind in haarself om haar eie kreatiewe vermoëns in spel te kan benut. (Vergelyk Landreth 1991:90-97; West 1996:116-117; Van der Merwe 1996a:10-11 en Blom 2004a:55.)

Die realiteit waarin die terapeutiese verhouding ontwikkel, is in die hier-en-nou omrede dit een van die uitgangspunte van gestaltterapie is om die kind se bewussyn in die teenswoordige te bevorder (Aronstam 1989:639-640; Thompson en Rudolph 2000:167; Joyce en Sills 2001:44-45). Beide die kind en terapeut aanvaar verantwoordelikheid vir hulself in gestalspelerapie wat betref keuses, belewenis en gedrag (Blom 2004a:59). Samewerking word waarskynlik van die kind verkry wanneer hy bereid is om vir homself verantwoordelikheid te aanvaar (Schoeman 1996d:36).

Weerstand dui nie op 'n onwilligheid om saam te werk nie (Oaklander 1994b:146), maar is 'n aanduiding van die kind se kontakvlak (Oaklander 1997:295). Die terapeut moet volgens Blom (2004a:61) toepaslik daarop reageer omdat dit die terapeutiese verhouding mag beïnvloed. Toepaslike grense vir die kind, sy ouers asook vir die terapeut is onontbeerlik en hou bepaalde voordele in

(Blom 2004a:64-68). Dit bied struktuur vir die ontwikkeling van die terapeutiese verhouding en dra daartoe by dat die kind sowel fisiek as emosioneel, sekuriteit ervaar (Landreth 1991:209; Van der Merwe 1996a:15; Oaklander 1997:301).

Tydens hierdie fase vind daar, samelopend met die bou van 'n terapeutiese verhouding, deurlopende assessering van die kind en sy omgewing plaas. Oaklander se model staan holistiese assessering op grond van wat die kind in die terapeutiese situasie bied, voor (Oaklander 1988:184; Blom 2004a:69). Verskeie tegnieke kan hiervoor benut word, onder andere die onvoltooide sinne toets (Thompson en Rudolph, 2000:169), grafiese gesinstekening (Blom 2004a:75-76), dierekaarte (Blom 2004a:74-75), roosboomfantasie (Blom 2004a:77-78) en fantasie van 'n veilige plekkie (Blom 2004a:79-80).

Assessering van die kind se besonderse temperament (Blom 2004a:83-88) geskied ook. Laasgenoemde word weens die beperkte omvang van hierdie navorsing, nie volledig beskryf nie, maar slegs vermeld as 'n belangrike deel van die assessering van die kind se unieke omgang met homself en sy omgewing.

Binne die terapeutiese verhouding ervaar die kind dus grense en sekuriteit waarbinne hy in kontak met die werklikheid van sy lewensituasie kan kom. Die terapeutiese verhouding met die kind geniet tydens die terapeutiese proses, deurlopend aandag. (Vergelyk 3.4.5.)

### **3.6.2 FASE 2: Kontakmaking en bevordering van selfondersteuning**

Kontakmaking is 'n primêre konsep in die gestaltteorie wat die *ek-jy-verhouding*, fasiliteer. Dit is daarom 'n baie belangrike aspek tydens die terapeutiese proses, aangesien geen verandering hiersonder kan gebeur nie. Komponente van kontakmaking wat aandag behoort te geniet, is sensoriese en liggaamlike kontakmaking; asook die versterking van die kind se self (Oaklander 1994a:291; 1997:296-306; 2000:28-29 en Blom 2004a:101-107).

Deur te konsentreer op sensoriese en liggaamlike kontakmaking word die kind meer bewus van wie hy is en die emosies wat hy beleef (Yontef 1993:66; Thompson en Rudolph 2000:168-169; Joyce en Sills 2001:46-47). Asemhaling is 'n belangrike deel van die kind se liggaamsbewussyn en verskeie asemhalingsoefeninge kan met hom gedoen word om sy sin vir die self te versterk (Schoeman 1996a:53-54; Oaklander 1988:128; 1997:221 en Blom 2004a:110-112).

Kontakmaking tussen die kind en terapeut is dus 'n voorvereiste vir die bevordering van die kind se selfbewussyn, emosionele uitdrukking en selfondersteuning. Verskeie mediums soos sand, klei, verf, water en musiek kan hiervoor benut word (Oaklander 1994a:291). (Vergelyk 3.5.1 en 3.5.3.)

Die kind behoort ook gedurende hierdie fase aangemoedig te word om selfstellings te maak (Thompson en Rudolph 2000:168). Humphreys (2002:141) is van mening dat die kind daardeur sy eie uniekheid beleef en op hierdie wyse sy sin vir die self versterk. Ander speltegnieke wat ook benut kan word, is: semantiese opklarings (Blom 2004a:122), fokussering op polariteite (Blom 2004a:125), speelaktiwiteite vir bemeesterung en beheer (Blom 2004a:125), die roosboom- en my veilige plekkie-tegniek (Blom 2004a:128).

Versterking van die kind se sin vir die self word nagestreef, indien die volgende aspekte binne die terapeutiese verhouding ingebou word:

- Definiëring van die self, met ander woorde wié die kind is, sy voor- en afkeure (Oaklander 1994b:150; 1997:298-299; 2000:30 en Humphreys 2002:4-5,125).
- Die maak van keuses ten opsigte van speelaktiwiteite en materiaal (Oaklander 1988:28; Landreth 1991:195).
- Bemeesterung en beheer wat deur die kind ervaar word, deur op sy ontwikkelingsvlak met hom om te gaan en toe te laat dat die kind self besluite neem (Oaklander 1988:292; 1997:302 en Humphreys

2002:52,56,156).

- Spelerigheid, humor en verbeelding wat 'n natuurlike deel van spel en kindwees is (West 1996:11; Oaklander 1997:301).
- Besit van projeksies om selfstellings te maak en eienaarskap daarvoor te aanvaar (Oaklander 1997:300).
- Daarstelling van grense met die oog op veiligheid (Landreth 1991:202; Van der Merwe 1996a:15 en Oaklander 1997:301-302).

Die kind word dus deur benutting van verskillende speltegnieke die geleentheid gebied om homself te definieer, ten einde sy sin vir die self te versterk. Sodra die kind meer bewus word van wie hy is en die belewenis kry dat hy homself mag uitleef, is die kind gereed om die volgende fase in die terapeutiese proses, naamlik emosionele uitdrukking, binne te gaan.

### **3.6.3 FASE 3: Emosionele uitdrukking**

Twee aspekte van emosionele uitdrukking moet tydens die terapeutiese proses aandag geniet, naamlik die uitdrukking van aggressiewe energie, asook dié van emosies (Oaklander 1994a:295-296; 1994b:150; 1997:304). Volgens Oaklander (1994b:150) benodig elke aksie om 'n behoeftte te bevredig, 'n mate van aggressiewe energie. Aggressiewe energie verwys na die energie wat benodig word om aksies te neem of emosies te kan uitdruk. Die uitdrukking van aggressiewe energie blyk 'n voorvereiste vir gesonde emosionele uitdrukking te wees (Blom 2004a:133). Aggressiewe energie word dikwels onderdruk of geïgnoreer, terwyl dit as hulpbron om gesond te lewe benut kan word.

Die kind toon daarom dikwels retroflektiewe gedrag indien aggressiewe energie by hom ontbreek. (Vergelyk Blom 2004a:134.) Die kind keer eerder hierdie energie na binne met die gevolg dat psigosomatiese toestande soos hoofpyne, ensovoorts voorkom. Indien die kind eerder hierdie energie na buite keer en as't ware veg vir beheer, mag dit wees dat hy soms 'n gebrek aan energie ervaar, aangesien die kind buite sy "normale" grense optree. In hierdie geval sal die kind

defleksie as kontakgrensversteuring benut om sy balans te probeer herstel. (Vergelyk 2.5; 3.4.7.4 en 3.4.7.5.)

Tydens hierdie fase is dit dus baie belangrik om die kind deur middel van 'n wye verskeidenheid ervaringe die geleentheid te gee om aggressiewe energie te beleef om hom sodoende gemaklik en gewoond daaraan te maak. Die selfondersteuning wat hiermee verkry word, dien as voorvereiste vir die uitdrukking van onderdrukte emosies. Dit is egter belangrik dat aktiwiteite vir die uitdrukking van aggressiewe energie deur middel van interaksie met die terapeut moet plaasvind (Oaklander 1994a:292; 1994b:150 en 1997:304). Speltegnieke om aggressiewe energie-ontlading te bewerkstellig, sluit onder ander in: fisiese aktiwiteite soos kussing- of bataca geveg, slaan, sny of kap van 'n kleimodel, gooи van klei teen die muur of laat die kind nat koerante met die vuis stukkend slaan (Oaklander 1988:214; 1994a:292-293; 1994b:150; 1997:304-306; Schoeman 1996e:176 en Blom 2004a:135).

Volgens Oaklander (1988:122) en Schoeman (1996a:52) is kinders dikwels nie bewus van hul emosies nie. Dit beteken nie dat hulle dit nie ervaar nie, maar eerder dat hulle nie weet hoe om emosies uit te druk nie. Kinders is ook geneig om negatiewe emosies te onderdruk. Hulpverlening aan die kind om onderdrukte emosies te erken, te aanvaar en te verbaliseer, is 'n noedsaaklike aspek van terapeutiese werk; aangesien emosies dikwels in kinders se gedrag tot uiting kom (Oaklander 1997:310).

Die kind moet daarom gelei word om in kontak te kom met sy emosies, daaroor te praat, keuses te maak ten opsigte van die uitdrukking daarvan en toegelaat te word om dit te besit (Oaklander 1988:120; 2000:37). Fisieke reaksie van emosies in die liggaam behoort ook aan die kind gedurende hierdie fase uit gewys te word omrede onderdrukking van emosies verlies tot bewussyn tot gevolg het.

Verskeie speltegnieke wat tydens gestaltpelterapie benut word, is projektief van aard. Dit bied aan die kind die geleentheid om in kontak te kom met onderdrukte emosies wat hom in staat stel om onvoltooide behoeftes te voltooi. (Vergelyk 3.4.10.) 'n Verskeidenheid speltegnieke wat insluit tekeninge, sandspel, kleiwerk, fantasie, beeldspraak, gedramatiseerde spel, musiek, bibliospel, beweging en metafore kan benut word om die kind te help om onderdrukte emosies te verbaliseer en te projekteer. Die bekende 14-stappe van Oaklander kan benut word by droomprojeksies, sandspel en die monstertegniek (Oaklander 1988:122-123; 1994b:151-152; 1997:308-310; Schoeman 1996b:68-72; 1996a:52-53 en Blom 2004a:139-167).

Wanneer 'n kind 'n projeksie besit, maak hy in werklikheid 'n stelling oor homself wat bewustheid en grense versterk. Deur emosie te besit, word eienaarskap daarvoor aanvaar en word die kind dus bemagtig om onvoltooide aspekte te deurleef en te voltooi. (Vergelyk 3.4.10 en 3.5.1.)

### **3.6.4 FASE 4: Selfvertroeteling**

Die kind blameer homself dikwels vir sy ouers se egskeiding. (Vergelyk 2.5 en 2.6.1.1.) Hierdie gedrag lei egter tot fragmentering in die kind se funksionering en daarom behoort die kind tydens die terapeutiese proses bygestaan te word om die ondersteunende dele in homself aan te wend om sodoende die beskadigde dele van homself te hanteer (Oaklander 1994a:295). Die kind moet dus gelei word om deur middel van selfvertroeteling die polariteite in homself te integreer, die negatiewe dele te aanvaar en te vertroetel en vir homself goed te wees (Blom 2004a:173).

'n Verdere aspek wat tydens die fase aangespreek word, is dat die kind vaardighede aanleer om homself goed te behandel. Volgens Blom (2004a:175) het selfvertroeteling tot gevolg dat die kind in kontak kom met daardie dele wat in homself nie aanvaarbaar is nie. Dit is dikwels introjekte waarmee die kind grootgeword het. Die kind identifiseer homself dikwels in totaliteit met daardie

deel, wat dan tot fragmentasie aanleiding gee. Wanneer die kind egter verstaan dat daardie deel slegs 'n klein deeltjie van homself verteenwoordig, verkry hy dikwels nuwe beheer. (Vergelyk 3.4.3 en 3.4.7.1.)

Projektiewe tegnieke soos tekeninge, kleiwerk en metafore kan tydens hierdie fase benut word. Die monster-tegniek soos deur Schoeman (1996b:68-69) beskryf word, is by uitstek geskik vir dié doel.

### **3.6.5 FASE 5 : Hantering van volhardende onvanpaste gedrag**

Die kind se onvanpaste of simptoom-gedrag, wat as rede vir sy aanmelding vir terapie aangevoer is, manifesteer normaalweg nie meer wanneer daar deur die verskillende aspekte van die terapeutiese proses gewerk is nie. Indien onvanpaste gedrag steeds voorkom, sal daar voort gegaan word om daarop te fokus.

Die fokus van die speltherapeut tydens hierdie fase, is om steeds die kind se bewussyn van sy gedrag te verhoog. (Vergelyk Oaklander 1994b:153-154 en 1997:313-314.) Die kind word binne die terapeutiese proses bygestaan om met nuwe gedrag te eksperimenteer. Volgens Blom (2004a:180) blyk dit dat fokussering op die kind se onvanpaste proses, deur direk te fokus op die simptoom-gedrag, waarskynlik net sal plaasvind indien daar reeds deur alle fases van die terapeutiese proses beweeg is en hierdie gedrag steeds manifesteer.

Die klem behoort, in ooreenstemming met die gestalfilosofie, steeds op die verhoging van die kind se bewussyn van sy eie proses te wees, sodat hy self verantwoordelikheid daarvoor kan neem (Thompson en Rudolph 2000:169). Tegnieke wat gebruik is in die fase van emosionele uitdrukking sal hier van toepassing wees (Blom 2004a:181-200).

### **3.6.6 FASE 6: Terminering**

Terminering is 'n belangrike fase in die gestalspelterapieproses en word nie slegs as die beëindiging van terapie, beskou nie. Namate die kind se voorgrondsbehoeftes bevredig word, sy bewussynsvlakke verhoog en integrasie bewerkstellig is, verkry die kind 'n plato in terapie wat gewoonlik as 'n goeie aanduiding vir terminering beskou kan word (Blom 2004a:202). Dit is van uiterste belang dat die kind voldoende voorberei word op terminering, sodat hy dit nie as verwerpend beleef nie (Van der Merwe 1996a:8).

'n Spesiale sessie moet daaraan gewy word, hoewel die kind reeds vir 'n geruime tyd daarop voorberei moet word. Verskillende metodes van afsluiting soos beskryf deur West (1996:107-117) en Oaklander (1988:199) kan aangewend word. Die kind kan tydens die laaste sessie byvoorbeeld die geleentheid kry om sy gunsteling speletjie te speel. Sy emosies met betrekking tot die terminering moet egter ook hanteer word, omdat dit nie net bloot 'n program is wat getermineer word nie, maar ook 'n verhouding waarvan die kind afskeid moet neem.

### **3.7 Samevatting**

Gestaltterapie is 'n eksistensiële, fenomenologiese en holistiese benadering met die klem op die verkryging van bewussyn in die hier-en-nou. Die filosofie, teorie en praktyk van gestaltterapie kan met geringe aanpassing ook tydens terapeutiese werk met kinders gebruik word. Oaklander kan as die grondlegger van gestalspelterapie beskou word.

Die doelstellings van gestalspelterapie is, om deur middel van die terapeutiese proses, die kind se bewussynsvlakke ten opsigte van homself en sy omgewing te verhoog, asook om sy selfondersteuning te motiveer ten einde te verseker dat hy meer geïntegreerd funksioneer. Integrasie beteken dat die kind balans in sy

funksionering verkry het, omrede voorgrondbehoeftes aangespreek en onvoltooidhede voltooï is.

Gestaltpelterapie bied aan die gestaltterapeut die geleentheid om die kind wie verlies deur egskeiding beleef, terapeuties te bereik. Met behulp van die verskillende fases in die terapeutiese proses kan die kind tot bewussyn, selfondersteuning en integrasie begelei word.

## HOOFTUK 4

### **NAVORSINGSMETOLOGIE: ‘N EMPIRIESE PERSPEKTIEF EN INTEGRERING VAN BEVINDINGE**

#### **4.1 Inleiding**

Hierdie studie is afgebaken tot die identifisering van verliesbelewenisse, gevoelens en gedragsreaksies as gevolg van egskeiding by die kind in die middelkinderjare, ten einde ‘n riglyn aan gestaltpelterapeute vir die hantering van egskeidingsverlies by hierdie kind, saam te stel. Die daarstelling van so ‘n spesifieke riglyn, was ‘n omvattende taak soos wat dit uit die literatuurstudie in die voorafgaande hoofstukke, asook die empiriese ondersoek sal blyk. Ten einde die navorsingsproses te voltooi, sal daar in hierdie hoofstuk gepoog word om ‘n duidelike uiteensetting van die navorsingsmetodologie wat vir hierdie ondersoek benut is, te bied.

Vanuit ‘n trianguleringsproses sal die literatuurstudie, semi-gestrukteerde onderhoudboeking met die ouers as respondenten, asook waarneming van gevallestudies wat as geïntegreerde insamelingstechniek vir die empiriese ondersoek en doelwitbereiking benut is, uiteengesit word.

#### **4.2 Navorsingsproses vir die empiriese ondersoek**

Die navorsingsproses is volgens Leedy en Fouché en Delport (2002a:78) ‘n sirkulêre proses, wat begin by die formulering van ‘n navorsingsprobleem en eindig by die oplossing van daardie probleem. Vier belangrike fases kan in die navorsingsproses vir ‘n kwalitatiewe ondersoek onderskei word, naamlik: die formulering van ‘n probleem en beplanning vir navorsing, insameling van inligting en prosessering van data en bevindinge. Laastens word hierdie proses voltooi

met die integrering van bevindinge (Fouché en Delport 2002a:85-92). Hiérdie vier fases is vervolgens benut as navorsingsproses vir die empiriese ondersoek van hierdie studie.

#### **4.2.1 Probleemformulering en beplanning vir navorsing**

Strydom en Venter (2002:210) is van mening dat die voorundersoek die sukses van die navorsingsondersoek verhoog aangesien dit moontlike struikelblokke, en onduidelikhede uit die weg ruim. Sodoende kan die navorsingsproses beter beplan word.

Die navorser het, nadat daar 'n toename was in die getal aanmeldings van kinders uit egskeidingsituasies vir speltherapie by haar privaatpraktyk, die behoefté aan 'n spesifieke riglyn vir gestaltpelteapeute waarmee hierdie kinders sinvol deur die trauma van egskeiding begelei kan word, geïdentifiseer. By nadere ondersoek kon geen so 'n spesifieke riglyn opgespoor word nie. Verskeie kundiges uit verskillende diensvelde is genader om hul mening aangaande die waarde van terapie aan die kind uit 'n egskeidingsituasie. Almal was dit eens dat terapeutiese insette waardevol en noodsaaklik is omdat hierdie kinders deur velerlei verliese voortspruitend uit die egskeiding, gekonfronteer word. Doelgerigte insette deur terapeute sou dus waardevol kon wees. Aangesien die navorser tydens die trianguleringsproses van drie bronne, te wete literatuurstudie, semi-gestruktureerde onderhoudboeking met ouers as respondenté asook die waarneming van twee gevallestudies gebruik gemaak het, het 'n formele voorundersoek nie geskied nie.

Hierdie studie is gerig deur die uitgangspunt dat kinders na 'n egskeiding dit nodig het om deur kundiges begelei te word, om die verliese wat hul vanweë die egskeiding beleef, te hanteer en te verwerk. Die gebrek aan 'n praktiese riglyn vir gestaltpelteapeute waarmee egskeidingsverlies by die kind in die middelkinderjare aangespreek kan word, is die **navorsingsprobleem** wat vir hierdie studie geformuleer is.

Die **doelstelling** van hierdie studie is daarom, die daarstelling van 'n riglyn aan gestaltpelterapeute vir die hantering van egskeidingsverlies by die kind in die middelkinderjare. Die volgende **doelwitte** het uit bogenoemde doelstelling voortgevloeи naamlik om:

\* **Eerstens** gedurende die eerste gedeelte van die trianguleringsproses met behulp van 'n literatuurstudie op drie sentrale temas te fokus, te wete die verkenning en beskrywing van:

- die omvang van verlieservaring deur egskeiding by kind in die middelkinderjare
- die totale ontwikkelingsvlak van die kind in die middelkinderjare en
- die benuttingswaarde van spelterapie binne die gestaltteoretiese raamwerk asook die toepassingsmoontlikhede van gestaltpelterapie by die kind in 'n egskeidingsituasie.

\* **Tweedens** die trianguleringsproses voort te sit en verdere inligting in te samel deur middel van 'n empiriese ondersoek met behulp van semi-gestrukteerde onderhoudvoering met ouers as respondentе аsook waarneming van twee gevallestudies.

\* **Derdens** 'n geskrewe riglyn vanuit die gestaltbenadering, wat egskeidingsverlies by die kind in die middelkinderjare sal aanspreek, vanuit die drie genoemde inligtingsbronne saam te stel.

Vir die doeleindeste van hierdie studie was die ondersoek **kwalitatief** van aard en is daar gepoog om die respondentе se belewenisse en persepsies, na vore te bring. Die fokus was dus op begrip vir die verlieservarings van die kind in 'n egskeidingsituasie, éérder as 'n verklaring daarvoor en natuurlike waarneming, éérder as gekontroleerde meting.

**Kwalitatiewe navorsing** is gedoen, deurdat die kind in die middelkinderjare by die studie betrek is om sy verlieservarings tydens egskeiding, te verken en te beskryf. Sodoende is die respondentе as kundiges by die ondersoek betrek.

In die lig van die doelstelling en doelwitte wat vir hierdie studie geïdentifiseer is, is dit duidelik dat **toegepaste navorsing** met ‘n **verkennende** en **beskrywende aard**, benut is. Die *verkennende* en *beskrywende* aard van die navorsing is uitgeoefen deurdat die omvang van die verlieservarings deur egskeiding by die kind in die middelkinderjare asook die benuttingswaarde en toepassingsmoontlikhede van gestaltpelterapie tydens terapie aan dié kind, deur middel van ‘n trianguleringsproses verken en beskryf is. Sowel die *verkennende* as *beskrywende* aard van die studie, het neerslag gevind in die daarstelling van ‘n riglyn aan gestaltpelterapeute om verlieservaring deur egskeiding by die kind in die middelkinderjare te hanter. **Gevallestudies** is verder as strategie vir die kwalitatiewe navorsing van hierdie studie, benut.

#### **4.2.2 Insameling van inligting**

Die insamelingstegniek volgens gevallestudies as navorsingstrategie, is ook vir die trianguleringsproses aangewend. Volgens De Vos (2002b:365) kon die navorser die geldigheid van waarneming tydens hierdie studie verhoog, deurdat daar van meerdere inligtinginsamelingsmetodes, gebruik gemaak is.

Vir die doeleindes van hierdie studie het triangulering geskied deur middel van ‘n omvattende literatuurstudie soos vervat is in hoofstukke twee en drie, semi-gestrukteerde onderhoudboeking met ouers as respondentie met behulp van ‘n selfontwerp vraelys (Bylaag C). Gevallestudies is waargeneem aan die hand van drie selfontwerp hulpmiddels (Bylaag D; E en F).

##### **4.2.2.1 Literatuurstudie**

Die bestudering van literatuur het vir die doeleindes van hierdie studie die grondslag gevorm waarop alle verdere inligting, ingesamel is. Drie sentrale temas is in die literatuurstudie verken, te wete die:

- omvang van verliesbelewenisse deur egskeiding by die kind in die middelkinderjare
- toepassingsmoontlikhede van gestaltpelterapie tydens hantering van die

kind in die middelkinderjare wie verliese deur egskeiding beleef en benuttingswaarde van gestaltpelterapie in 'n riglyn aan gestaltpelterapeute vir hantering van egskeidingsverlies by die kind in die middelkinderjare.

#### **4.2.2.2 Semi-gestruktureerde onderhoudvoering met ouers as respondentē**

Onderhoudvoering word deur Greeff (2002:292) beskou as 'n effektiewe inligtinginsamelingstegniek vir kwalitatiewe navorsing. Vir die doeleindes van hierdie studie het semi-gestruktureerde onderhoudvoering geskied met sowel toesighoudende as nie-toesighoudende ouers. Die doel van hierdie onderhoudvoering was om verlieservarings deur egskeiding by die kind in die middelkinderjare, te identifiseer.

Twee ouers, een toesighoudend en een nie-toesighoudend, woonagtig in die Helderberg-Kom, van wie die kinders in die middelkinderjare is, is by hierdie studie betrek. Die respondentē is volgens 'n doelgerigte steekproefneming vanuit die navorser se privaatpraktyk, geselekteer. Onderhoudvoering was semi-gestruktureerd en het individueel geskied.

Tydens onderhoudvoering met die ouers as respondentē, is 'n selfontwerppte vraelys (aangeheg as Bylaag C) as hulpmiddel vir gesprekvoering, deur die navorser benut. Inligting is deur middel van notas en audiokasset versamel.

#### **4.2.2.3 Waarneming van gevallenstudies**

Toestemming is van die skoolhoof van Laerskool Somerset-Wes verkry om gedurende die tweede kwartaal 'n skrywe aan al die ouers van die skool te rig, om sodoende die navorsingsprojek bekend te stel. Ouers kon hul kinders aanmeld vir vrywillige deelname. Slegs kinders uit egskeidingsituasies is vir die steekproefneming in aanmerking geneem.

Respondente is volgens die volgende kriteria geselekteer:

- Slegs kinders van Westerse afkoms, tussen die ouderdomme ses- tot twaalfjaar is by die ondersoek betrek.
- Die ouers van die kinders moes van mening wees dat hul kind 'n behoeftte het aan egskeidingsbegeleiding en reageer na aanleiding van 'n brief wat aan alle ouers van die skool, gestuur is (Bylaag A).
- Ouers moes skriftelik toestemming gee vir die kind se deelname aan die projek en dat audiokasset- en video-opnames van elke sessie, gemaak kon word (Bylaag B).
- Slegs kinders wie se ouers na April 2003 geskei is, is vir deelname geselekteer.

Twee kinders, 'n dogter en 'n seun, is volgens 'n doelgerigte steekproefneming uit die leerdertal van die skool geselekteer. Die dogter, hierna bekend as *Kinder-respondent 1*, is 8 jaar oud en woonagtig by haar moeder. Die seun, hierna bekend as *Kinder-respondent 2*, is 12 jaar oud en woonagtig by sy vader en stiefmoeder. Beide kinder-respondente het elk 'n terapeutiese proses van 10 sessies deurloop (vergelyk Tabel 2). Die sessies was ongeveer 55 minute lank en het op Maandae gedurende skoolure, tydens die derde kwartaal, plaasgevind. Daar is vooraf beplanning gedoen van verskillende spelterapeutiese tegnieke wat die navorser kon gebruik, om die kinder-respondente se verlieservarings vir identifisering, na die voorgrond te bring. Volgens Oaklander (1994a:288-289) en Geldard en Geldard (1997:85) kan 'n verskeidenheid spelaktiwiteite tydens gestaltpelterapie benut word om die kind van ervarings te voorsien. (Vergelyk 3.3.3.)

Van der Merwe (1996b:12-13; 1996c:77-82; 1996d:98-107; 1996e:108-127 en 1996f:138-148) verdeel speltegnieke in vyf groepe; naamlik: ontspannende spel, assesseringspel, bibliospel, gedramatiseerde spel en kreatiewe spel. Vir die doeleindes van hierdie studie is daar van ontspannende, biblio, kreatiewe en assesseringspel gebruik gemaak. Slegs biblio- en assesseringspel is egter benut om verliese by die kinder-respondente te identifiseer en assesseer. Kreatiewe

spel is benut om verlieservarings na die voorgrond te bring. Vervolgens word hierdie twee speltegnieke kortliks beskryf, waarna kinder-respondente se reaksies op die benutting van elke tegniek na aanleiding van hul verliesbelewenisse, gevoelens en gedragsreaksies in die egskeidingsituasie, in die daaropvolgende fase van die navorsingsproses uiteengesit word.

### ***Bibliospel***

Enige vorm van die geskrewe woord of audio-visuele materiaal kan as hulpmiddels in bibliospel, benut word (Van der Merwe 1996e:108-127). Bibliospel bied onbeperkte geleenthede in gestaltpelteleterapie en kan kreatief deur die terapeut aangewend word. (Vergelyk Van der Merwe 1996e:124.) Vir die doeleindes van hierdie studie is die onvoltooide sinnetoets (Bylaag D) tydens sessie twee van die terapeutiese proses (Tabel 2), benut. Volgens die navorsers kan hierdie tegniek ook as assesseringspel aangewend word, aangesien die doel dikwels assesserend van aard is.

### ***Assesseringspel***

Assesseringspel is noodsaaklik om die kind se kognitiewe, perceptuele, emosionele, gedrag en motivering in die hier-en-nou waar te neem (Van der Merwe 1994:13 en Blom 2004a:69). Assesseringspel word volledig deur Van der Merwe (1996c:98-107) en Blom (2004a:73-83) beskryf. Alhoewel assessering deurentyd geskied, behoort dit nie die fokus van die terapeutiese proses te wees nie. Assessering in gestaltpelteleterapie behoort onafhanklik van diagnostiese verslae, skoolrapporte en ander inligting rakende die kind wat gewoonlik op die spelteleapeut se tafel beland, te geskied. Volgens Oaklander in Blom (2004a:69) neem sulke inligting die fokus van die kind af weg en vorm die bestaande inligting dan die basis vir die terapeutiese proses. Die wyse waarop die kind homself in die terapeutiese situasie aanbied, is die enigste aspek wat in gestaltpelteleterapie geassesseer word. Oaklander (1988:184) stel daarom voor dat die spelteleapeut tydens assessering slegs op die kind en hoe hy homself in die hier-en-nou aanbied, fokus.

Die navorsers het tydens die terapeutiese proses gebruik gemaak van assesseringspel. Die doel daarvan was nie om 'n diagnose te maak nie, maar uitsluitlik om die kinder-respondent se eie belewenis van sy verliese te identifiseer en assesseer. Vanuit die literatuur is twee hulpmiddels (aangeheg as Bylae E en F) ontwikkel om die gevoelens én verlieservarings van kinder-respondente, te verken en te versamel. Hierdie aktiwiteite het onderskeidelik tydens sessie vier en agt, van die terapeutiese proses plaasgevind. Die terapeutiese proses wat benut is vir insameling van inligting by die kinder-respondente, word vervolgens aan die hand van Tabel 2 uiteengesit.

**TABEL 2 : Die spelterapeutiese proses benut vir die identifisering van verlieservarings by die kind as respondent**

| SESSIE | DOELSTELLING   | DOELWITTE  | SPELVORME & TEGNIEKE   |
|--------|--|--|--|
| Een    | • Bou van verhouding                                   | • Leer mekaar ken<br>• Ontspanne atmosfeer<br>• Vestig grense<br>• Laat keuses toe   | • Ontspannende spel<br>• Respondent se keuse   |
| Twee   | • Bou van verhouding<br>• Bewustheid<br>• Kontakmaking | • Bevestig verhouding<br>• Selfondersteuning<br>• Liggaamlike Kontak<br>• Asemhaling<br>• Stimuleer sintuie<br>• Assessering | • Ontspannende spel<br>• Blaas 'n veer<br>• Reuk-, smaak-, gehoorbotteltjies en gevoelssakkie<br>• Onvoltooide sinnetoets (Bylaag D) ( <b>Bibliospel</b> ) |
| Drie   | • Bou van verhouding<br>• Emosionele uitdrukking       | • Bevestig verhouding<br>• Uitdrukking van aggressiewe energie<br>• Gesprek oor emosies                                      | • Kap woedeblok<br>• Boks die slaansak<br>• Gevoelsgesiggies<br>• Maak van gevoelskaart  |
| Vier   | • Bou van verhouding<br>• Emosionele uitdrukking       | • Uitdrukking van gevoelens<br>• Besit van emosies   | • Die Gevoelsboom (Bylaag E) ( <b>Assesseringspel</b> )  |
| Vyf    | • Emosionele uitdrukking                               | • Projeksie<br>• Besit van emosies   | • Teken van gesin (Kreatiewe spel)   |
| Ses    | • Emosionele uitdrukking                               | • Projeksie<br>• Besit van emosies   | • Roosboomtegniek (Kreatiewe spel)   |
| Sewe   | • Emosionele uitdrukking                               | • Projeksie<br>• Besit van emosie  | • Sandspel (Kreatiewe spel)  |
| Agt    | • Emosionele uitdrukking                               | • Projeksie van verliese<br>• Assessering van verliese   | • Egskeidingsboom (Bylaag F) ( <b>Assesseringspel</b> )  |
| Nege   | • Selfvertroeteling                                    | • Kontak onaanvaarbare dele; vertroeteling deur aanvaarbare dele van self  | • Monstertegniek en die goeie fee (Kreatiewe spel)   |
| Tien   | • Terminering  | • Afsluiting   | • Totsienskaartjies  |

Doelwitte is aan elke sessie toegeken, ten einde die doel om verlieservarings, gevoelens en gedragsreaksies by die kinder-respondente te identifiseer, te bereik. Besonderhede van die aktiwiteite wat tydens elke sessie benut is, word vir die doeleindes van hierdie studie nie breedvoerig uiteengesit nie.

#### **4.2.3 Prosessering van inligting en bevindinge**

Net soos vir die insameling van inligting ten opsigte van kwalitatiewe navorsing, huldig De Vos (2002a:346) dat die bevindinge daarvan afgebreek, gekonseptualiseer en weer hersaamgestel word. Die bevindinge kan in teks-, tabel- of grafiekvorm voorgehou word. Vir die doeleindes van hierdie studie sal teks en tabel as visualiseringsmetode gebruik word. Die navorser sal sodoende in staat wees om vanuit inligting soos versamel is deur middel van die trianguleringsproses, relevante verbande te trek en tot gevolgtrekkings kom om sodoende 'n holistiese beeld met betrekking tot die kind se verlieservarings, gevoelens en gedragsreaksies vanweë egskeiding, voor te hou. Hierdie proses van kodering sal die navorser die geleentheid bied om teorie en praktyk te integreer deur die daarstelling van 'n riglyn aan gestaltpelterapeute vir die hantering van egskeidingsverlies in die middelkinderjare. Die uitsluitlike fokus van hulpmiddels (aangeheg as Bylaes C; D; E en F) was om verlieservaring, gevoelens en gedragsreaksies by kinder-respondente te identifiseer en assesseer.

##### **4.2.3.1 Ouers as respondentē**

Identifisering en assessering van inligting wat met behulp van die selfontwerp vraelys (aangeheg as Bylaag C ) uit die semi-gestruktureerde onderhoudvoering met die ouers as respondentē bekom is, word vervolgens aan die hand van Tabel 3 uiteengesit.

**TABEL 3: Identifisering van verlieservarings en gevoelens deur die ouers as respondentē**

• **Toesighoudende ouer as respondent**

| VERLIESERVARINGS EN GEVOELENS  | ASSESSERING VAN VERSLIESERVARINGS EN GEVOELENS  |
|--|---|
| <ul style="list-style-type: none"> <li>Finansiële situasie het aangrypend verander. Vader betaal nie gereeld onderhoud nie. Hulle moes na klein woonstel trek waar kinders kamers moet deel. Daar is nie meer geld vir luukshede nie.</li> </ul> | <p>'n Egskeiding impliseer feitlik altyd verandering of <b>afname van lewenstandaard</b>. Dit laat by die kind 'n <b>verlies aan ekonomiese sekuriteit en geborgenheid</b> (vgl. 2.4.11). Kinders word op hierdie manier bekendgestel aan die werklikheid van die volwasse wêreld en boet dikwels hul spontane kindwees daarvoor in. Egotisme as kontakgrensversteuring maak as gevolg daarvan deel uit van die kind se daaglikse funksionering (vgl. 3.4.7.7).</p> |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>Het <b>kontak met grootouers</b> en familie van vader verloor. As kontak plaasvind is dit kort en oppervlakkig.</li> </ul>  | <p>Kinders lei dikwels <b>verlies aan betekenisvolle verhoudinge en kontak met ander familie</b> (vgl. 2.4.4 en 2.4.8). Dit mag meebring dat die kind verder geïsoleer voel deur die egskeiding. Dit kan 'n invloed hê op die kind se selfevaluering en selfkonsep. <b>Verlies aan eie identiteit</b> soos voor die egskeiding is hier ter sprake (vgl. 2.4.7).</p>   |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>Moeder spandeer <b>minder tyd</b> saam met die kinders as voor die egskeiding. Haar eie omstandighede het drasties na die egskeiding verander.</li> </ul>   | <p><b>Verlies aan ouerlike aandag</b> is dikwels 'n realiteit vir kinders uit egskeidingsituasies (vgl. 2.4.3). Die verbrokkeld gesin moet aanpas by 'n nuwe lewensstyl en roetine. Met die vader wat afwesig is moet die moeder dikwels 'n dubbele rol vertolk. Dit impliseer bykans altyd <b>in verlies aan aandag, ouerlike betrokkenheid en fisiese kontak</b> (vgl. 2.4.6).</p>  |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>Vader sien kinders slegs alternatiewe vakansies.</li> </ul>   | <p>Kinders beleef 'n <b>verlies aan 'n ouer</b> wanneer kontak drasties verminder word as gevolg van afstand en omstandighede na die egskeiding (vgl. 2.4.2).</p>   |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>Kinders se <b>skoolwerk</b> het drasties agteruit gegaan</li> </ul>   | <p>Egskeiding het dikwels 'n <b>verlies aan geborgenheid en sekuriteit</b> tot gevolg. Die kind word gekonfronteer met 'n klomp veranderinge in sy lewenssituasies wat aandag en energie opeis. Die kind verskuif dikwels sy fokus weg van die skoolwerk na ander belangriker emosionele aspekte wat hom pla (vgl. 2.5). Wanneer die kind nie sy weg oopsien om hierdie aspekte te hanteer nie, tree <b>emosionele verlamming</b> in.</p>                           |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>Die jongste kind is <b>meer huilerig</b> as voorheen</li> </ul>   | <p>Dit gebeur dikwels dat kinders onbewustelik <b>regresseer</b> na 'n fase waarin hy veilig gevoel het (vgl. 2.5 en 2.6.1.2). Die <b>verlies aan geborgenheid en sekuriteit</b> wat 'n stabiele gesinseenheid impliseer dra dikwels by tot hierdie regresserende gedrag (vgl. 2.4.1).</p>  |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>Kinders <b>baklei meer met mekaar</b> as voor die egskeiding</li> </ul>   | <p>Kinders het dikwels nie die vrymoedigheid of weet ook nie hoe om hul emosies te hanteer nie. Hul projekteer daarom hul <b>frustrasie, woede en teleurstelling op mekaar</b> (vgl. 2.5 en 3.4.7.2). Dit is 'n vorm van kontakgrensversteuring teen bewuswording van die realiteit van die situasie.</p>   |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>Kinders tree <b>moedswillig</b> en <b>uitdagend</b> teenoor haar op.</li> </ul>   | <p>Dit gebeur dikwels in egskeidingsituasies dat kinders hul frustrasie, angs en woede teenoor die <b>toesighoudende ouer projekteer</b> omrede hul veiliger voel binne daardie verhouding (vgl. 2.6.1.2). Kinders sal selde die ouer direk konfronteer uit vrees dat hierdie ouer hom ook sal verlaat (vgl. 2.5).</p>  |

• **Nie-toesighoudende ouer as respondent**

| VERLIESERVARINGS EN GEVOELENS   | ASSESSERING VAN VERLIESERVARINGS EN GEVOELENS   |
|---|---|
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Lewensomstandighede</b> het baie verander na die egskeiding. Moes verhuis na kleiner wooneenheid. Groot deel van sy inkomste gaan aan onderhoud en ander uitgawes.</li> </ul> | <p>'n Egskeiding impliseer feitlik altyd verandering of <b>afname van lewenstandaard</b>. Dit laat by die kind 'n <b>verlies aan ekonomiese sekuriteit en geborgenheid</b> (vgl. 2.4.11). Kinders word op hierdie manier bekendgestel aan die werklikheid van die volwasse wêreld en boet dikwels hul spontane kindwees daarvoor in. Egotisme as kontakgrensversteuring mag as gevolg daarvan deel uit maak van die kind se daaglikse funksionering (vgl. 3.4.7.7).</p>   |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• Sien die kinders <b>slegs vakansies</b>.</li> </ul>  | <p><b>Verlies aan ouerlike aandag</b> is dikwels 'n realiteit vir kinders uit egskeidingsituasies (vgl. 2.4.3). Vanweë omstandighede kan vader nie meer soos voorheen gereeld spesiale geleenthede of sportbyeenkomste bywoon nie. Dit impliseer bykans altyd 'n <b>verlies aan aandag, ouerlike betrokkenheid en fisiese kontak</b> (vgl. 2.4.6).</p>  |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• Daar is <b>ongereelde kontak</b> tussen die kinders en sy kant van die familie.</li> </ul>   | <p>Kinders lei dikwels <b>verlies aan betekenisvolle verhoudinge en kontak met ander familie</b> (vgl. 2.4.4 en 2.4.8). Dit mag meebring dat die kind verder geïsoleer voel deur die egskeiding. Dit kan 'n invloed hê op die kind se selfevaluering en selfkonsep. <b>Verlies aan eie identiteit</b> soos voor die egskeiding is hier ter sprake (vgl. 2.4.7).</p>   |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Bekommerd</b> oor ma as hul by hom is.</li> </ul>   | <p>Die <b>verlies aan geborgenheid en sekuriteit</b> wat 'n stabiele gesinseenheid impliseer, laat die kind met 'n gevoel van <b>onsekerheid, angs en twyfel</b> (2.4.1). Hy <b>verloor vertroue</b> in die ouer wat hom verlaat en <b>voel onveilig</b> wanneer hy nie by die toesghoudende ouer is nie (2.4.5). Die kind mag ook verder <b>skuldig</b> voel teenoor die een ouer as hy tyd spandeer saam met die ander (vgl. 2.5 en 2.6.1.2). Die emosionele welstand en vermoë wat die ouer het om die egskeiding te hanteer sal hier 'n groot rol speel in die kind se gedrag. Kinders <b>neem</b> ook dikwels <b>verantwoordelikheid</b> vir die welstand van die ouer van wie hy nou afhanklik is vir versorging. Op so 'n wyse neem die kind beheer vir sy lewe oor en word spontane kindwees dikwels ingeboet (vgl. 3.4.7.7).</p> |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• Kinders <b>baklei</b> meer met mekaar as voor die egskeiding</li> </ul>  | <p>Omrede kinders dikwels nie vrymoedigheid het of ook nie weet hoe om hul emosies te hanteer nie, gebeur dit dikwels dat hul hul <b>frustrasie, woede en teleurstelling op mekaar projekteer</b> (vgl. 2.5 en 3.4.7.2). Dit is 'n vorm van kontakgrensversteuring teen bewuswording van die realiteit van die situasie</p>   |

Vanuit inligting, soos verkry is uit die onderhoudvoering met beide die toesighoudend en nie-toesighoudende ouer as respondent, is dit duidelik dat verskeie ooreenstemmende verlieservarings by die kind uit 'n egskeidingsituasie, beduidend na vore gekom het. 'n Verlies aan inkomste en finansiële sekuriteit is pertinent deur beide ouers as respondent, geïdentifiseer. Volgens Moxnes (2003:91) en Emery (1999:7) het egskeiding dikwels die verlaging van lewenstandaarde tot gevolg. Verlies aan ouerlike aandag, betrokkenheid en fisiese kontak kon ook as 'n belangrike uitvloeisel van egskeiding, geïdentifiseer word. Vanuit die literatuur maak Neuman (1998:251); Read (2002:40); Herbert en Harper-Dorton (2002:155) asook Charlish (2003:50) hiervan melding. 'n Verlies aan betekenisvolle verhoudinge, word ook in die literatuur deur Moxnes (2003:94) en Robinson *et al.* (2003:78,80) geïdentifiseer as 'n verlieservaring in 'n tyd wanneer die kind hierdie verhoudinge, die meeste nodig het. Beide ouers maak verder melding van die verskynsel dat die kinders hul emosies op of mekaar of die ouer teenwoordig, projekteer. Blom (2004a:24) meld dat die kind emosies projekteer omrede dit te pynvol is om te besit. Morgan (1985:33); Van der Merwe (1991:59); Whiteman (2001:68-69,73) asook Berg (2003:129) verduidelik dat die kind daarmee poog om deur sy eie woede, frustrasie en aggressie te werk, maar dat konstruktiewe hanteringsmeganisme, ontbreek. Whiteman (2001:79-81) meld verder dat hierdie gedrag eie is aan die kind wat in die aanvangs- en sekondêre fase van die rouproses, funksioneer.

#### **4.2.3.2 Gevallestudies**

Identifisering en assessering van inligting bekom uit die benutting van biblio- en assessoringspel as tegnieke tydens die terapeutiese proses, kan soos volg weergegee word:

#### **BIBLIOSPEL**

In sessie twee van die terapeutiese proses, is die onvoltooide sinnetoets (bylaag D) deur die navorser as hulpmiddel benut. Response van kinder-respondente op elke vraag word *kursief* aan die hand van Tabel 4 weergegee.

**TABEL 4: Onvoltooide sinnetoets (Bylaag D)****Kinder-respondent 1**

1. Ek hou van *tannie*.
2. Die gelukkigste oomblik is as *pappa kom kuier*.
3. Ek wens *mamma en pappa bly weer saam*.
4. My maats is *lelik met my*.
5. Ek voel hartseer oor *pa en ma nie meer bymekaar is nie*.
6. As ek gaan slaap voel ek *bang*.
7. Ek wil baie graag ‘n nuwe *Barbie hê*
8. Ek is op my gelukkigste as *my maatjies met my mooi is*.
9. My ma is *mooi*.
10. My pa is *die beste pappa op aarde en is baie sterk*.
11. Ek is bang vir *die donker*.
12. Wat ek nodig het is ‘n *pappa en ‘n mamma wat saam is*.
13. Dit pla my as *mamma so baie huil*.
14. Ek is jammer vir *mamma*.
15. Ek is baie lief vir *pappa en mamma*.
16. Ek kan nie *gelukkig wees nie*.
17. As ma en pa baklei dan *hardloop ek weg*.
18. Ek kan nie verstaan hoekom *hulle so baie baklei nie*.
19. Ek is bekommerd oor *daar nie geld is nie*.
20. Ek word kwaad vir *maatjies wat my spot*.
21. Dit is my skuld dat *pappa weg is*.
22. Ek verlang na *oupa en ouma*.
23. As ek huil sê *mamma ek moet ophou*.
24. Ek wonder soms of *pappa nog lief is vir my*.
25. Ek voel alleen *elke aand*.
26. Ek wens ek kon vir pa sê *hy moet terugkom*.
27. As ek dinge kon verander dan moes *pappa weer hier wees*.
28. Ek wens ek kon vir ma sê *sy moet nie so baie huil nie*.
29. Ek verkies om by *Maggie te bly*.
30. Oupa en ouma is *ver*.
31. Ek mis vir *oupa en ouma*.
32. Skool is *partymaal lekker*.
33. In die skool is daar *lelike kinders*.
34. Egskeiding is *sleg*.

### **Kinder-respondent 2**

1. Ek hou van *rekenaars*.
2. Die gelukkigste oomblik is as *ek rekenaar speel*.
3. Ek wens ek het *geld vir baie rekenaarspeletjies*.
4. My maats is *partykeer lelik met my*.
5. Ek voel *skaam*.
6. As ek gaan slaap *sukkel ek om aan die slaap te raak*.
7. Ek wil baie graag weer 'n kat hê.
8. Ek is op my gelukkigste as *ek rekenaar speel*.
9. My ma is *alleen*.
10. My pa is *weer getroud*.
11. Ek is bang vir *nijs nie*.
12. Wat ek nodig het is *geld vir 'n nuwe rekenaar*.
13. Dit pla my as *mamma alleen is*.
14. Ek is jammer vir *mamma*.
15. Ek is baie lief vir *mamma en pappa*.
16. Ek kan nie *elke naweek by my ma wees nie*.
17. As ma en pa baklei *dan is ek kwaad*.
18. Ek kan nie verstaan hoekom *hulle moes skei nie*.
19. Ek is bekommerd oor *mamma*.
20. Ek word kwaad vir pa as *hy so te kere gaan met sy nuwe vrou*.
21. Dit is my skuld dat die televisie *gebreek is*.
22. Ek verlang *na oupa*.
23. As ek huil *is ek alleen in my kamer*.
24. Ek wonder soms of *pa nog lief is vir my*.
25. Ek voel alleen as *pa en (stiefmoeder) uitgaan*.
26. Ek wens ek kon vir pa sê *hy maak my kwaad*.
27. As ek dinge kon verander sou ons weer almal saam gewees het.
28. Ek wens ek kon vir ma sê *ek is jammer*.
29. Ek verkieks *om rekenaar speletjies in my kamer te speel*.
30. Oupa en ouma *woon in Ellisras*.
31. Ek mis *ons ou huis en my kat*.
32. Skool is *o.k.*
33. In die skool *leer ons baie moeilike werk*.
34. Egskeiding is *verskriklik sleg*.

• **Kinder-respondent 1**

Vanuit die onvoltooide sinnetoets is dit duidelik dat kinder-respondent 1, verskeie verliesbelewenisse ervaar na aanleiding van haar ouers se egskeiding. Sy het 'n behoefté aan gesinseenheid en 'n versugting na die emosionele sekuriteit wat dit bied. Robinson *et al.* (2003:87) en Neuman (1998:261) meld dien ooreenkomsdig dat kinders binne 'n egskeidingsituasie, dikwels die stabiliteit en sekuriteit van volledige gesinne, ontbeer. Kinder-respondent 1 is sensitief vir haar moeder se onvermoë om by omstandighede aan te pas en neig tot hipervolwassenheid, deurdat sy verantwoordelikheid vir haar moeder se emosies en funksionering, begin aanvaar. Sy wend dit as meganisme aan, om haar verwarde omstandighede te beheer. Die literatuur meld hipervolwassenheid as 'n algemene gedragsreaksie wat veral gedurende die sekondêre fase van die rouproses, na vore kom (Tugendhat 1990:15; Van der Merwe 1991:63-67 en Neuman 1998:148-150). Sy beleef verder 'n verlies aan finansiële sekuriteit wat haar spontane kindwees, inperk. Botha (1997:30) en Emery (1999:7) meld dat min of geen sakgeld realiteit is wat voortvloeи uit 'n egskeiding, omrede finansiële implikasies aanwesig is en dat sosiale onttrekking dikwels by die kind voorkom (Charlish 2003:42).

Kinder-respondent 1 toon weerstand om die realiteit te aanvaar deur haar herenigingsfantasie, uit te leef. Herenigingsfantasie is volgens Whiteman (2001:85) deel van die kind se onderhandelingstrategie en kan as 'n vorm van manipulasie beskou word, wat die kind gebruik om die pyn te versag en die situasie so te verdraai, sodat dit meer aanvaarbaar en hanteerbaar is. Neuman (1998:128) meld dat hierdie gedrag gewoonlik gedurende die sekondêre fase van die rouproses, by die kind voorkom. Kinder-respondent 1 benut ook defleksie as kontakgrensversteuring. Whiteman (2001:61) verduidelik dat hierdie reaksie, as verdedigingsmeganisme, deur die kind ingespan word teen die realiteit van die oorweldigende pyn wat sy ervaar. Verder is emosies soos bang, verlange, onveilig en onsekerheid wat spruit uit die verliesbelewenisse wat sy ervaar, aanwesig. Van Staden (1992:184-185); Whiteman (2001:25-38) asook Ferreira

en Read (2004:214) is dit eens dat dit vir hiérdie kinders moeilik is om by die egskeidingsituasie aan te pas, vanweë hul ontwikkelingsvlak en beperkte kognitiewe vermoëns.

Tydens die terapeutiese proses behoort kinder-respondent 1 begelei te word tot verdere projeksie en uiting van al hierdie onvoltooide behoeftes wat sy ervaar; aangesien Thompson en Rudolph (2000:166) meld dat hiérdie onafgehandelde sake die kind se huidige funksionering grootliks belemmer. Dit blyk verder dat kinder-respondent 1 nie daartoe in staat is om haarself te ondersteun nie en dat sy vanweë verlies aan geborgenheid en sekuriteit, haar lewe fragmenteer. Oaklander (1997:298) verduidelik dat selfondersteuning noodsaaklik is en kan verkry word deur die kind se sin vir die self te versterk. Met behulp van ander speltegnieke sal daar gepoog word om kinder-respondent 1 tot verdere bewuswording te begelei. Clarkson (1989:32) en Oaklander (1994a:285) beskou bewuswording as 'n primêre doelstelling van gestaltpelterapie. Dit stel die kind in staat om sy eie behoeftes te identifiseer en toepaslik met sy omgewing kontak te maak, ten einde sy behoeftes te bevredig.

#### • ***Kinder-respondent 2***

Vanuit die onvoltooide sinnetoets is dit duidelik dat kinder-respondent 2 ook verskeie verliesbelewenisse ervaar na aanleiding van sy ouers se egskeiding. Verlies aan emosionele sekuriteit word veroorsaak deurdat hy verskeie ondersteunende verhoudinge, moes prysgee. Zimmerman en Thayer (2003:12) meld dat dit onvermydelik is dat die kind en sy gesin, se verhoudinge met ander mense in die gemeenskap, na afloop van die egskeiding verander. Volgens Osuna en Boyd Webb (1999:252) veroorsaak hierdie verlies aan steunstelsels, verdere ontwrigting vir die kind. Hy toon steeds 'n behoefte aan gesinseenheid, alhoewel hy aanvaar het dat dit nie meer sal kan realiseer nie. Read (2002:36) verduidelik dat gesinsverhoudinge bydra tot die kind se gevoel van sekuriteit. Robinson *et al.* (2003:87) beweer dat kinders in egskeidingsituasies, dikwels emosionele sekuriteit en stabiliteit ontbeer wat 'n volledige gesin bied. Kinder-

respondent 2 funksioneer in die sekondêre fase van die rouproses deurdat emosies soos woede, skuld en hartseer teenwoordig is. Hy benut sowel retrofleksie as defleksie om kontak met realiteit te verbreek en neig daartoe om homself te isoleer. Gardner (1976:190) en Robinson (1999:272) is van mening dat kinders wat frustrasie, vrees, woede en angs beleef, nie oor die hanteringsmeganismes beskik om hierdie intense emosies te kan hanteer nie en dikwels ook lae frustasietoleransievlake, het.

Kinder-respondent 2 projekteer woede na sy vader en beleef moontlik verwerping vanweë dié se nuwe huwelik. Hy is nog nie in die fase van aanvaarding van sy eie ouers se egskeiding nie en sal daarom moeilik sy vader se nuwe huwelik, aanvaar. Wallerstein en Blakeslee (1989:307) asook Zimmerman en Thayer (2003:50-51) verduidelik dat die kind homself soms in 'n dilemma begewe deurdat hy kwaad is vir die persoon, van wie hy eintlik afhanklik is. Die moontlikheid dat hy daardeur verdere verliese aan ouerlike betrokkenheid en aandag beleef, is ook nie uitgesluit nie. Tydens die terapeutiese proses behoort kinder-respondent 2 begelei te word tot emosionele uitdrukking van sy onvoltooide behoeftes. Fisher (1999:240) is van mening dat dit noodsaaklik is vir die kind om hierdie intense emosies te beleef en te verwoord. Deur die kind die reg te ontneem om dit te beleef, veroorsaak dat hierdie emosies onderdruk en na binne gekeer word.

### **ASSESSERINGSPEL**

Gedurende sessies vier en agt van die terapeutiese proses, is bylae E en F onderskeidelik as assessorstegniek, deur die navorser benut om gevoelens én verlieservarings by die kinder-respondente te identifiseer en te assesseer. Kinder-respondente se direkte weergawe van hul gevoelens, asook hul verlieservarings, word onderskeidelik aan die hand van Tabel 5 en Tabel 6 uiteengesit.

**TABEL 5: Identifisering en assessering van gevoelens van kinder-respondente in egskeidingsituasies (Bylaag E as hulpmiddel)**

• **Kinder-respondent 1**

| BESKRYWING VAN SY GEVOEL   | ASSESSERING VAN RESPONDENT SE GEVOEL  |
|--|---|
| • <b>Eensaam</b> as sy alleen is as mamma tot laat werk          | <b>Verlies aan ouerlike aandag</b> vererger die gevoel van eensaamheid by die kind. Dit lei daartoe dat die kind haar omstandighede as <b>onveilig</b> beleef. (Vgl. 2.4.2 en 3.4.7.2.)   |
| • <b>Geskok</b> toe sy hoor van die egskeiding                   | Kinders word dikwels nie voorberei op die nuus dat ouers gaan skei nie. Reaksie van die kind mag dui op <b>weerstand</b> teen verandering wat die ouers se egskeiding impliseer. (Vgl. 2.6.1.1 en 3.4.7.2.)   |
| • <b>Kwaad</b> oor pa en ma geskei is                            | Die kind ervaar <b>woede</b> teenoor die ouers wat nie instaat was om hul konflik op 'n volwasse manier te hanteer nie. Die kind kan meestal nie hierdie woede en <b>frustrasie</b> uitdruk nie aangesien dit haar groter probleme op die hals haal. Kinders keer dikwels hierdie woede na binne en psigosomatiese toestande ontstaan. (Vgl. 2.5; 2.6.1.1 en 3.4.7.4.)  |
| • <b>Verlang</b> na pappa  | Kinders in egskeidingsituasies word blootgestel aan die feit dat een ouer die gesin verlaat. <b>Ouerlike aandag</b> en betrokkenheid word ingeboet en ouer-kind verhouding lei dikwels skade. <b>Verlange</b> is 'n natuurlike uitvloeisel van die afwesigheid van een ouer. <b>Verlies aan 'n gesinseenheid</b> word dus beleef. (Vgl. 2.4.2 en 2.6.1.2.)  |
| • <b>Skaam</b> oor pa en ma geskei is                            | Kinders in egskeidingsituasies voel dikwels <b>skaam</b> oor wat met hul gesin gebeur het en beleef hulself "anders" as ander kinders. Selfvertroue word hierdeur ondermyn vanweë die <b>verlies aan identiteit</b> . Die vermoë van die kind om haarself te ondersteun word ook regstreeks deur die egskeiding beïnvloed. (Vgl. 2.4.7; 2.4.10 ; 2.6.1.2 en 3.4.7.1.)   |
| • Voel dis haar <b>skuld</b> dat pappa weg is, want sy was stout | Ontoepaslike <b>skuldgevoelens</b> kom dikwels by die kind in egskeidingsituasies voor. Die kind <b>blameer</b> haarself vir die egskeiding. Sy dra onnodig hierdie las, pyn en <b>selfverwyt</b> totdat sy haarself kan vryspreek. Die kind se staat van egosentrisme is veral hiervoor te blameer dat hierdie 'n algemene verskynsel by kinders uit egskeidingsituasies is. (Vgl. 2.4.9; 2.6.1.2 en 3.4.7.1.) |
| • <b>Bang</b> sy sien pappa nooit weer nie                       | <b>Verlies aan 'n ouer</b> uit die gesinsisteem het verandering in die ouer-kind verhouding tot gevolg. Verlies raak vir die kind 'n realiteit. Die <b>gemis aan die ouer en sy teenwoordigheid</b> raak vir die kind 'n ondraaglike emosie waarmee hy moet saamleef. (Vgl. 2.4.2 en 2.6.1.2.)  |

|  |   |
|--|---|
| • Voel <b>ongelukkig</b> omdat pappa nie meer by hulle bly nie | Die kind voel dikwels <b>opstandig</b> teenoor die veranderde omstandighede wat die egskeidingsituasie tot gevolg het. Hierdie gevoel van opstandigheid kom tot uiting in <b>aggressiewe, frustrerende gedrag</b> wat deel uitmaak van die <b>rouproses</b> waardeur die kind beweeg om die egskeiding van haar ouers te verwerk. (Vgl. 2.4.2 ; 2.6.1.2 ; 3.4.7.4 en 3.4.7.5.)  |
| • <b>Bang</b> vir die donker                                   | Kinders projekteer dikwels hul <b>vrese</b> en <b>gevoel van onveiligheid</b> op iets anders soos in hierdie geval die donker. Vrese kom na vore weens die onsekerhede wat voortspruit uit die veranderde lewensomstandighede na die egskeiding. (Vgl. 2.6.1.2 en 3.4.7.2.)   |
| • Voel sy <b>mag nie</b> voor mamma <b>huil</b> nie            | Kinders <b>onderdruk</b> dikwels hul <b>emosies</b> wat gepaard gaan met die rouproses omrede hul nie die nodige toestemming van die ouer ontvang om dit te wys nie. Die kind <b>vrees</b> ook <b>verwerping</b> deur die aanwesige ouer sou sy eerlik wees hoedat sy voel. (Vgl. 2.6.1.1; 2.6.1.2 en 3.4.7.4.)   |
| • <b>Bekommerd</b> hulle geld gaan opraak                      | Egskeidingsituasies het onvermydelik 'n verlaging in lewenstandaard tot gevolg. Die kind is dikwels terdeë hiervan bewus en dit plaas 'n beperking op haar spontane funksionering as kind. <b>Hipervolwassenheid</b> kom in hierdie geval na vore. (Vgl. 2.4.11; 2.6.1.2 en 3.4.7.7.)   |
| • <b>Teleurgesteld</b> want pappa hou nie sy beloftes nie      | <b>Vertrouensverlies</b> in een of albei die ouers kom na vore. Dit plaas 'n verdere stremming op die reeds veranderde ouer-kind verhouding. Die kind dra dikwels hierdie vertrouensverlies oor na ander verhoudings. Dit het 'n verdere negatiewe uitwerking op haar selfkonsep. (Vgl. 2.4.5 en 3.4.7.2.)  |
| • <b>Hartseer</b> oor sy vir oupa en ouma nie meer sien nie    | <b>Betekenisvolle verhoudinge lei dikwels skade</b> met 'n egskeiding. Die kind verloor kosbare ondersteuningstelsels en voel sy is alleen en kan met niemand praat oor wat met haar gebeur nie. Grootouers is dikwels 'n neutrale omgewing waar die kind veilig voel en van die spanning huis kan wegkruip. Indien hierdie verhoudings ingeperk word, beklemtoon dit die kind se verlieservarings in egskeidingstuasies. (Vgl. 2.4.4 `; 2.4.8 en 2.4.2.7.) |

Deur die gebruik van 'n hulpmiddel (Bylaag E) is kinder-respondent 1 gelei tot die benoeming van gevoelens, deurdat daar geïdentifiseer is wat sy ervaar wanneer sy 'n emosie of gevoel van die gevoelsboom, gekies het. Clarkson en MacKewn (1994:35-36) verduidelik dat die beginsel van holisme nagestreef word, indien die

kind bewustheid sou verkry van die fisiologiese en psigologiese reaksie wat aan emosies gekoppel is.

Dit is vir die navorser duidelik dat kinder-respondent 1 verskeie emosies beleef, wat verband hou met haar verlieservarings na die egskeiding. Sy behoort tydens die terapeutiese proses voldoende geleentheid te ontvang om hierdie emosies te projekteer en te verwoord, ten einde haar bewussynsvlakke te verhoog. Blom (2004a:50) is van mening dat die kind se vermoë om in die hier-en-nou te leef, bevorder kan word wanneer haar bewussynsvlakke verhoog. Gesonde kontak tussen die kind en sy omgewing word dus bereik wanneer die kind sy sintuie benut, om sy behoeftes uit te druk (Oaklander 1997:294). Deurdat sy begelei word om dit op die bewustelike vlak in die hier-en-nou te besit, kan sy haar voorgrondsbehoeftes voltooi en homeostase só herstel.

#### • *Kinder-respondent 2*

| BESKRYWING VAN SY GEVOEL                                      | ASSESSERING VAN RESPONDENT SE GEVOEL   |
|---|--|
| • Hy <b>voel anders</b> as die res van die kinders in sy klas | Egskeiding het 'n effek op die <b>selfevaluering</b> van die kind en hy beleef homself dat hy "anders" is as voor die egskeiding. Soms voel kinders ook <b>skaam</b> teenoor ander kinders oor hul ouers se egskeiding. (Vgl. 2.4.7 ;2.6.1.1 en 3.4.7.1.)  |
| • <b>Kwaad</b> oor pa en ma geskei is                         | Die kind ervaar <b>woede</b> teenoor die ouers wat nie in staat was om hul konflik op 'n volwasse manier te hanteer nie. Die kind kan meestal nie hierdie woede en <b>frustrasie</b> uitdruk nie aangesien dit hom groter probleme op die hals haal. Kinders keer dikwels hierdie woede na binne en psigosomatiese toestande ontstaan. (Vgl. 2.5; 2.6.1.1 en 3.4.7.4.) |
| • <b>Verlang</b> na hulle ou huis, skool en sy maats          | Egskeiding het tot gevolg dat die kind betekenisvolle verhoudinge en die stabiliteit van 'n bekende omgewing moet inboet. Dit laat 'n <b>gemis</b> in sy lewe waarop hy met <b>hartseer</b> en <b>verlange</b> reageer. (Vgl. 2.4.8 en 3.4.7.4.)   |
| • Voel deur pa <b>verwerp</b> toe hy weer getroud is          | Wanneer een van die ouers weer in die huwelik tree, bevestig dit aan die kind die finaliteit van die egskeiding en die realiteit dat die gesinseenheid nooit herstel sal kan word nie. Die kind is reeds deur 'n <b>gebrek aan ouerlike aandag</b> en veranderinge verwond en is <b>oorsensitief</b> vir verdere verliese. (Vgl. 2.4.3; 2.5 en 3.4.7.2.)               |

|   |   |
|---|---|
| • <b>Geskok</b> toe hy hoor hulle gaan skei                             | Kinders word dikwels nie voorberei op die nuus dat ouers gaan skei nie. Reaksie van die kind mag dui op <b>weerstand</b> teen verandering wat die ouers se egskeiding impliseer. (Vgl. 2.6.1.1 en 3.4.7.2.)   |
| • <b>Bang</b> hy gaan swak doen in die eksamen                          | Dit gebeur dikwels in egskeidingsituasies dat kinders se <b>skoolprestasie verswak</b> . Die kind gebruik al sy energie om by nuwe omstandighede op emosionelevlak aan te pas, dat hy bykans niks oor het om op die ander ontwikkelingsareas van sy lewe mee te fokus nie. Bemeesteriging is vir hiérdie kinders van belang en wanneer hy nie na wense presteer nie, mag hy uitgelewer voel en homself as 'n <b>mislukking</b> beleef. Die kind <b>verloor</b> ook in die proses sy <b>identiteit</b> én <b>vertroue</b> in homself. (Vgl. 2.5; 2.4.11 en 3.4.7.1.) |
| • Voel <b>skuldig</b> oor hy nie kon keer dat pa en ma skei nie         | Kinders neig in hierdie lewensfase om vanweë hul <b>egosentrisme</b> die skuld vir die egskeiding eerder by hulself te soek as by hul ouers van wie hul so afhangklik is. Omrede hy homself nou as aanleidende oorsaak vir die egskeiding beskou, beïnvloed dit die kind se <b>siening oor homself</b> . Sy reaksie op die egskeiding gee dus aanleiding dat die kind nog meer verliese beleef. (Vgl. 2.6.1.2; 3.4.7.4 en 2.4.9.)   |
| • <b>Wens</b> daar was nie iets soos egskeiding nie                     | Die realiteit van die verandering wat die egskeiding tot gevolg het, kan soms vir die kind so erg wees dat hy die bestaan daarvan wil <b>ontken</b> . (Vgl. 2.6.1.1 en 3.4.7.5.)  |
| • Voel hy moet <b>kant kies</b> tussen pa en ma                         | Daar word dikwels van kinders verwag om kant te kies. Dit plaas die kind in 'n onbenydenswaardige posisie, want hy kan of wil nie een ouer bo die ander kies nie. Kinders neig dan om eerder uit so 'n situasie te <b>onttrek</b> en dit het verdere verlies aan aandag en ouerlike betrokkenheid tot gevolg. (Vgl. 2.4.3; 2.6.1.2 en 3.4.7.5.)   |
| • <b>Jammer</b> vir ma wat alleen is                                    | <b>Hartseer</b> spruit voort uit veelvuldige verliese. <b>Verlange</b> na 'n ouer mag een van die vernaamste redes vir hartseer gevoelens wees. 'n <b>Gemis</b> aan die ouer asook haar betrokkenheid by die kind word ontbeer en die kind reageer met verlange en hartseer daarop. (Vgl. 2.4.2; 2.6.1.2 en 3.4.7.7.)   |
| • <b>Teleurgesteld</b> dat pa en ma nie hul probleme kon uitsorteer nie | <b>Frustrasie</b> en <b>woede</b> kom dikwels by die kind voor wat gekonfronteer word met die realiteit van die egskeiding en die verliese wat dit impliseer. Dit skep ook by die kind 'n <b>gebrek aan vertroue</b> . Toekomstige interpersoonlike verhoudinge kan ook hierdeur benadeel word. (Vgl. 2.4.5; 2.6.1.2 en 3.4.7.2.)   |
| • Voel tog <b>verlig</b> dat die baie bakleery verby is                 | <b>Ambivalente gevoelens</b> kom dikwels by die kind in die egskeidingsitusie voor. Hy is <b>hartseer</b> dat sy ouers geskei is maar tog <b>dankbaar</b> dat die ewigdurende bakleery nou verby is.  |

|  |   |
|--|---|
|  | Die kind beleef dus ambivalente emosies en dit kan hom <b>verward, onseker</b> en met <b>skuldgevoelens</b> laat. (Vgl. 2.6.1.2.)   |
| • <b>Eensaam</b> en <b>alleen</b> want pa spandeer al sy tyd met nuwe vrou | Kinders uit egskeidingsituasies beleef dikwels <b>eensaamheid</b> en voel alleen. Wanneer die ouer by wie die kind woon 'n nuwe huweliksverbintenis aangaan, beleef die kind die <b>verlies aan geborgenheid en ouerlike aandag</b> weer van voor af. Wanneer die kind verder die belewenis het dat hy nie oor sy verliese en behoeftes praat nie, beklemtoon dit sy gevoel van <b>eensaamheid</b> . (Vgl. 2.4.3 en 2.6.1.2.) |
| • <b>Verlang</b> na sy kat en oupa   | Kinders uit egskeidingsituasies verloor dikwels die sekuriteit van ondersteunende verhoudings. Hul voel ook dikwels <b>eensaam</b> en alleen en <b>mis die geborgenheid</b> van eens betekenisvolle verhoudings. <b>Ongekende hartseer</b> en tekens van <b>depressie</b> kom dikwels voor. (Vgl. 2.4.8; 2.6.1.2 en 3.4.7.4.)   |

Deur die gebruik van 'n hulpmiddel (Bylaag E) kon kinder-respondent 2 gelei word tot die benoeming van gevoelens, deurdat daar geïdentifiseer is wat hy ervaar wanneer hy 'n emosie of gevoel van die gevoelsboom, gekies het. Die beginsel van holisme kon dus op hierdie manier bereik word (Clarkson en MacKewn 1994:35-36). Dit is vir die navorser duidelik dat kinder-respondent 2 verskeie emosies beleef wat verband hou met sy verlieservarings na die egskeiding. Hartseer, woede en verligting is 'n mengsel van die ambivalente gevoelens wat hy ervaar. Neuman (1998:5) en Charlish (2003:18) meld dat ambivalente gevoelens dikwels daartoe lei dat die kind skuldig voel. Skuldgevoelens is volgens Whiteman (2001:84-85) 'n gedragsreaksie wat in die sekondêre fase van die rouproses, voorkom.

Kinder-respondent 2 behoort tydens die terapeutiese proses voldoende geleentheid te ontvang om hierdie emosies te projekteer en te verwoord. Oaklander (1997:310) verduidelik dat die kind daarom gelei moet word om in kontak te kom met sy emosies, daaroor te praat, keuses te maak ten opsigte van die uitdrukking daarvan en toegelaat te word om dit te besit. Deurdat hy begelei word om dit op die bewustelikevlak in die hier-en-nou te besit, kan hy sy voorgrondsbehoeftes voltooii en homeostase só herstel.

**TABEL 6: Identifisering en assessering van kinder-respondente se verlieservarings in die egskeidingsituasie (Bylaag F as hulpmiddel)**

• **Kinder-respondent 1**

| BESKRYWING VAN VERLIES  | ASSESSERING VAN DIE VERLIESERVARING  |
|---|--|
| • Sien pappa baie min   | <b>Verlies aan 'n ouer</b> laat 'n leemte by die kind. Daar kan op geen manier vergoed word vir die verlies aan 'n ouer nie. Die kind beleef hierdie verlies aan 'n ouer as 'n permanente of totale verlies omrede sy nog oor beperkte kognitiewe funksionering beskik. (Vgl. 2.4.2.)  |
| • Moes van huis en skool <b>verander</b>                              | Verhuis na 'n egskeiding bring <b>verliese</b> aan bekende <b>omgewings, roetine en verhoudings</b> mee. Hierdie verliese vererger die kind se belewenis van die egskeiding omrede 'n <b>huis, roetine, skool en maats</b> ook sekuriteit aan 'n kind bied. (Vgl. 2.4.11.)             |
| • Het 'n <b>gesin</b> verloor   | Die <b>verlies aan 'n gesinseenheid</b> is nie 'n eenmalige verlies by die kind nie, maar sal telkemale deur familiebyeenkomste soos troues of begrafnisse beklemtoon word. Die kind verloor haar ideale sisteem waarbinne sy tot volwassenheid begelei behoort te word. (Vgl. 2.4.1.) |
| • <b>Kontak</b> met ander familie verloor                             | <b>Familiebande</b> word <b>verwaarloos</b> en dikwels ook <b>afgesterv</b> wat verdere verliese vir die kind impliseer. Sekuriteit en geborgenheid wat deel vorm van 'n familie word verloor. (Vgl. 2.4.4 en 2.4.8.)  |
| • Sukkel om <b>nuwe maats</b> te maak                                 | Egskeidingsituasies bring mee dat die kind dikwels <b>vertroue in haarselv</b> en <b>ander verloor</b> . Dit beperk haar vermoë om in vreemde situasies weer nuwe maats te maak. (Vgl. 2.4.5 en 2.4.7.)  |
| • Ma moes voltyds gaan werk het en spandeer <b>minder tyd</b> by haar | Egskeiding bring verandering mee sodat dit dikwels gebeur dat die moeder voltyds moet gaan werk. <b>Ouerlike betrokkenheid</b> word dus noodwendig ingekort. (Vgl. 2.4.3.)   |
| • Daar is <b>minder geld</b>  | Lewenstandaard van die gesin verander dikwels negatief na 'n egskeidingsituasie. Dit impliseer 'n verlies aan middele wat 'n <b>verlies aan sekuriteit en geborgenheid</b> by die kind laat. (Vgl. 2.4.11.)  |
| • <b>Bestendige lewe</b> verloor waar 'n pa en ma teenwoordig is      | Egskeiding bring 'n <b>verlies aan die geborgenheid en sekuriteit</b> wat 'n gesinseenheid impliseer. Veranderings wat daarmee gepaard gaan laat kind onveilig en ongeborg voel. (Vgl. 2.4.1 en 2.4.3.)  |
| • Sien vir <b>oupa en ouma</b> glad nie meer nie.                     | Kontak met die grootouers van afwesige ouer lei dikwels skade en kind <b>verloor ondersteunende verhoudinge</b> . (Vgl. 2.4.4.)  |

Vanuit inligting soos deur kinder-respondent 1 verstrek is, is dit duidelik dat sy verskeie verliesbelewenisse het na die egskeiding van haar ouers. Sy verlang na haar vader en sien hom vanweë omstandighede min. Charlish (2003:138) asook Zimmerman en Thayer (2003:36) meld dat die kind hierdie ouerlike verlies as traumatis beleef en dat dit die kind se emosionele sekuriteit, negatief beïnvloed. Hierdie verliese wat elkeen 'n behoeft impliseer, sal 'n onvoltooidheid by die kind bly tensy sy die geleentheid gegun word om daarvan op 'n bewustelikevlak, kontak te maak. Indien nie, kan dit tot gevolg hê dat die kind hierdie onvoltooide behoeftes deur middel van kontakgrensversteurings verder onderdruk. Joyce en Sills (2001:130) is van mening dat hierdie onafgehandelde aspekte in die kind se lewe, regstreeks 'n invloed het op sy huidige funksionering. Die kind behoort daarom gedurende die terapeutiese proses tot bewuswording van eie behoeftes en selfondersteuning, gelei word (Blom 2004a:51).

#### • **Kinder-respondent 2**

| BESKRYWING VAN VERLIES                     | ASSESSERING VAN DIE VERLIESERVARING  |
|--|--|
| • Moes na kleiner huis getrek het          | Verhuis na egskeiding bring <b>verlies aan die geborgenheid</b> van 'n eens veilige omgewing. Verlies aan ruimte veroorsaak dikwels ongemak wat die verliesbelewenis by die kind vererger. (Vgl. 2.4.11.)  |
| • Het 'n <b>mamma</b> verloor              | <b>Verlies aan 'n ouer</b> laat 'n leemte wat noodwendig verliesbelewenis tot gevolg sal hê. Daar kan op geen manier vergoed word vir die verlies aan 'n ouer en sy teenwoordigheid in 'n kind se lewe nie. (Vgl. 2.4.2.)  |
| • Het <b>skool</b> en <b>maats</b> verloor | Verandering van skool impliseer ook 'n <b>verlies aan portuurverhoudings</b> wat vir die kind belangrik was. Die kind sukkel dikwels hierna om nuwe verhoudings te vestig omrede hy <b>vertroue in homself en ander mense (rolspelers) verloor</b> . (Vgl. 2.4.8.) |
| • Het <b>ouerlike aandag</b> verloor       | Dit gebeur dikwels dat die aanwesige ouer se roetine drasties verander. Pa het weer getrou en hy en kind spandeer minder tyd in mekaar se teenwoordigheid. Kind beleef dit as 'n <b>verlies aan nog 'n ouer</b> . (Vgl. 2.4.3.)                                    |
| • Het 'n <b>gesinseenheid</b> verloor      | Die <b>verlies aan 'n gesinseenheid</b> is nie 'n eenmalige verlies by die kind nie, maar sal telkemale deur familiebyeenkomste soos   |

|  |  |
|--|--|
|  | troues of begrafnisse beklemtoon word. Die kind verloor sy ideale sisteem waarbinne hy tot volwassenheid begelei behoort te word. Al hertrou beide ouers weer herstel dit geensins die gesinseenheid soos wat dit voor die egskeiding was of vul dit die leemte aan die afwesige ouer. (Vgl. 2.4.1.) |
| • Verlies aan <b>identiteit</b> soos voor die egskeiding | Egskeiding het 'n effek op die <b>selfevaluering</b> van die kind en hy beleef homself dat hy "anders" is as voor die egskeiding. (Vgl. 2.4.7.)  |
| • Kontak met ander <b>familie</b> verloor                | Familiebande word verwaarloos en dikwels ook afgesterf wat verdere verliese vir die kind impliseer. <b>Sekuriteit en geborgenheid wat deel vorm van 'n familie</b> , word verloor. (Vgl. 2.4.4.)   |
| • <b>Finansiële sekuriteit</b> verloor                   | Lewenstandaard van die gesin verander dikwels negatief na 'n egskeidingsituasie. Dit impliseer 'n <b>verlies aan middele</b> wat 'n <b>verlies aan sekuriteit en geborgenheid</b> by die kind laat. (Vgl. 2.4.11.)   |
| • Kontak met <b>oupa</b> verloor                         | Kontak met die grootouers van die afwesige ouer lei dikwels skade en kind <b>verloor 'n ondersteunende verhouding</b> . (Vgl. 2.4.8.)  |
| • Verloor die <b>status</b> van 'n "normale" gesin       | Die kind ervaar verlies met die egskeiding en beleef dat hul gesin nou "anders" is as ander gesinne. Die kind se <b>selfevaluering en identiteit</b> kan hierdeur negatief beïnvloed word. (Vgl. 2.4.7 en 2.4.10.)   |
| • Het sy <b>troeteldier</b> verloor                      | Egskeiding impliseer dikwels veranderinge wat 'n verliesbelewenis by die kind tot gevolg het. <b>Geborgenheid en betekenisvolle verhoudings</b> word dikwels ingeboet. (Vgl. 2.4.8.)   |

Vanuit inligting soos deur kinder-respondent 2 verstrek is, is dit duidelik dat hierdie kind velerlei verliesbelewenisse na die egskeiding het. Dit is duidelik dat sy stiefmoeder nie werklik die leemte vul wat gelaat is nadat sy ouers geskei is nie. Volgens Charlisch (2003:138) kan die gemis en verlies aan 'n ouer nie deur 'n toekomstige stiefouer, vervang word nie. Die egskeiding het ook 'n effek op die kind se selfkonsep en vertrouensverlies in homself én ander, kom na vore. Van Staden (1992:171); Charlisch (2003:50) asook Zimmerman en Thayer (2003:1) maak daarvan melding dat die kind dikwels sò deur die trauma van egskeiding verwond word, dat probleme in toekomstige vertrouensverhoudinge aanwesig is.

Verliese soos deur die kind beskryf is sal onvoltooidhede bly, indien daar nie op bewustelike vlak aandag hieraan gegee word nie.

#### **4.2.4 Integrering van navorsingsbevindinge: ‘n Riglyn aan Gestaltpelterapeute vir die hantering van egskeidingsverlies by die kind in die middelkinderjare**

Gedurende hierdie fase van die navorsingsproses is daar gepoog om bevindinge wat deur middel van die trianguleringsproses verkry is, te integreer. Deur die daarstelling van **‘n riglyn aan Gestaltpelterapeute vir die hantering van egskeidingsverlies by die kind in die middelkinderjare**, kon bevindinge geïntegreer word.

Soos reeds in hoofstuk drie bepaal is, kan spelterapie vanuit die gestaltteoretiese raamwerk sinvol benut word om die kind se egskeidingsverlies aan te spreek. Daar is reeds in hoofstukke twee en vier vasgestel dat die kind deur velerlei verliese gekonfronteer word en dat verskillende gedragsreaksies, daaruit voortspruit. Die kind moet daarom voldoende tyd gegun word om verliesbelewenisse na sy voorgrond te bring, omdat dit uit die literatuur sowel as die praktyk blyk dat die kind kontakgrensversteurings aanwend om homself binne sy veranderde omstandighede, te handhaaf. Daarna moet die kind geleentheid gebied word om hierdie verliese te verwoord en aan gepaardgaande gevoelens uiting te gee, totdat hy oor genoegsame egokragte beskik om sy eie projeksies te besit. Omrede hierdie kinders dikwels ‘n verlies aan eie identiteit beleef, moet aktiwiteite ingebou word om sy selfkonsep te versterk en moet hy weer leer om homself te vertroetel.

Aangesien dit uit sowel die literatuur as praktyk blyk dat hiérdie kind ‘n verlies aan vertroue in homself én ander rolspelers beleef, moet daar genoegsaam aandag geskenk word aan die bou van ‘n terapeutiese verhouding waarbinne die kind veilig en geborge, sal kan voel. Alhoewel hierdie ‘n doelwit is wat gedurende

die eerste fase van die terapeutiese proses bereik moet word, behoort dit ook deurlopend aandag te geniet.

Die **doel** van hierdie riglyn vir gestaltpelterapeute waarmee egskeidingsverlies by die kind in die middelkinderjare aangespreek kan word, is om deur middel van gestaltpelterapeutiese insette, die kind :

- se bewussynsvlakke in die hier-en-nou te verhoog
- meer geïntegreerd te laat funksioneer en
- se selfondersteuning te verhoog.

Om bogenoemde doel te bereik is die volgende **doelstellings** geïdentifiseer, naamlik:

- bou van 'n terapeutiese verhouding en assessering van die kind se proses
- die kind bewus te maak van homself en sy omgewing
- aan die kind geleentheid te bied vir emosionele uitdrukking
- die kind tot besitneming van sy onvoltooidhede te begelei en
- die kind deur sy eie potensiaal en selfvertroeteling te bemagtig.

Vervolgens word die **riglyn aan Gestaltpelterapeute vir die hantering van egskeidingsverlies by die kind in die middelkinderjare, in tabelvorm** volgens die **fase, doelstelling, doelwitte en aktiwiteite** vir elke sessie, uiteengesit. Die riglyn is bloot 'n aanwysing en hoef nie slaafs nagevolg te word nie. Gestaltpelterapeute kan dit aanpas na gelang van hul kinderkliënt se behoeftes en proses. Dit is egter belangrik om die verskillende fases van die terapeutiese proses te volg, aangesien dit stapsgewys daartoe bydra om die kind te bemagtig, sy bewussynsvlakke te verhoog ten einde selfondersteuning en integrasie, te bevorder.

## ‘n Riglyn aan Gestaltpelterapeute vir die hantering van egskeidingsverlies in die middelkinderjare

### FASE 1 : Bou van verhouding en assessering van kind se proses

| Tema  | Doelstelling(s)   | Doelwitte  | Aktiwiteite, spelvorme, -tegnieke en mediums  |
|---|---|--|---|
| <b>Sessie 1</b><br><br>Maak kontak met die kind (1) | <ul style="list-style-type: none"> <li>Bring 'n terapeutiese <i>ek – jy – verhouding</i> met die kind tot stand.</li> <li>Spreek die sensoriese en ligaamlike kontakmaking van die kind aan</li> <li>Bewuswording van die self aan te moedig</li> </ul>                   | <ul style="list-style-type: none"> <li>Skep van 'n gemaklike atmosfeer</li> <li>Om die kind se bewussyn en benutting van sy asemhaling te bevorder deur hom aan aktiwiteite bloot te stel wat daarop gerig is</li> <li>Die liggaamsbewussyn van die kind te bevorder</li> </ul>  | <ul style="list-style-type: none"> <li>Sensoriese kontakmakingsoefeninge ten opsigte van sig, gehoor, smaak, tas en reuk: sakkie met gevoelsobjekte smaakhouertjies reukbotteltjies luisterbotteltjies</li> <li>(<b>Ontspannende spel</b>) Asemhalingspeletjies Teken van kind se selfpotret <u>of</u> Ek en my familie (<b>Kreatiewe spel</b>)</li> </ul>  |
| <b>Sessie 2</b><br><br>Maak kontak met die kind (2) | <ul style="list-style-type: none"> <li>Bou aan die terapeutiese verhouding</li> <li>Sensoriese kontakmaking ten einde die kind se bewussynsvlakte te verhoog</li> <li>Vasstelling van die kind se proses</li> <li>Versterking van die kind se sin vir die self</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>Skep van 'n gemaklike atmosfeer</li> <li>Bevorder kind se kontakfunksies deur aan hom verskillende sensoriese ervarings te bied</li> <li>Bou 'n aktiwiteit in waarmee kind se proses assesseer kan word</li> <li>Laat kind bemeester en beheer ervaar ten einde sy sin vir die self te bevorder</li> <li>Bied aan die kind die geleentheid om keuses uit te oefen ten einde sy sin vir die self en innerlike sterkte te bevorder</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li><i>Honey Bear Home</i> -luisterspeletjie van <i>Smile Education</i> (<b>Kreatiewe spel</b>) Laat kind die legkaart bou Laat kind die kleiner dele invul deur na die leidraad te luister Speel daarna saam met die kind die soek-speletjie: Terapeut en kind vra mekaar om die beurt om na 'n spesifieke objek op die voltooide legkaart te soek Bou saam met kind aan 'n toring met <i>Jenga</i>-blokkies</li> <li>(<b>Ontspannende spel</b>)</li> </ul> |
| <b>Sessie 3</b><br><br>Assessering                  | <ul style="list-style-type: none"> <li>Bou aan die terapeutiese verhouding</li> <li>Assessering van die kind se proses</li> <li>Stel kind se funksionering binne sy omgewing vas</li> </ul>   | <ul style="list-style-type: none"> <li>Skep van 'n gemaklike atmosfeer waarbinne kind veilig sal voel</li> <li>Verhoog kind se sensoriese ervaringsvlakte</li> <li>Voorsien kind van aktiwiteit</li> </ul>   | <ul style="list-style-type: none"> <li>Bou kleifiguurtjies wat verskillende gesinslede in die kind se gesin verteenwoordig (<b>Kreatiewe spel</b>) Grafiese gesinstekening deur gebruik te maak van die kleifiguurtjies om vas te stel:</li> </ul>  |

|                                |  |  |  |
|--------------------------------|--|--|--|
|                                | <p>Spreek sensoriese en liggaaamlike kontakmaking aan<br/>Versterk die kind se sin vir die self</p>  | <p>wat gerig is op kontakmaking met sy omgewing<br/>Fokus op polariteite wat die kind binne homself en sy omgewing ervaar<br/>Laat kind bemeester en beheer ervaar ten einde sy sin vir die self te bevorder</p>   | <p>met wie die kind 'n verhoudng het<br/>watter emosies die kind in die verskillende verhoudings beleef gedragsuitinge tussen gesinslede (<b>Assesseringspel</b>)<br/>Bou saam met kind aan 'n toring met Jenga- blokkies (<b>Ontspannende spel</b>)</p>                   |
| <b>Sessie 4</b><br>Assessering | <p>Bou aan 'n terapeutiese verhouding<br/>Vasstelling van die kind se proses<br/>Stel vas wat die kind se funksionering binne die gesin is<br/>Stel vas hoe die kind ander gesinslede beleef<br/>Versterk die kind se sensoriese kontakfunksies</p>  | <p>Skep van 'n gemaklike en veilige atmosfeer<br/>Voorsien kind van aktiwiteit wat daarop gerig is hoedat hy homself en sy omgewing beleef<br/>Fokus op polariteite wat by kind en sy omgewing voorkom<br/>Bied aan kind 'n sensoriese ervaring<br/>Laat kind bemeester en beheer ervaar ten einde sy sin vir die self te bevorder</p>   | <p>Diere- projeksie waartydens kind sy familielede en homself in die sandbak uitbeeld (<b>Kreatiewe, projektiwe spel</b>)<br/>Speel <i>slangetjies en leertjies</i> om sessie mee af te sluit (<b>Ontspannende spel</b>)</p>   |
| <b>Sessie 5</b><br>Assessering | <p>Bou en vestig 'n terapeutiese verhouding waarbinne kind veilig kan voel om homself te wees<br/>Verhoog kind se bewussynsvlakte deur sy sensoriese kontakfunksies aan te spreek<br/>Bepaal kind se proses<br/>Bepaal in watter fase van die rouproses die kind is<br/>Bepaal verliesbelewenisse wat kind moontlik ervaar<br/>Maak kind bewus van homself en sy omgewing om integrasie te bewerkstellig<br/>Versterking van die kind se sin vir die self<br/>Bevorder selfondersteuning</p> | <p>Skep 'n gemaklike atmosfeer<br/>Skep van 'n aktiwiteit om kind se sensoriese kontakfunksies te bevorder<br/>Om die kind se bewussyn en benutting van sy asemhaling doelbewus te bevorder<br/>Aktiwiteit om kind se verliesbelewenisse te bepaal<br/>Fokus op polariteite wat in die kind self en sy omgewing voorkom<br/>Bevorder die kind se selfkennis deur selfstellings aan te moedig</p> | <p>Laat kind op sy asemhalingsfunksie konsentreer (<b>Ontspannende spel</b>)<br/>Laat kind die onvoltooide sinnetoets voltooi (Bylaag D) (<b>Bibliospel</b>)<br/>Laat kind sy veilige plekkie teken (<b>Kreatiewe, projektiwe spel</b>)<br/>Speel rustige Barok-musiek</p> |

## FASE 2: Kind se bewuswording van homself en sy omgewing

| Tema   | Doelstelling(s)  | Doelwitte   | Aktiwiteite, spelvorme , -tegnieke en mediums  |
|--|--|---|--|
| <b>Sessie 6</b><br><br>Die kind leer homself ken   | Versterking van die kind se sin vir die self   | <p>Om deur geselekteerde aktiwiteite die kind se sin vir die self te bevorder</p> <p>Om binne 'n gemaklike, spontane manier die kind se sin vir die self meer duidelik te definieer</p> <p>Om aan die kind geleentheid te bied om keuses uit te oefen ten einde sy sin vir die self en innerlike sterkte te bevorder</p> <p>Die kind se selfkennis uit te bou ten einde hom te bemagtig om selfstellings te kan maak</p> <p>Fokus op polariteit wat die kind in homself en sy omgewing ervaar</p> | <p>Maak 'n plakkaat met prente wat aspekte uitbeeld waarvan kind hou en nie van hou nie. Laat kind telkens 'n rede verskaf waarom hy 'n spesifieke keuse maak (<b>Kreatiewe spel</b>)</p> <p>Sluit sessie af met:<br/>My 3 grootste wense.</p> <p>Laat kind dit teken of prente daarvan soek (<b>Kreatiewe, projektiwe spel</b>)</p>   |
| <b>Sessie 7</b><br><br>Kind leer homself beter ken | <p>Versterking van kind se sin vir die self</p> <p>Versterking van die kind se emosionele bewussyn</p> <p>Bou aan selfondersteuning</p>  | <p>Om deur geselekteerde aktiwiteite die kind se sin vir die self te bevorder</p> <p>Die kind se selfkennis uit te bou ten einde hom te bemagtig om selfstellings te kan maak</p> <p>Fokus op polariteit wat die kind in homself en sy omgewing ervaar</p> <p>Aktiwiteit inbou om die selfondersteuning van die kind te verhoog</p>   | <p>Roosboomfantasie</p> <p>Laat kind probeer om soveel eienskappe as wat hy kan op te noem wat van hom iemand spesiaal maak</p> <p>Laat kind 'n paar van sy minder goeie eienskappe identifiseer</p> <p>Maak 'n lysie van dinge of mense waarteen die kind voel hy homself moet beskerm</p> <p>Laat kind optredes identifiseer hoe hy homself kan beskerm</p> <p>Laat kind 'n paar dinge identifiseer wat hy voel hy nodig het (<b>Kreatiewe en Assesseringspel</b>)</p> |
| <b>Sessie 8</b><br><br>Die kind leer emosies ken   | <p>Versterking van die kind se sin vir die self</p> <p>Op 'n kognitiewevlak gesprek met die kind te voer oor emosies in die algemeen</p> | <p>Bevorder die kind se kontakmaking met die self</p> <p>Om deur middel van aktiwiteite en gesprekvoering die kind se bewussyn van</p>  | <p>Maak van gevoelskaart deur die gevoelsgesiggies te benut (Bylaag G)</p> <p>Teken kind se liggaamskaart met emosies (Bylaag H)</p>   |

|   |   |   |   |
|---|---|---|---|
|   | <p>sodat hy hierdeur gereed word vir bewuswording en uitdrukking van sy eie emosies</p> <p>Holistiese beeldvorming van die kind se emosies, liggaamlike gewaarwordinge en denke met die doel om integrasie te bewerkstellig</p> | <p>verskillende emosies te verhoog</p> <p>Die kind se bewussyn oor die nie-verbale uitdrukking van emosies asook sy liggaam se reaksie daarop te bevorder</p> <p>Die kind die geleentheid te bied om keuses te maak sodat hy daardeur in beheer kan voel</p> <p>Die kind se selfkennis te bevorder</p> <p>Fokus op polariteit wat die kind in homself en sy omgewing ervaar</p> | <p>Teken van verskillende emosionele gesigsuitdrukkings op leë gevoelsgesiggies</p> <p><u>of</u></p> <p>Naboots van verskillende gesigsuitdrukkings en liggaamshoudings van emosies voor 'n spieël</p> <p><u>of</u></p> <p>Mimiek emosies en laat die kind en terapeut om die beurt raai watter emosie die ander uitbeeld</p> <p><u>of</u></p> <p>Gebruik musiekinstrumente om verskillende emosies uit te beeld</p> <p><u>of</u></p> <p>Beeld op 'n geverfde selfportret met verskillende kleure klei uit waar die kind sy emosies beleef</p> <p>Hou vir 'n week 'n lank 'n gevoelsdagboek (<b>Kreatiewe spel</b>)</p> |
| <b>Sessie 9</b><br><br>Kind leer ken sy eie emosie(s) | <p>Die kind se emosies rondom die egskeiding te verken</p> <p>Versterking van die kind se sin vir die self</p> <p>Kind se bewussynsvlakte ten opsigte van homself en sy emosies te verhoog</p>                                  | <p>Aktiwiteit om die kind te bemagtig om sy emosies ten opsigte van die egskeiding te verwoord</p> <p>Bemagtig die kind deur aan hom toestemming te gee om hierdie emosie(s) te mag beleef</p> <p>Bemagtig die kind deur hom bemeesterung en beheer te laat beleef</p>  | <p>Die gevoelsboom (Bylaag E)</p> <p>Laat kind met behulp van die hulpmiddel vertel hoe die egskeiding hom laat voel</p> <p>Benut kind se gevoelskaart en gevoelsdagboek wat in sessie 8 opgetrek is (<b>Assessering en Kreatiewe, projektiwe spel</b>)</p> <p>Sluit sessie af om saam met die kind 'n toring met <i>Jenga</i>-blokkies te bou (<b>Ontspannende spel</b>)</p> <p><u>of</u></p> <p>Speel <i>slangetjies</i> en <i>leertjies</i> maar maak seker die kind kry die geleentheid om te wen</p>   |

### FASE 3: Emosionele uitdrukking

| Tema  | Doelstelling(s)   | Doelwitte   | Aktiwiteite, spelvorme, -tegnieke en mediums   |
|---|---|---|--|
| <b>Sessie 10</b><br><br>Uitdrukking van aggressiewe energie | Om aan die kind ervaringe te voorsien waartydens hy beleef ten einde aan hom die nodige selfondersteuning te voorsien om in kontak te kom met onderdrukte emosies | <p>Om toe te sien dat die aktiwiteite vir die uiting van aggressiewe energie plaasvind binne bepaalde grense ten einde beide die terapeut en die kind se veiligheid te verseker</p> <p>Om deur middel van 'n speelse nie-bedreigende wyse en aktiewe interaksie met die kind aan hom die geleentheid te bied om in kontak met sy aggressiewe energie te kom</p> | Hou 'n bataca -geveg<br>Boks 'n slaansak<br>Hou 'n waterpistool-geveg<br>Trap balonne stukkend<br>Boks nat koerante<br>Kap 'n woedeblok<br>Hou 'n kleigooi-kompetisie<br><b>(Kreatiewe spel)</b> |

### FASE 4: Kind se besitneming van sy onvoltooidhede

| Tema   | Doelstelling(s)   | Doelwitte   | Aktiwiteite, spelvorme, -tegnieke en mediums   |
|--|---|---|--|
| <b>Sessie 11 tot 13</b><br><br>Projektering en besit van emosies | <p>Stel kind in staat om kontak te maak met sy onvoltooide behoeftes</p> <p>Versterking en verhoging van die kind se bewussynsvlakte</p> <p>Versterking van die kind se sin vir die self deur hom te bemagtig</p> <p>Kind se selfondersteuning te verhoog</p> | <p>Benut aktiwiteite om die kind in kontak met sy emosies te bring</p> <p>Om deur middel van projektiwe tegnieke die kind te help om sy emosies te projekteer</p> <p>Om deur middel van Oaklander se 14-stappe hulp aan die kind te verleen om geprojekteerde emosies te besit en sy bewussynsvlakte ten opsigte van emosies en behoeftes daaromtrent te verhoog</p> <p>Aktiwiteit in te bou waardeur die kind homself kan ondersteun</p> <p>Om kind by te staan om</p> | <p>Sandspel met diere, mense en ander objekte (<b>Kreatiewe , projektiwe spel</b>)</p> <p><b>Bibliospel</b> deur middel van 'n poppekas en handpoppe</p> <p>Droomtegniek in sand of geteken (<b>Kreatiewe, projektiwe spel</b>)</p> <p>Egskeidingsboom (Bylaag F)</p> <p>Teken of verf pa en ma se egskeiding (<b>Kreatiewe, projektiwe spel</b>)</p> <p>Benut kind se veilige plekkie soos in sessie 5 hanteer is as afsluiting</p> |

|  |  |  |  |
|--|--|--|--|
|  |  | <p>keuses te maak oor die toepaslike uitdrukking van emosies en die verantwoordelikheid daarvan</p> <p>Om kind by te staan om vaardighede en hanteringstrategieë te bekom vir toekomstige hantering van emosies</p> <p>Bied aan kind toestemming om sekere emosies te mag beleef</p> |  |
|--|--|--|--|

### FASE 5: Bemagtiging van kind deur eie potensiaal en selfvertroeteling

| Tema   | Doelstelling(s)   | Doelwitte  | Aktiwiteite, spelvorme -tegnieke en mediums  |
|--|---|--|--|
| <b>Sessie 14</b><br><br>Ek vertroetel myself | <p>Om aan die kind vaardighede aan te leer om homself te vertroetel deur hom in kontak te bring met daardie deel in homself wat hy onaanvaarbaar vind</p> <p>Om kind by te staan om 'n vertroetelende deel in homself te vind</p> | <p>Om deur middel van 'n projektiwe tegniek die kind in staat te stel om in kontak te kom met daardie deel van homself wat nog vir hom onaanvaarbaar is</p> <p>Om kind by te staan om 'n vertroetelende deel in homself te vind ten einde vaardighede te bekom om die selfvertroetelingsproses uit te brei na die res van die kind se lewe</p> | <p>Monster en leë-stoel tegniek</p> <p>Klei as medium om kind se kleiner self meer konkreet voor te stel</p> <p>Handpop wat goeie feë verteenwoordig om die selfvertroetelingsproses te modelleer (Gedramatiseerde en <b>Kreatiewe, projektiwe spel</b>)</p> |
| <b>Sessie 15</b><br><br>Ek bemagtig myself   | <p>Om die kind deur middel van sy eie potensiaal te bemagtig</p> <p>Die kind te bemagtig om sy eie potensiaal te gebruik om onvoltooidhede te hanteer</p>   | <p>Kind te bemagtig om sy eie positiewe eienskappe in sy omgewing te benut</p> <p>Versterking van die sin vir die self deur identifisering van kind se eie potensiaal</p> <p>Bemagtig die kind om homself te ondersteun</p>  | <p>Maak 'n plakaat of plaksildery van die kind se eie potensiaal</p> <p>Benut die roosboomtegniek vanuit sessie 7 as verwysing</p> <p>Benut die kind se veilige plekkie soos reeds vasgestel is tydens sessie 5 (<b>Kreatiewe spel</b>)</p>                  |

|   |                                      |   |  |
|---|--------------------------------------|---|--|
| <b>Sessie 16</b><br><br>Ek bemagtig myself in my omgewing | Bring kind in balans met sy omgewing | <p>Om die kind se sensitiwiteit en bewussyn ten opsigte van basiese emosies by ander te verhoog</p> <p>Om die kind se begrip dat ander se emosionele respons in 'n soortgelyke situasie mag verskil, te bevorder</p> <p>Om die kind se gespreksvaardighede vir emosionele kommunikasie te bevorder deur emosies by ander te bekragtig</p> | <p><b>Bibliospel</b> deur middel van 'n poppekas om verskillende emosies uit te beeld</p> <p>Gebruik klei om verskillende kleure gevoelsappeltjies aan 'n boom te maak om by die emosies van die karakters van die poppekas aan te pas</p> <p>Identifisering van verskillende karakters in die poppespel se emosies deur gevoelsappeltjies wat elkeen se emosie(s) uitbeeld op 'n papiertekening van die karakter te plaas</p> <p><b>(Kreatiewe en Gedramatiseerde spel)</b></p> |
|---|--------------------------------------|---|--|

### FASE 6: Evaluering, samevatting en terminering

| Tema  | Doelstelling(s)  | Doelwitte  | Aktiwiteite, spelvorme, -tegnieke en mediums  |
|---|--|--|---|
| <b>Sessie 17</b><br><br>Berei kind voor op afsluiting | Om kind voor te berei op terminering deur op 'n samevattende wyse die terapeutiese proses te hersien | <p>Hersiening van emosies en die sensoriese ervaring en hantering daarvan</p> <p>Evaluering van die terapeutiese proses deur opsommend die kind se groei in die benutting van sy eie potensiaal te hersien</p> | <p>Benut kind se lêer of joernaal</p> <p>Benut plakkaat of plaksildery wat gedurende sessie 15 saamgestel is</p> <p><b>(Kreatiewe spel)</b></p>   |
| <b>Sessie 18</b><br><br>Afsluiting                    | Om die terapeutiese proses met die kind te termineer   | <p>Identifisering en hantering van emosies rondom afsluiting ten einde dit nie as 'n onvoltooidheid te laat voortbestaan nie</p>   | <p>Laat kind sy emosies ten opsigte van die terminering teken of uitbeeld in klei</p> <p><b>(Kreatiewe spel)</b></p> <p>Maak van totsienskaartjie met 'n spesiale boodskap</p> <p><b>(Kreatiewe spel)</b></p> |

### 4.3 Samevattung

Deur die benutting van verskillende speltegnieke in die gestaltpelterapeutiese proses kon verlieservarings, gevoelens en gedragsreaksies wat die onderskeie kinder-respondente in die egskeidingsituasie ervaar, verken en beskryf word. Soortgelyke verliese is ook deur sowel die toesighoudend as die nie-toesighoudende ouer as respondenten, geïdentifiseer.

Verlieservarings soos vanuit die literatuurstudie in hoofstuk 2 verken en beskryf, word deur die empiriese studie van hierdie hoofstuk bevestig. Kinders uit egskeidingsituasies ervaar velerlei verliese van uiteenlopende aard wat 'n gevoel van ongeborgenheid, angs en onsekerheid tot gevolg het. Verskeie gedragsreaksies is daarom uitvloeisels van hierdie verliesbelewenisse. Kontakgrensversteurings soos in hoofstuk 3 beskryf is, was duidelik in hierdie hoofstuk identifiseerbaar.

Die spelterapeut wat met die kind in die egskeidingsituasie werk, behoort oor genoegsame kennis rakende die kind se verlieservarings, sy unieke gedragsreaksies daarop asook die verloop van die rouproses waardeur hy beweeg te beskik. Die gestaltbenadering leen hom daartoe om die kind tot voltooiing van sy onvoltooide behoeftes, te lei. Met die daarstelling van 'n gestaltpelterapeutiese riglyn waarmee die spelterapeut die kind met verliesbelewenisse uit egskeidingsituasies kan begelei, was die integrering van inligting vanuit die literatuur en praktyk, moontlik.

Vervolgens word die belangrikste bevindinge, aanbevelings en tekortkominge soos vanuit die trianguleringsproses identifiseer is, in die daaropvolgende hoofstuk uiteengesit.

## HOOFTUK 5

### GEVOLGTREKKINGS, AANBEVELINGS EN MOONTLIKE TEKORTKOMINGE

#### 5.1 Inleiding

Vanuit statistieke beskikbaar is egskeiding aan die toeneem in Suid-Afrika. Dit raak al hoe meer 'n prominente verskynsel in ons samelewing en duisende kinders se lewens word direk daardeur beïnvloed. Soos reeds in hoofstuk twee vasgestel is, bring egskeiding verliese vir die kind mee waarmee lewenslank saamgeleef moet word.

Hierdie studie is gerig deur die uitgangspunt dat kinders in egskeidingsituasies deur terapeute begelei behoort te word, ten einde die verlieservarings wat hul beleef, te hanteer. Die gebrek aan 'n riglyn vir gestaltpelterapeute waarmee hiérdie verliese by die kind in die middelkinderjare aanspreek kan word, is as navorsingsprobleem vir dié studie geformuleer.

Die **doel** van die studie was dus om: '**n Riglyn aan Gestaltpelterapeute vir die hantering van egskeidingsverlies by die kind in die middelkinderjare**', saam te stel. Ten einde in hierdie doel te kon slaag het die navorser deur middel van **triangulering** as inligtinginsamelingstegniek die verlieservarings, gevoelens en gedragsreaksies by die kind in die middelkinderjare, ondersoek. Die benuttingswaarde en toepassingsmoontlikhede van gestaltpelterapie tydens die terapeutiese hantering van hiérdie kind, is ook verken. Vanuit die prosessering en integrering van die bevindinge wat tydens die empiriese ondersoek verkry is, kon 'n **riglyn** bestaande uit ses onderskeie fases, vir die gestaltpelterapeut saamgestel en beskryf word.

## 5.2 Gevolgtrekkings

‘n Aantal gevolgtrekkings wat duidelik toon dat doelwitbereiking vir hierdie studie geslaag het, word vervolgens genoem:

- \* **Doelwit een: Om gedurende die eerste gedeelte van die trianguleringsproses met behulp van ‘n literatuurstudie op drie sentrale temas te fokus, te wete die verkenning en beskrywing van die:**
  - **omvang van verlieservaring deur egskeiding by kind in die middelkinderjare**
  - **totale ontwikkelingsvlak van die kind in die middelkinderjare en**
  - **benuttingswaarde van spelterapie binne die gestaltteoretiese raamwerk asook die toepassingsmoontlikhede van gestaltspelterapie by die kind in ‘n egskeidingsituasie.**

Tydens ‘n omvattende literatuurstudie oor verlieservarings by kinders, het dit aan die lig gekom dat hulpverlening aan die kind in ‘n egskeidingsituasie vir baie jare nie die fokus van kundiges was nie. Daar is hoofsaaklik op hulpverlening aan die ouers gefokus. Enkele navorsers het dit tog gewaag en waardevolle bydraes gelewer, soos wat dit duidelik uit hoofstuk twee blyk. Hierdie historiese navorsingsbronne, is tydens die literatuurondersoek benut en hul bevindinge is deur enkele meer resente bronne, bekratig. Die tendens vandag is dat kundiges al hoe meer besef dat egskeiding aan die toeneem is; en dat dit van belang is dat daar ook op hulpverlening aan die kind gefokus moet word. Enkele resente bronne soos Neuman (1998); Whiteman (2001); Charlish (2003) asook Zimmerman en Thayer (2003) kan uitgesonder word as waardevolle navorsingsbronne rondom die effek van egskeiding op die kind.

Die kind in die middelkinderjare vind dit moeilik om by die egskeidingsituasie aan te pas, vanweë hul ontwikkelingsvlak en beperkte kognitiewe vermoëns. Hul emosionele ontwikkeling verander merkbaar tussen ses- en twaalfjaar.

Emosionele buigsaamheid vind ook tydens hierdie lewensfase plaas. Die kind in hierdie fase is egter by uitstek gereed vir die uitdrukking van gevoelens, omdat konkrete denke verruim word na abstrakte denke en die kind begrip vir emosies, ontwikkel.

Kinders in egskeidingsituasies is blootgestel aan die moontlikheid om verskeie verliese as uitvloei van die egskeiding, te beleef. Tydens die uitgebreide literatuurstudie kon verskeie verliese identifiseer word, wat in praktyk deur beide die ouers en kinders as respondenten, bevestig is.

‘n Volledige rouproses met bepaalde gedragsreaksies eie aan die kind in die middelkinderjare, kom voor. Deur oor voldoende kennis rakende die onderskeie fases van die rouproses te beskik, was dit moontlik om kontakgrensversteurings by die kind te eien. Daardeur is begrip vir die kind en sy unieke omstandighede verhoog.

Die kind in die egskeidingsituasie toon verskillende gedragsreaksies, as uitvloei van bepaalde verliese wat hy ervaar. Intense emosies is hierby betrokke. Aangesien dit eie is aan die Suid-Afrikaanse kultuur om nie die uitdrukking van emosies soos hartseer, bang of kwaad aan te moedig nie, bevind hierdie kind homself in ‘n dilemma. Gevolglik word hierdie emosies onderdruk en dikwels na binne gekeer. Dit gee aanleiding tot kontakgrensversteurings wat die kind aanwend om homself in sy verwonde omstandighede, te handhaaf.

Die gestaltspelerapiebenadering is van waarde deurdat dit ‘n holistiese, prosesgeoriënteerde perspektief daarstel. Daar word aan die kind in totaliteit aandag gegee, en wel ten opsigte van liggaam, siel en emosie/gevoel. Denke en gevoelens word onderskei en voldoende geleentheid word gebied om uitdrukking aan gevoelens wat beleef word, te gee.

‘n Doelstelling van gestaltpelterapie is om die kind tot selfbewussyn te begelei. Deurdat hy verhoogde bewussynsvlake ervaar, raak die kind ook meer geïntegreerd met homself en sy omgewing. Wanneer die kind se selfondersteuning verskerp raak hy selfonderhoudend en kan hy sy gedrag of gevoel in so ‘n mate aanwend om sy balans te herstel. Die kind is dus nie meer van die omgewing afhanklik vir balans in sy funksionering nie.

Gestaltpelterapie bied aan die kind die geleentheid om sy emosie te herken, te benoem, te besit en uit te druk. Deur die benutting van projektiewe tegnieke en ander vorme van spel, word die kind bemagtig om sy gevoelens te ervaar en word derhalwe tot voltooiing van onvoltooidhede gelei. Dit is dus veral toepaslik in die kind se verlieshantering na egskeiding.

Dit is van belang dat die kind tydens die terapeutiese proses genoegsaam geleentheid gegun word om in kontak te kom met hierdie gevoelens, ten einde sy verlieservarings as onvoltooidhede, te besit. Omrede die uitdrukking van gevoelens in gestaltterapie ‘n voorvereiste is vir verandering, leen hierdie benadering hom daartoe vir benutting tydens terapeutiese insette met dié kind.

**\* Doelwit twee: Die trianguleringsproses voort te sit en verdere inligting in te samel deur middel van die empiriese ondersoek met behulp van semi-gestruktureerde onderhoudvoering met ouers as respondentie asook waarneming van twee gevallenstudies.**

‘n Uitgangspunt van gestaltpelterapie is om die kind se bewussynsvlake in die hier-en-nou, te bevorder. Dit is veral van waarde tydens terapie aan die kind uit ‘n egskeidingsituasie, aangesien die kind dikwels daartoe neig om vanweë die intensiteit van sy verlieservaring, kontak met die realiteit te verbreek.

Die terapeutiese verhouding vorm binne gestaltpelterapie, die basis en raamwerk waarbinne daar kontak gemaak word met die kind. Binne hierdie

verhouding moet die kind onvoorwaardelike aanvaarding, respek, vertroue en geborgenheid ervaar. Hy moet sondermeer veilig voel om homself te kan wees, sy gevoelens te verwoord en te besit. Aangesien dit vanuit die literatuur en praktyk duidelik is dat hiérdie kind dikwels probleme ervaar om ander en homself te vertrou, kan die kind deur middel van die terapeutiese verhouding weer tot selfvertroue en vertroue in ander rolspelers, begelei word.

Dit was moontlik om beide die ouers en kinder-respondente, as kundiges by die ondersoek te betrek. Inligting bekom vanuit kontak met hiérdie kundiges kan as waardevol en bruikbaar vir hierdie studie beskou word.

Kwalitatief was dit moontlik om verlieservarings, gevoelens en gedragsreaksies by die kind in die middelkinderjare te identifiseer deur die benutting van selfontwerpde hulpmiddels tydens die semi-gestruktureerde onderhoudvoering met ouers as respondentie asook tydens die terapeutiese proses met twee kinders as gevallenstudies.

**\* Doelwit drie: ‘n Riglyn vanuit die gestaltbenadering, wat egskeidingsverlies by die kind in die middelkinderjare sal aanspreek, vanuit die drie genoemde inligtingsbronne saam te stel.**

Inligting vanuit die trianguleringsproses kon neerslag vind in die samestelling van ‘n riglyn aan gestaltspelterapeute vir die hantering van egskeidingsverlies by die kind in die middelkinderjare.

Dit was moontlik om vanuit die gestaltbenadering ‘n riglyn vir spelterapeute saam te stel waarmee die kind tot selfbewussyn, integrasie en selfondersteuning begelei kon word.

### 5.3 Aanbevelings

Die volgende aanbevelings kan gemaak word:

Dit is nodig vir die gestaltpelterapeut om oor genoegsame kennis, praktiese opleiding en praktykervaring ten opsigte van die kind, sy verlieservarings, gevoelens en gedragsreaksies te beskik alvorens enige terapeutiese insette gelewer word.

Gestaltpelterapie bied moontlikhede om kinders in egskeidingsituasies te begelei. Opgeleide gestaltpelterapeute kan die kind begelei om uitdrukking aan gevoelens te gee en toepaslike hanteringstrategieë aan te leer. Hierdeur kan voorkom word dat fragmentering en kontakgrensversteurings ontstaan. Bewustheid, integrasie en selfondersteuning as doelstelling van gestaltpelterapie, word dus voorgestaan.

Hierdie riglyn, soos saamgestel is vanuit die navorsingsproses van hierdie studie, kan deur gestaltpelterapeute benut word tydens hulpverlening aan die kind in die middelkinderjare, wie verlies deur egskeiding beleef.

Gestaltpelterapeute kan vry voel om die sessies soos uiteengesit in die betrokke riglyn, aan te pas en te verander na gelang van die behoefté of proses van die kinderkliënt. Dit word egter aanbeveel dat daar gehou sal word by die verloop van die fases van die terapeutiese proses omrede die kind nodig het om oor genoegsame egofunksionering te beskik, ten einde sy projeksies te kan besit.

Die werkbaarheid van hierdie riglyn deur gestaltpelterapeute getoets en evalueer word, ten einde sinvolle hulpverlening aan die kind in 'n egskeidingsituasie te verhoog.

Werkbaarheid van hierdie riglyn te toets by die kind vanuit 'n ander ontwikkelingsfase soos byvoorbeeld die voorskoolse kind en adolescent.

Die werkbaarheid van hierdie riglyn in groepsverband te toets ten einde vas te stel of dit ook die betrokke groeplede tot selfbewussyn, integrasie en selfondersteuning kan begelei.

Inligting, rakende die verlieservarings en rouproses eie aan die kind uit 'n egskeidingsituasie soos uiteengesit in hoofstuk 2 van hierdie studie, beskikbaar te stel aan ouers wat van voornemens is om te skei. Insig kan moontlik daardeur ontwikkel word dat egskeiding nie net bloot die wetlike beeïndiging van die huwelik impliseer nie, maar veel meer behels. Motivering vir aanmelding om terapeutiese hulp kan hieruit voortspruit, wat tot herstelde funksionering mag lei.

Ouers wat reeds geskei is kan deur middel van hierdie inligting bewus gemaak word van die verlieservarings en gepaardgaande rouproses waarmee hul kinders gekonfronteer word. Begrip vir die kind en sy omstandighede kan so bewerkstellig word. Ouers kan dienooreenkomsdig bemagtig word, om verlieservarings, gevoelens en gedragsreaksies van hul kinders self aan te spreek.

## **5.4 Moontlike tekortkominge**

Die volgende moontlike tekortkominge is geïdentifiseer:

Die feit dat hierdie riglyn slegs vir speltherapeute wat opgelei is in die gestaltbenadering saam gestel is, plaas 'n beperking op die veelsydige benutting daarvan.

Die tydsaspek wat gekoppel is aan die terapeutiese proses soos uiteengesit is in die riglyn, kan moontlik as nadeel hiervan beskou word. Die agtien sessies impliseer dat die kind vir 'n periode van bykans vier en 'n half maande in terapie sal moet wees. Dit impliseer 'n finansiële uitgawe vir die ouers.

## 5.5 Slotopmerking

Egskeiding bring noodwendig vir die kind daarby betrokke, verliese mee. Die kind reageer met bepaalde gedragsreaksies op hierdie verlieservaring en verskillende fases van die rouproses moet deurloop word, ten einde die kind tot aanvaarding te begelei.

Gestaltspelterapie bied geleenthede vir die spelterapeut om die kind in egskeidingsituasies te begelei, deur sy verlieservarings aan te spreek. Vanuit die gestaltbenadering was dit moontlik om 'n riglyn aan gestaltspelterapeute vir die hantering van egskeidingsverlies by die kind in die middelkinderjare, saam te stel. Hiérdie riglyn kan as prakties, toepasbaar en uitvoerbaar beskou word.

## BRONNELYS

- Aronstam, M. 1989. Gestaltterapie. In ***Suid-Afrikaanse Handboek van Abnormale gedrag***. Redigeer deur D.A. Louw. Johannesburg: Southern.
- Babbie, E. & Mouton, J. 2001. ***The Practise of Social Research***. 9<sup>th</sup> Edition. Belmont, CA: Wadsworth/Thomson.
- Blaikie, N. 2000. ***Designing Social Research***. Cambridge: Polity Press.
- Berg, L. 2003. Children's stories of parental breakup. In ***Children and the changing family. Between transformation and negotiation***. Edited by A. Jensen and L. McKee. London: Routledge Falmer.
- Berner, R.T. 1992. ***Parents whose parents were divorced***. New York: Haworth.
- Blom, B. 2000. 'n Gestaltpelterapeutiese hulpprogram in Maatskaplike Werk vir Juniorprimêre skoolkinders se Emosionele Intelligensie. Ongepubliseerde Ph. D Proefskrif (Maatskaplike Werk). Bloemfontein: Universiteit van Oranje Vrystaat.
- Blom, R. 2004a. ***Handbook of Gestalt play therapy. Practical guidelines for child therapists***. Fichardtpark: Druiforma.
- Blom, R. 2004b. ***Praktiese vaardighede in gestaltpelterapie. 'n Inleidende kursus***. Kursusaantekeninge. Bloemfontein.
- Bloom, M. & Fisher, J. 1982. ***Evaluating Practise. Guidelines for the accountable professional***. New Jersey: Prentice-Hall.
- Botha, D. 1997. ***Die identifisering van stres by kleuters van geskeide ouers***. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling (Sielkunde). Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Boyd Webb, N. 1999. The child witness of parental violence. In ***Play Therapy with Children***. 2<sup>nd</sup> Edition. Edited by N. Boyd Webb. New York: Guilford Press.
- Charlish, A. 2003. ***Caught in the middle. Helping children cope with separation and divorce***. London: Cassell Illustrated.
- Clarkson, P. 1989. ***Gestalt Counseling in Action***. London: SAGE.
- Clarkson, P. & Mackewn, J. 1994. ***Fritz Perls***. London and New Delhi: SAGE.

Cohen, O. & Ronen, T. 1999. Young children's adjustments to their parents' divorce as reflecting in their drawings. *Journal of Divorce and Remarriage*, 30(1-2): 47-70.

Delport, C.S.L. 2002. Quantitative data collection methods. In ***Research at Grass Roots for Social Sciences and Human Professions***. 2<sup>nd</sup> Edition. Edited by A.S.de Vos. Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S. 2002a. Qualitative data analysis and interpretation. In ***Research at Grass Roots for Social Sciences and Human Professions***. 2<sup>nd</sup> Edition. Edited by A.S.de Vos. Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S. 2002b. Combined quantitative and qualitative approach. In ***Research at Grass Roots for Social Sciences and Human Professions***. 2<sup>nd</sup> Edition. Edited by A.S. de Vos. Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S. 2002c. Scientific theory and professional research. In ***Research at Grass Roots for Social Sciences and Human Professions***. 2<sup>nd</sup> Edition. Edited by A.S. de Vos. Pretoria: Van Schaik.

Egskeidingswet. **Wet 63 van 1985**.

Ellis, E.M. 2000. **Divorce Wars**. Washington: American Psychological Assosiation.

Emery, R. E. 1999. Postdivorced Family life for children. In ***The Postdivorced family***. Edited by A. Thompson and P.R. Amato. California: Sage.

Everett, C.A. 1989. **Children of Divorce: Developmental and clinical issues**. New York: Haworth.

Ferreira, S.B. & Read, M.C. 2004. Gestalt play therapy with grieving and traumatised children. In ***Handbook of Gestalt play therapy. Practical guidelines for child therapists***. Edited by R. Blom. Fichardtpark: Druiforma.

Fisher, R.L. 1999. Children in changing families: Result of a pilot study of a program for children of separation and divorce. **Association of Family and Conciliation Courts**, 37(2): 240-256.

Fouché, C.B. 2002a. Problem formulation. In ***Research at Grass Roots. For the Social Sciences and Human Service Professions***. 2<sup>nd</sup> Edition. Edited by A.S. de Vos. Pretoria: Van Schaik.

Fouché, C.B. 2002b. Research Strategies. In ***Research at Grass Roots. For the Social Sciences and Human Service Professions***. 2<sup>nd</sup> Edition . Edited by A.S. de Vos. Pretoria: Van Schaik.

Fouché, C.B. 2002c. Selection of a researchable topic. In ***Research at Grass Roots. For the Social Sciences and Human Service Professions.*** 2<sup>nd</sup> Edition . Edited by A.S. de Vos. Pretoria: Van Schaik.

Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2002a. Introduction to the research process. In ***Research at Grass Roots. For the Social Sciences and Human Service Professions.*** 2<sup>nd</sup> Edition. Edited by A.S. de Vos. Pretoria: Van Schaik.

Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2002b. The place of theory and the literature review in the Qualitative approach to research. In ***Research at Grass Roots. For the Social Sciences and Human Service Professions.*** 2<sup>nd</sup> Edition. Edited by A.S. de Vos. Pretoria: Van Schaik.

***First Baseline Document for the development of a National Policy for Families.*** July 2003.

Gardner, R.A. 1976. ***Psychotherapy with Children of Divorce.*** United States of America: New York.

Geldard, K. & Geldard, D. 1997. ***Counseling Children. A Practical Introduction.*** London: SAGE.

Gouws, L.A.; Louw, D.A.; Meyer, W.F. & Plug, C. 1987. ***Psigologie Woordeboek.*** 2de Uitgawe. Johannesburg: McGraw-Hill.

Goldstein, S. 1987. ***Divorce Parenting. How to make it work.*** London: Methuen.

Greeff, M. 2002. Information collection: interviewing. In ***Research at Grass Roots. For the Social Sciences and Human Service Professions.*** 2<sup>nd</sup> Edition. Edited by A.S. de Vos. Pretoria: Van Schaik.

Hart, A.D. 1982. ***Children and divorce. What to expect, how to help.*** Texas: Word Book.

Hart, C. 1998. ***Doing a Literature Review. Releasing the Social Science Research Imagination.*** London: SAGE.

Herbert, M. & Harper-Dorton, K. 2002. ***Working with children, adolescents and their families.*** 3<sup>rd</sup> Edition. London: MPG Books Limited.

Humphreys, T. 2002. ***Self-esteem: The key to your child's future.*** Scotland: Newleaf.

- Jensen, A. & McKee, L. 2003. Theorising Childhood and Family Change. In *Children and the changing Family. Between transformation and negotiation.* Edited by A. Jensen and L. McKee. London: Routledge Falmer.
- Joyce, P. & Sills, C. 2001. ***Skills in Gestalt Counseling and Psychotherapy.*** London: SAGE.
- Landreth, G.L. 1991. ***Play therapy: The art of the relationship.*** Indiana: Accelerated Development.
- Latner, J. 1986. ***The Gestalt Therapy Book.*** New York: Gestalt Journal Press.
- LeFrancois, G.R. 1992. ***Of Children: An Introduction to Child Development.*** 7<sup>th</sup> Edition. California: Wadsworth.
- Louw, D.A.; Van Ede, D.M. & Ferns, I. 1998. Die middelkinderjare. In ***Menslike Ontwikkeling.*** 3de Uitgawe. Geredigeer deur D.A. Louw, D.M. van Ede & A.E. Louw. Pretoria: Kagiso Tersiér.
- Magill, F.W. & Rodrigues, J. (Eds) 1996. ***International Encyclopedia of Psychology: Volume one.*** Chicago: Fitzroy Dearborn.
- Morgan, S.R. 1985. ***Children in Crisis.*** London: Taylor & Francis, College Hill Press.
- Mouton, J. 2002. ***Understanding Social Research.*** Pretoria: Van Schaik.
- Mouton, J. & Marais, H.C. 1992. ***Basiese Begrippe: Metodologie van die geesteswetenskappe.*** Pretoria: RGN-Uitgewers.
- Moxnes, K. 2003. Children coping with parental divorce: What helps, what hurts? In *Children in the changing family. Between transformation and negotiation.* Edited by A. Jensen and L. McKee. London: Routledge Falmer.
- Neuman, M.G. 1998. ***Helping Your Kids Cope with Divorce the Sandcastles Way.*** New York: Random House.
- Oaklander, V. 1988. ***Windows to our children. A Gestalt therapy approach to children and adolescents.*** 2<sup>nd</sup> Edition. New York: The Gestalt Journal Press.
- Oaklander, V. 1992. The relationship of Gestalt therapy to children. ***The Gestalt Journal,*** 5(1): 64-74.
- Oaklander, V. 1994a. From meek to bold. A case study of Gestalt play therapy. In ***Play Therapy in Action: A casebook for Practitioners.*** Edited by T. Kottman and C. Schaefer. London: Jason Aronson.

- Oaklander, V. 1994b. Gestalt play therapy. In ***Handbook of play therapy Volume Two: Advances and Innovations***. Edited by K.J. O'Conner and C.E. Schaefer. New York: Wiley Interscience.
- Oaklander, V. 1997. The therapeutic process with children and adolescents. ***Gestalt Review***, 1(4): 292-317.
- Oaklander, V. 2000. Short term Gestalt Play Therapy for Grieving Children. In ***Short term play therapy for children***. Edited by H.G. Kaduson and C.E. Schaefer. New York: Guilford Press.
- Odendal, F.F.; Schonees, P.C.; Swanepoel, C.J.; Du Toit, S.J. & Booyens, C.M. 1992. ***HAT: Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal***. Derde uitgawe. Midrand: Perskor.
- Osuna, J.P. & Boyd Webb, N. 1999. A suicide uncovers multiple family problems. In ***Play Therapy with Children***. 2<sup>nd</sup> Edition. Edited by N. Boyd Webb. New York: Guilford Press.
- Perls, F.S. 1973. ***The Gestalt approach and eye witness to therapy***. New York: Bantam Books.
- Perls, F.S.; Hefferline, R.F. & Goodman, P. 1951. ***Gestalt therapy: Excitement and Growth in the human personality***. United States of America: Penguin.
- Poggenpoel, M. 1998. Data Analysis in Qualitative research. In ***Research at Grass Roots Level: A Primer for the Caring Professions***. Edited by A.S. de Vos. Pretoria: Van Schaik.
- Pretorius, A.M. 1993. ***Die ontwikkeling en evaluering van 'n ouerbegeleidingsprogram vir die enkelouergesin***. Ph.D.-proefskrif (Sielkunde). Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- Read, M. 2002: ***'n Gestaltanalise van die laerskoolkind se verlieservarings in egskeidings***. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- Robinson, H. 1999. Unresolved conflicts in a divorced family: The case of Charlie. In ***Play therapy with children in crisis***. 2<sup>nd</sup> Edition. Edited by N. Boyd Webb. New York: Guilford Press.
- Robinson, M.; Butler, I.; Scanlan, L.; Douglas, G. & Murch, M. 2003. Children's experience of their parents' divorce. In ***Children and the changing family. Between transformation and negotiation***. Edited by A. Jensen and L. McKee. London: Routledge Falmer.

- Schoeman, J.P. 1996a. Sensory contact with the child. In ***Entering the Child's world. A Play therapy approach.*** Edited by J.P. Schoeman and M. van der Merwe. Pretoria: Kagiso Tertiary.
- Schoeman, J.P. 1996b. Projection techniques. In ***Entering the Child's world. A Play therapy approach.*** Edited by J.P. Schoeman and M. van der Merwe. Pretoria: Kagiso Tertiary.
- Schoeman, J.P. 1996c. Fantasy, metaphor and imagination. In ***Entering the Child's world. A Play therapy approach.*** Edited by J.P. Schoeman and M. van der Merwe. Pretoria: Kagiso Tertiary.
- Schoeman, J.P. 1996d. The art of the relationship with children. A Gestalt approach. In ***Entering the Child's world. A Play therapy approach.*** Edited by J.P. Schoeman and M. van der Merwe. Pretoria: Kagiso Tertiary.
- Schoeman, J.P. 1996e. Handling aggression in children. In ***Entering the Child's world. A Play therapy approach.*** Edited by J.P. Schoeman and M. van der Merwe. Pretoria: Kagiso Tertiary.
- Schoyer, N.L. 1980. Divorce and the pre-school child. ***Childhood Education,*** 57(1): 2-7.
- Schurink, E.M. 1998a. Deciding to use a Qualitative Research approach. In ***Research at Grass Roots Level: A Primer for the Caring Professions.*** Edited by A.S. de Vos. Pretoria: Van Schaik.
- Schurink, E.M. 1998b. Designing Qualitative Research. In ***Research at Grass Roots Level: A Primer for the Caring Professions.*** Edited by A.S. de Vos. Pretoria: Van Schaik.
- Shaffer, D.R. 1999. ***Developmental Psychology. Childhood & Adolescence.*** 5<sup>th</sup> Edition. United States of America: Brooks/Cole Publishing Company.
- Shapiro, P.G. 1994. ***A Parents guide to childhood and adolescent depression.*** New York: Bantam Doubleday Dell Publishing Group.
- Sharman, C.; Cross, W. & Vennis, D. 2000. ***Observing Children: A Practical guide.*** 2<sup>nd</sup> Edition. New York: Continuum.
- Sherman, E. & Reid, W.J. 1994. ***Qualitative research in Social Work.*** New York: Colombia University Press.
- Spilke, F.S. 1979. ***What about the children? A divorced parent's handbook.*** New York: Crown.

- Statistics South Africa. 2002. *Marriages and divorces 1999*. Pretoria: State Press.
- Strydom, H. 2002a: Information Collection: Participant observation. In ***Research at Grass Roots. For the Social Sciences and Human Service Professions***. 2<sup>nd</sup> Edition. Edited by A.S. de Vos. Pretoria: Van Schaik.
- Strydom, H. 2002b: Ethical aspects of Research in Social Sciences and Human Service Professions. In ***Research at Grass Roots. For the Social Sciences and Human Service Professions***. 2<sup>nd</sup> Edition. Edited by A.S. de Vos. Pretoria: Van Schaik.
- Strydom, H. & Venter, L. 2002. Sampling and sampling methods. In ***Research at Grass Roots. For the Social Sciences and Human Service Professions***. 2<sup>nd</sup> Edition. Edited by A.S. de Vos. Pretoria: Van Schaik.
- Thompson, C.L. & Rudolph, L.B. 2000. ***Counseling Children***. 5<sup>th</sup> Edition. California: Brooks/Cole Publishing Company.
- Tiemann, A.R., Danto, B.L. & Gullo, S.V. 1992. ***Divorce Shock. Perspectives on Counseling and Therapy***. Philadelphia: The Charles Press Publishers.
- Timms, N. & Timms, R. 1982. ***Dictionary of Social Welfare***. London: Routledge and Kegan Paul.
- Tugendhat, J. 1990. ***What Teenagers can tell us about divorce and stepfamilies***. Bloomsbury Publishing: London.
- Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk. 1995. ***Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk: Hersiene en uitgebreide uitgawe***. Kaapstad: CTP.
- Van der Merwe, M. 1991. ***Maatskaplikewerk-beraad met jong kinders in egskeidingsituasies met fokus op speeltegnieke***. Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Van der Merwe, M. 1994. A social work model for short term intervention with young children of divorce. ***Social Work Practise***, July(2): 10-15.
- Van der Merwe, M. 1996a. Basic components of play therapy. In ***Entering a child's world. A play therapy approach***. Edited by J.P. Schoeman and M. van der Merwe. Pretoria: Kagiso Tertiary.
- Van der Merwe, M. 1996b. Relaxation play. In ***Entering a child's world. A play therapy approach***. Edited by J.P. Schoeman and M. van der Merwe. Pretoria: Kagiso Tertiary.

Van der Merwe, M. 1996c. Assessment play. In ***Entering a child's world. A play therapy approach.*** Edited by J.P. Schoeman and M. van der Merwe. Pretoria: Kagiso Tertiary.

Van der Merwe, M. 1996d. Biblio-play. In ***Entering a child's world. A play therapy approach.*** Edited by J.P. Schoeman and M. van der Merwe. Pretoria: Kagiso Tertiary.

Van der Merwe, M. 1996e. Dramatic play. In ***Entering a child's world. A play therapy approach.*** Edited by J.P. Schoeman and M. van der Merwe. Pretoria: Kagiso Tertiary.

Van der Merwe, M. 1996f. Creative play. In ***Entering a child's world. A play therapy approach.*** Edited by J.P. Schoeman and M. van der Merwe. Pretoria: Kagiso Tertiary.

Van Seters, W. 1980. ***Kind, gezin en echtscheiding.*** Slaterus: Van Loghum.

Van Staden, S. 1987. ***My huwelik het misluk.*** Pretoria: Owen Burgess Uitgewers.

Van Staden, S. 1992. ***Om heel te word: Huweliks- en egskeidingsberaad vanuit 'n gesinsperspektief.*** Pretoria: HAUM- De Jager Uitgewers.

Van Zyl, L. 1997. ***Divorce mediation and the best interests of the child.*** Pretoria: HSRC.

Von Caues, M.E. 1993. ***Enkele belewenismomente van die kind in die egskeidingsituasie met besonderse verwysing na die rol van die vrou as toesighoudende ouer.*** Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Wade, A. & Smart, C. 2003. As fair as it can be? Childhood after divorce. In ***Children and the changing family. Between transformation and negotiation.*** Edited by A. Jensen and L. McKee. London: Routledge Falmer.

Wallerstein, J.S. 1983. Children of divorce: The psychological tasks of the child. ***American Journal of Orthopsychiatry***, 53(2): 116-123.

Wallerstein, J.S. 1985. The overburdened child: Some long-term consequences of divorce. ***Social Work***, 30(2): 116-123.

Wallerstein, J.S. & Blakeslee, S. 1989. ***Second Changes.*** London: Bantam Press.

West, J. 1996. ***Child centred Play therapy.*** 2<sup>nd</sup> Edition. London: Arnold.

- Whiteman, T.A. 2001. *Your Kids and Divorce. Helping Them Grow beyond the Hurt.* United States of America: Fleming.H Revell.
- Wordon, J.W. 1996. *Children and grief. When parents dies.* New York: Guilford Press.
- Yontef, G.M. 1993. *Awareness, Dialogue and Process: Essays on Gestalt therapy.* United States of America: Gestalt Journal Press.
- Yontef, G.M. & Jacobs, L. 2000. Gestalt Therapy. In *Current Psychotherapies.* 6<sup>th</sup> Edition. Edited by R.J. Corsini and D. Wedding. Illinois: Peacock.
- Yontef, G.M. & Simkin, J.S. 1989. Gestalt Therapy. In *Current Psychotherapies.* 4<sup>th</sup> Edition. Edited by R.J. Corsini and D. Wedding. Illinois:Peacock.
- Zaaiman, S.J. 2003. *Navorsingslyskool. MDiac Spelterapie.* Wellington: Hugenote Kollege.
- Zimmerman, J. & Thayer, E.S. 2003. *Adult children of divorce. How to overcome the legacy of your parents' breakup and enjoy love, trust and intimacy.* Canada: New Harbinger Publications.
- Zubernis, L.S. & Cassidy, K.W. 1999. Prevention of depressive symptoms in pre-adolescent children of divorce. *Journal of Divorce and Remarriage*, 30(1-2): 11-36.
- Zwarts, H.L. 1999. *Die implementering van groepsterapie by adolesente koshuisdogters, waarvan die ouers geskei is.* Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Unisa.

**BYLAAG A**

## Beatrix J.van Rensburg

Maatskaplike Werker in Privaatpraktyk  
 Kinder - & Gesinsterapeut  
 BA MW 1V UP  
 Praktyknommer: 089 000 0094 5005

Gordonweg 83  
 Somerset Wes

Sel: 082 7795293  
 10 Junie 2004

---

### Lieve Ouers

Ek is tans besig met my meestersgraad in Spelterapie / *Playtherapy* aan die Universiteit van Suid Afrika in samewerking met die Sentrum vir Spelterapie en Opleiding te Wellington. Vir 'n deel van hierdie studie het ek 'n in diepte navorsingsondersoek geloods wat spesifiek fokus op verlieservaringe wat kinders na 'n **egskeiding** beleef en hoe dit hul gedragsreaksies direk beïnvloed. Die doel daarvan is om daarna 'n spelterapeutiese riglyn saam te stel waarmee kinders deur die egskeidingstrauma begelei sal word ten einde hul in staat te stel om hul verliesbelewenisse te verwerk en emosioneel weer sterk genoeg te word om aan te gaan met hul normale funksionering.

Graag verneem ek of daar enige kinders is wat graag aan hierdie navorsing sal wil deelneem. U kind kwalificeer as u enige tyd sedert April 2003 geskei is. U kind sal tydens skoolure ingeskakel word by 10 spelterapeutiese sessies van 60 minute elk. U kind sal een keer per week 'n sessie moet bywoon. Periodes soos kuns en kultuur, sport of sang sal benut word om te verseker hy/sy word die minste tydens sy skooldag ontwrig. Sessies is vertroulik en u en u kind se identiteit sal te alle tye beskerm word.

Omrede sessies deel uitmaak van my navorsingsondersoek sal hierdie diens gratis verskaf word. Kontak so **gou as moontlik** indien u sou belangstel om u kind by hierdie projek in te skakel.

Beatrix J. van Rensburg

**Beatrix J.van Rensburg**

Maatskaplike Werker in Privaatpraktyk

BA MW 1V UP

Praktyknommer: 089 000 0094 5005

*Gordonweg 83**Somerset Wes**Selno: 082 7795293**10 Junie 2004***Toestemmingsvorm**

Hiermee gee ek ouer van ..... Gebore .....

Graad ..... skriftelik toestemming dat my kind aan die navorsingsondersoek rakende verlieservarings van kinders na egskeiding, mag deelneem. Ek dra kennis dat my kind betrek gaan word by 'n gestaltpelterapeutiese program wat ongeveer 10 weke sal duur. Met betrekking tot die egskeiding word daar met hierdie terapeutiese sessies konsentreer op die kind se verliesbelewenisse en sal daar aan hom /haar die geleentheid gebied word vir toepaslike emosionele uitdrukking.

Ek gee toestemming dat gebeure tydens sessies op kasette en /of video-bande opgeneem en aangeteken word vir navorsingsdoeleindes. U kind se identiteit sal egter deurgaans beskerm word deurdat geen persoonlike of identifiserende inligting genoem of gebruik sal word nie.

Ek onderneem om nie my kind voor die voltooiing van die program van enige terapeutiese sessie/s te onttrek nie. Ek sal toesien dat my kind weekliks, volgens die ooreengekome afspraak tydens skoolure, vir die sessies sal opdaag.

Ek onderneem om sover dit binne my vermoë is, aan bogenoemde verwagtinge te voldoen en verstaan die belangrikheid daarvan dat my kind die geleentheid moet hê om die volle program te deurloop.

Naam:.....

Tel:.....

Geteken:.....

Datum:.....

**BYLAAG C**

**Hulpmiddel vir gesprekvoering tydens die onderhoudeoer met beide toesighoudende en nie-toesighoudende ouers**

**Die volgende lys van vrae is aan die ouer gevra om gesprekvoering te stimuleer:**

1. In hoe 'n mate het die egskeiding kontak tussen u en u kind(ers) beïnvloed?
2. In hoe 'n mate het u en u kind(ers) se lewensomstandighede na afloop van die egskeiding, verander?
3. In hoe 'n mate het uself al die egskeiding verwerk?
4. Wat is die kontak tussen uself en die ander ouer?
5. Kan u kind(ers) staatmaak op beloftes wat gemaak word?
6. Hoeveel tyd spandeer u en u kind(ers) fisiek met mekaar?
7. Wat is u en u kind se kontak met die familie van die ander ouer?
8. Wat is die kontak tussen u kind(ers) en die ander ouer?
9. In hoe 'n mate sou u sê het u kind(ers) die egskeiding verwerk?
10. Watter gedragsprobleme het u kind(ers) na afloop van die egskeiding getoon?
11. In hoe 'n mate het woede uitbarstings na die egskeiding by u kind(ers) voorgekom?
12. In hoe 'n mate het die egskeiding u kind(ers) se skolastiese vordering beïnvloed?
13. In hoe 'n mate het die volgende reaksies by u kind(ers) voorgekom:
  - huilerigheid
  - herenigingsfantasering
  - regressie / hipervolwassenheid
  - depressie
  - skuldgevoelens

**BYLAAG D****Onvoltooide sinnetoets**

1. Ek hou van.....
2. Die gelukkigste oomblik is.....
3. Ek wens.....
4. My maats.....
5. Ek voel hartseer oor.....
6. As ek gaan slaap.....
7. Ek wil baie graag.....
8. Ek is op my gelukkigste.....
9. My ma is.....
10. My pa is.....
11. Ek is bang.....
12. Wat ek nodig het is.....
13. Dit pla my as.....
14. Ek is jammer.....
15. Ek is baie lief vir.....
16. Ek kan nie.....
17. As ma en pa baklei.....
18. Ek kan nie verstaan hoekom.....
19. Ek is bekommerd oor.....
20. Ek word kwaad vir.....
21. Dit is my skuld.....
22. Ek verlang.....
23. As ek huil.....
24. Ek wonder soms of .....
25. Ek voel alleen.....
26. Ek wens ek kon vir pa sê.....
27. As ek dinge kon verander .....
28. Ek wens ek kon vir ma sê.....
29. Ek verkies.....
30. Oupa en ouma.....
31. Ek mis.....
32. Skool is.....
33. In die skool.....
34. Egskeiding.....







